

'n FunkSIONALISTIESE benadering tot Bybelvertaling

Catherina Susanna Basson

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad van Magister Philosophiae in Vertaling
aan die Universiteit van Stellenbosch.



Studieleier: Dr AE Feinauer
Mede-studieleier: Prof CHJ van der Merwe

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Opsomming

In hierdie studie word ondersoek ingestel na die rol wat die funksionalistiese benadering tot vertaling in Bybelvertaling kan speel. Sommige praktiserende vertalers het 'n beperkte siening van funksionalisme en koppel dit uitsluitlik aan 'n instrumentele vertaling en die noodwendige onttroning van die bronteks.

In Bybelvertaling is die status van die bronteks een van die belangrikste kwessies. Met die funksioneel-ekwivalente benadering word hierdie status aangetas om 'n Bybelvertaling te kan lewer wat primêr as sendinginstrument gebruik kan word. Die funksionalistiese benadering bied egter die moontlikheid om 'n vertaling daar te stel wat dokumentêr-eksotiserend is, maar ook aan die leser daarvan bykomende kulturele inligting kan gee sodat die kultuurgaping oorbrug kan word.

Hierdie spesifieke skopos is reeds toegepas in 'n funksionalistiese vertaling van die Nuwe Testament in Duits. Gedeeltes uit hierdie vertaling, asook uit die NAV (1983), word kwalitatief ondersoek om te sien hoe bykomende kulturele inligting die leser kan help om die andersheid van die antieke Bybelse teks beter te kan verstaan.

In 'n empiriese ondersoek is teksgedeeltes uit die NAV en teksgedeeltes met bykomende kulturele inligting aan persone wat gereeld Bybelstudie doen, voorgelê. Hierdie lesers het die vertaling met die bykomende kulturele inligting baie positief ontvang.

In die literatuurondersoek word die funksionalistiese benadering tot vertaling, ook genoem die skopos-teorie, breedvoerig bespreek en vergelyk met die funksioneel-ekwivalensie-benadering en die nuwer relevansie-teorie soos deur Gutt op vertaling van toepassing gemaak. Die verskillende aspekte van kultuur in vertaling kry ook aandag.

Die funksionalistiese benadering bied die moontlikheid om ander skopoi en ander teikenlesers te identifiseer. In 'n verdere studie kan die toepassing van hierdie benadering op die vertaling van die Ou Testament ondersoek word. Die funksionalistiese benadering kan ook gebruik word by die vertaling van ander antieke religieuse tekste soos die *Koran* en die *Torah*. Die voordele van samewerking tussen kenners van die brontaal en -kultuur en praktiserende vertalers word uitgewys. In so 'n geval sal 'n duidelike skopos aan die kenners die raamwerk verskaf waarbinne 'n vertaling met 'n spesifieke doel en teikengroep aangepak kan word.

Die funksionalistiese benadering kan breedweg toegepas word om sowel instrumentele as dokumentêre vertalings in te sluit. In die geval van Bybelvertaling bied die dokumentêr-eksotiserende vertaling 'n raamwerk waarbinne die bronteks van die Bybel verantwoordbaar in berekening gebring kan word. Die reikwydte van funksionalisme is egter sodanig dat dit enige tipe vertaling kan insluit op voorwaarde dat 'n duidelike skopos vir elke afsonderlike vertaling gedefinieer word.

Abstract

The functional approach to translation is investigated in the context of Bible translation. For some practising translators, functionalism has application only in the production of instrumental translations, and for them this approach will inevitably lead to the dethroning of the source text.

In Bible translation the status of the source text is very important. With the functional equivalence approach this status is disregarded in an effort to produce a Bible translation that can be used as a missionary instrument. Within functionalism, however, a documentary-exoticising translation can retain the status of the source text and can have the skopos to bridge the cultural gap between Biblical times and the modern world by adding cultural information.

This was the skopos of a functional translation of the New Testament in German. Examples from this translation, as well as examples from the NAV (1983), were examined qualitatively to see how additional cultural information could assist the target reader in understanding the otherness of the ancient Biblical text.

An empirical investigation was done. Text fragments from the NAV (1983), with cultural information added, were presented to people who study the Bible regularly. The response to the additional cultural information was very positive.

The focus in the literature study was on the functional approach to translation, also known as skopos theory. This was compared with the functional equivalence approach as well as the newer relevance theory approach as described by Gutt. Attention was also given to the importance of culture in translation.

In the functional approach other skopoi and other target groups can be identified. In a further study, the application of this approach to the translation of the Old Testament can be investigated. The functional approach might also be used in the translation of other ancient religious texts such as the Koran and the Torah.

The benefits of co-operation between experts in the field of the Biblical languages and culture and practising translators are shown. The skopos of the translation will give such a team the framework within which they can produce a translation with a specific aim for a specific target group.

The functional approach can be applied broadly to include both instrumental and documentary translations. In the case of Bible translation the documentary-exoticising translation provides the framework wherein the source text of the Bible can be accounted for in a responsible way. The application of functionalism is, however, wide enough to include all types of translation, provided that a clear skopos is identified and formulated for each translation.

Dankbetuigings

Hiermee wil ek graag my opregte dank aan die volgende persone betuig:

My studieleier, dr Ilse Feinauer, en mede-studieleier, prof Christo van der Merwe, vir hulle ondersteuning, motivering en hulp met die studie;

My man, Anton, en kinders, Carin, Bertus en Johan, vir hulle ondersteuning en liefde; en

My Skepper, wat aan my die vermoë en die geleenthede gegee het.

Inhoudsopgawe

1.	Inleiding	1
1.1.	Navorsingsontwerp	2
1.1.1.	Hipotese	2
1.1.2.	Probleemstelling	3
1.1.3.	Fokus van die studie	4
1.1.4.	Doel van studie	4
1.1.5.	Metodologie	4
1.2.	Hoofstukindeling	5
1.2.1.	Literatuurondersoek	5
1.2.2.	Toepassing	6
1.2.3.	Empiriese ondersoek	8
1.2.4.	Samevatting en vooruitskouing	9
1.3.	Historiese perspektiewe op Bybelvertaling	9
2.	Teoretiese benaderings ten opsigte van Bybelvertaling	14
2.1.	Vertaling sonder 'n teorie van vertaling	15
2.2.	Nida en dinamiese ekwivalensie	16
2.3.	Die funksionalistiese benadering tot vertaling	19
2.3.1.	Vertaling en handelingsteorie	19
2.3.2.	Die skopos van vertaling	21
2.3.3.	Doeltreffendheid en ekwivalensie	25
2.3.4.	Teksfunksies	26
2.3.5.	Dokumentêre teenoor instrumentele vertalings	29
2.3.6.	Die dokumentêre vorme van vertalings	30
2.3.7.	Die instrumentele vorme van vertaling	31
2.3.8.	Subjektiewe teorieë in vertaling	33
2.3.9.	Lojaliteit en die skoposteorie	35
2.3.10.	Lojaliteit in Bybelvertaling	37
2.3.11.	Skopos en die bronteks	39
2.4.	Kultuur en vertaling	41
2.5.	Relevansie-teorie en vertaling	46
2.6.	Samevatting	50
2.6.1.	Ontoereikendheid van funksionele ekwivalensie	50
2.6.2.	Gutt en funksionalisme	51
2.6.3.	Toepassing van funksionalisme spesifiek op Bybelvertaling	53
3.	Die toepassing van die funksionalistiese benadering op die vertaling van die Nuwe Testament	55
3.1.	Identifisering van teikengroep	55
3.2.	Interpretasie versus 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling	56
3.3.	Teksfunksies in die Bybel	59
3.4.	Verstaanbare vreemdheid	61
3.5.	Die Bybel as 'n vreemde teks	64
3.6.	Voorbeelde van verstaanbare vreemdheid soos bespreek deur Nord	65
3.6.1.	Maria by Jesus se graf Joh. 20: 11	66
3.6.2.	Die Nuwe Jerusalem Op. 21: 18-21	67
3.6.3.	Die mense skeur hulle klere Mark. 14: 63 en Hand. 14: 14	69
3.7.	Eie voorbeelde van kultuurvreemdheid in die NAV	71
3.7.1.	Geskenke van die wyse manne Matt. 2: 11	72
3.7.2.	Fluitspelers by Jaïrus se huis Matt. 9: 23	72
3.7.3.	Dra van bruilofsklere Matt. 22: 11	73
3.7.4.	Die mense bring siekes ná sonder na Jesus toe Mark. 1: 32	75
3.7.5.	Aansit by die tafel Luk. 7: 36-38	75
3.7.6.	Geldwisselaars op die tempelplein Joh. 2: 14	76
3.7.7.	'n Sabbatsreis Hand. 1: 12	77
3.7.8.	Pinksterfees Hand. 2:1	78
3.7.9.	Die vertaling van geldeenhede	79
3.8.	Samevatting	80

4.	'n Empiriese ondersoek na die behoefte aan 'n funksionalistiese vertaling van die Bybel	82
4.1.	Doel van ondersoek en identifisering van teikengroep	82
4.2.	Samestelling van vraelys	83
4.3.	Resultate uit vraelys	84
4.4.	Bespreking van resultate	85
4.4.1.	Ouderdom en geslag	85
4.4.2.	Gebuike van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling van die Bybel	86
4.5.	Samevatting	87
4.6.	Voorbeeld van vraelys	89
5.	Samevatting en vooruitskouing	91
5.1.	Behoeftes van gewone Bybellesers	91
5.2.	Gevolgtrekkings vanuit die literatuurondersoek	93
5.3.	Funksionalisme as teorie vir Bybelvertaling	94
5.4.	Funksionalistiese vertalings van die Bybel met ander skopoi	95
5.5.	Waarde van die empiriese ondersoek	97
5.6.	Moontlike probleme met die vertaling van die Ou Testament	98
5.7.	Samewerking tussen brontaalkenners en vertalers	99
5.8.	Vooruitskouing	100
5.9.	Slotwoord	101
	Literatuur	103

Afkortings gebruik:

DNT	Das Neue Testament und frühchristliche Schriften
GNB	Good News Bible
LB	The Living Bible
NAV	Nuwe Afrikaanse Vertaling
NBV	Nieuwe Bijbelvertaling
OAV	Ou Afrikaanse Vertaling

1. Inleiding

Die Bybel is dié boek in die wêreld wat die meeste vertaal word. Volgens statistiek van die *United Bible Society* was die Nuwe Testament teen die middel van die negentigerjare in 1012 tale vertaal, afsonderlike boeke van die Bybel in 'n verdere 883 tale en die volledige Bybel in 392 tale (United Bible Societies, 2000). Nuwe vertalings van die Bybel verskyn voortdurend, nie net in nuwe tale nie, maar ook in tale waarin daar reeds ander vertalings van die Bybel bestaan. In hierdie studie word daar ondersoek ingestel na die rol wat die funksionalistiese benadering tot vertaling, soos onder andere beskryf deur Reiss en Vermeer (1984) en Nord (1991b; 1997a), in hierdie voortdurende vertaalproses kan speel.

In hierdie eerste hoofstuk word die navorsingsontwerp uiteengesit en die inhoud van hoofstukke 2 tot 5 saamgevat. Dan volg 'n kort samevatting van die geskiedenis van Bybelvertaling.

Die navorsingsontwerp, bestaande uit die hipotese, probleemstelling, doel en fokus van die studie en metodologie word in par. 1.1 uiteengesit. Eerstens word die hipotese gestel dat funksionalisme wel 'n rol te speel het in Bybelvertaling. Dit is moontlik om binne die funksionalistiese benadering tot vertaling 'n Bybelvertaling daar te stel wat die status van die bronteks behou én die leser help om die vreemdheid van die Bybelse teks te verstaan (sien par.1.1.1).

In die probleemstelling (sien par.1.1.2) word die beperkte uitsig van sommige praktiserende vertalers op die gebruik van funksionalisme beskryf. Volgens hierdie vertalers word die funksionalisme noodwendig gekoppel aan die onttroning van die bronteks. In Bybelvertaling is die status van die bronteks juis een van die belangrikste kwessies. In die toepassing van die funksioneel-ekwivalente benadering van Nida op Bybelvertaling kan die Bybelse bronteks sy karakter as vreemde antieke teks in 'n groot mate verloor. Die funksionalistiese benadering bied die moontlikheid om 'n vertaling daar te stel met die spesifieke skopos om die vreemdheid van die bronteks te behou, maar om aan die leser daarvan bykomende kulturele inligting te gee sodat die kulturele gaping oorbrug kan word.

Uit hierdie probleemstelling volg die fokus van die tesis, naamlik om die gebruik van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling op Bybelvertaling van toepassing te maak (sien par. 1.1.3). Die doel van die studie vloei hieruit voort, naamlik om aan te toon dat 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling met bykomende inligting in die vertaalde teks self wel in Bybelvertaling gebruik kan word. Die wyer toepassing van die funksionalistiese benadering tot vertaling kan ook hieruit afgelei word (sien par. 1.1.4).

In par. 1.1.5 word die metodologie van die ondersoek uiteengesit. Die empiriese navorsing in hierdie tesis is gebaseer op die kousale model soos dit na vore tree in die funksionalistiese benadering tot vertaling waarvolgens 'n vertaling met 'n spesifieke skopos gedoen word. Die praktiese gebruik van so 'n vertaling word kwalitatief ondersoek.

In par. 1.2 word 'n kort uiteensetting van die verskillende hoofstukke gegee. Die belangrikste onderwerpe wat aandag kry in elke hoofstuk word genoem.

'n Kort opsomming van die geskiedenis van Bybelvertaling word in par. 1.3 gegee. Hierdie opsomming kan dien as agtergrond wanneer die kwessies wat ter sprake is by Bybelvertaling aandag kry.

1.1. Navorsingsontwerp

1.1.1. Hipotese

Die funksionalistiese benadering tot vertaling bied aan vertalers die teoretiese raamwerk waarbinne instrumentele (sien par. 2.3.6) sowel as dokumentêre vertalings (sien par. 2.3.7) geskep kan word. In hierdie tesis word ondersoek ingestel na die gebruik van funksionalisme in Bybelvertaling. Binne die funksionalistiese benadering kan die Bybelse bronteks vertaal word met die spesifieke skopos om die kulturele vreemdheid van die Bybelse bronteks te behou, maar om ook aan die leser van die vertaalde teks bykomende kulturele inligting te bied sodat die andersheid van die vreemde antieke teks verstaan kan word.

1.1.2. Probleemstelling

Sommige praktiserende vertalers is van mening dat funksionalisme beperk is tot die skep van instrumentele tekste. Volgens hulle beteken funksionalisme noodwendig dat daar van die bronteks afgewyk word om 'n vertaling te lewer wat as 'n instrument vir 'n nuwe teikengroep kan dien. Vir die meeste vertalers is die sogenaamde onttroning van die bronteks (Vermeer, 1998: 50) onaanvaarbaar en die primêre status van die bronteks ononderhandelbaar.

'n Voorbeeld van 'n bronteks waarvan die status deur sommige mense as ononderhandelbaar beskou word, is die Bybel. Deur die eeue heen het onder andere hierdie status van die Bybel as bronteks gelei tot die debat of Bybelvertaling woord-vir-woord of vry (betekenis-vir-betekenis) moet wees.

Sedert die vroeë vyftigerjare het 'n groot aantal vertalings, waaronder die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans, verskyn wat ingepas het by die teoretiese benadering tot vertaling soos beskryf deur Nida (1964), Nida en Taber (1969) en De Waard en Nida (1986). Die motivering vir hierdie funksioneel-ekwivalente benadering was om 'n teoretiese onderbou te verskaf aan vertalings wat veral daarop gemik was om Bybels beskikbaar te hê wat as sendinginstrumente gebruik kon word. Sien par. 2.2. Hierdie benadering tot vertaling kan egter 'n produk lewer wat, in 'n poging om *ekwivalensie* van betekenis aan die leser te gee, die Bybel van sy unieke karakter as kultuurvreemde dokument beroof, en daarmee saam ook die status van die bronteks aantast.

Binne die funksionalisme, soos aanvanklik verwoord deur Reiss en Vermeer (1984) en later deur Nord (1991b, 1997a), bestaan die moontlikheid egter om vertaling te benader na aanleiding van die skopos of funksie van 'n spesifieke vertaling. Volgens Nord (1997a) kan vertalings dan óf instrumenteel óf dokumentêr wees. Sien par. 2.3.5. Wanneer hierdie benadering toegepas word, kan daar 'n dokumentêre vertaling van enige teks, insluitende die Bybel, gedoen word wat nog steeds die fokus op die bronteks behou. Sien par 2.3.6.

Die Bybel bly egter steeds vir die moderne mens 'n kultuurvreemde dokument. Daar kan by veral die meer ingeligte leser die behoefte ontstaan om bewus gemaak te word van dié aspekte in die Bybel wat te make het met die gaping wat bestaan tussen die

kulturele wêreld van die Bybelse tyd en die kulturele wêreld van vandag. Die funksionalistiese benadering kan toegepas word om 'n vertaling daar te stel met die funksie om die kultuurvreemdheid of andersoortigheid (*otherness*) van die wêreld van die Bybel vir die moderne leser te ontsluit.

1.1.3. Fokus van die studie

Die fokus van hierdie studie is die gebruik van die dokumentêr-eksotiserende vertaling by Bybelvertaling. Hierdie benadering het reeds in Bybelvertaling 'n toepassing gekry in die vertaling van die Nuwe Testament in Duits deur Berger en Nord (*Das Neue Testament*, 1999 – verder DNT, 1999). Hierdie vertaling word as dokumentêr-eksotiserend gereken omdat die bronteks steeds as die uitgangspunt vir die vertaling gebruik word. Sien par. 2.3.6. In 'n poging om die “andersheid” van die Bybelse teks vir die moderne leser te verhelder, bied hierdie vertaling waar moontlik in die teks self bykomende inligting aan om die *eksotiese* vir die leser *verstaanbaar* te maak.

1.1.4. Doel van studie

Die doel met hierdie studie is om aan te toon dat die funksionalisme en meer spesifiek die dokumentêr-eksotiserende benadering tot vertaling (of 'n vertaling met die skopos om dokumentêr-eksotiserend te wees) wel 'n rol te speel het in Bybelvertaling. 'n Bykomende doel met die studie is om uit te wys dat die toepassing van die funksionalistiese benadering so wyd is dat alle tipes vertalings daarby ingesluit kan word.

1.1.5. Metodologie

Hierdie empiriese navorsing is gebaseer op 'n kousale model soos dit na vore tree in die funksionalistiese beskrywing van vertaling. Volgens hierdie model het die daarstelling van 'n spesifieke skopos van 'n vertaling, die **gevolg** dat die finale produk kan voldoen aan 'n spesifieke funksie (Williams & Chesterman, 2002: 55). Die skopos-teorie word dan spesifiek toegepas om 'n vertaling te verkry wat tot gevolg het dat daar voldoen word aan die eienskappe (voorwaardes) van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling. Hierdie vertaling het dan die spesifieke funksie om getrou aan die bronteks te

bly, maar om ook aan die leser die bykomende inligting te gee sodat die “andersheid” van die wêreld van die brontekste verstaan kan word.

Die praktiese gebruik van die dokumentêr-eksotiserende model in die reeds bestaande vertaling van die Nuwe Testament in Duits (DNT, 1999) word kwalitatief ondersoek (sien hoofstuk 3). Voorbeelde uit die vertaling van Berger en Nord word in diepte bespreek. Daar word ook gekyk na voorbeelde in die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans waar 'n dokumentêr-eksotiserende benadering met bykomende inligting aan die moderne leser 'n beter insig omtrent 'n spesifieke gedeelte kan gee.

Omdat daar in Afrikaans nog nie 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling met ingeslote bykomende inligting beskikbaar is nie, is 'n beperkte empiriese ondersoek gedoen (sien hoofstuk 4). Die doel van die ondersoek was bloot om vas te stel of hierdie spesifieke skopos wel vir ingeligte lesers van die Bybel van waarde sou kon wees.

1.2. Hoofstukindeling

1.2.1. Literatuurondersoek

In hoofstuk 2 word die teoretiese benaderings ten opsigte van vertaling ondersoek met spesifieke klem op die benaderings wat van toepassing is op die vertaling van die Bybel. Die vertaalteorie het baie ontwikkel sedert die dae toe die debat hoofsaaklik daaroor gegaan het of vertalings letterlik of vry moet wees (sien par. 2.1). In die soeke na 'n teoretiese fundering waarvolgens vertaling gedoen kon word, is daar aanvanklik op die problematiek rondom die konsep *ekwivalensie* gefokus – hoofsaaklik as uitvloeisel van die werk van Nida.

Nida het funksionele ekwivalensie ingevoer as 'n meganisme om ekwivalente betekenis op sinsvlak te verkry en baie Bybelvertaalprojekte sedert die sestigerjare het hierdie inisiatiewe van hom geïmplementeer, waaronder ook die huidige Afrikaanse vertaling van die Bybel (1983). Daar sal noukeurig na hierdie teorie gekyk word om te probeer vasstel wat die tekortkominge van hierdie benadering is ten opsigte van Bybelvertaling (sien par. 2.2). Dit is ook nodig om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die terme funksionele ekwivalensie, wat Nida in sy teorie gebruik, en die funksionalistiese benadering, soos in die skopos-teorie gebruik (sien 2.3.4). In die samevatting word die

tekortkominge van funksionele ekwivalensie ten opsigte van Bybelvertaling kortliks uitgelig (sien 2.6.1).

Al die tersaaklike fasette van die skopos-teorie sal in diepte hanteer word om aan te toon hoe hierdie benadering 'n verantwoordbare en breë raamwerk bied waarbinne Bybelvertaling gedoen kan word (sien par. 2.3).

Met die nuwe bewuswording van die rol wat kultuur in die lewe van die mens speel, en veral met inagneming van die kultuurgaping wat 'n leser in die geval van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling ervaar, word daar ook breedvoerig gekyk na die kulturele aspekte betrokke by vertaling (sien par. 2.4).

Ook ander vertaalteoretici ondersoek nuwe teoretiese raamwerke waarbinne Bybelvertaling gedoen kan word. In hierdie verband het Ernst August Gutt (1991; 2000) die relevansie-teorie van Sperber en Wilson (1986) toegepas om by sy sogenaamde direkte en indirekte vertalings van die Bybel uit te kom. In die literatuurstudie word kortliks daaraan aandag gegee (sien par. 2.5) en sekere ooreenkomste en verskille tussen Gutt se benadering en die funksionalistiese benadering word uitgewys (sien par 2.6.2).

1.2.2. Toepassing

In hoofstuk 3 word die toepassing van die funksionalistiese benadering ten opsigte van Bybelvertaling ondersoek aan die hand van 'n reeds bestaande vertaling van die Nuwe Testament in Duits. Daar word ook gekyk na voorbeelde van kultuurvreemdheid soos dit in die NAV (1983) voorkom. Hoewel die NAV nie 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling is nie, is dit tog moontlik om die werkswyse van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling met bykomende inligting in die teks aan die hand daarvan te demonstreer.

Die vertaling wat in hierdie gevallestudie gebruik word, het in 1999 verskyn as 'n gesamentlike projek van 'n span bestaande uit 'n Nuwe Testamentikus van die Universiteit van Heidelberg, prof. Klaus Berger, en 'n vertaalteoretikus en kenner op die gebied van funksionalisme van die Universiteit van Magdeburg, prof. Christiane Nord. Die doel van hierdie vertaling was om die sogenaamde andersoortigheid (*otherness*) van die Bybel te behou, maar om terselfdertyd te poog om die kulturele gaping tussen die Bybelse tyd se lesers en die moderne lesers te oorbrug (DNT, 1999: 22).

In die funksionalistiese benadering is die identifisering van 'n teikengroep vir 'n vertaling van groot belang. Ook by die daarstelling van hulle dokumentêr-eksotiserende vertaling het Berger en Nord 'n baie spesifieke teikengroep vir hulle vertaling geïdentifiseer. Sien par 3.1.

Voordat daar na spesifieke voorbeelde gekyk word, word sekere kwessies wat Nord van belang ag by die daarstel van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling eers kortliks aangeraak.

Die doel met die dokumentêr-eksotiserende vertaling met bykomende kulturele inligting is nie om die bronteks vir die leser te interpreteer nie. Die verskille tussen interpretasie en die benadering wat Nord en Berger volg, word uitgewys. Sien par. 3.2.

Wanneer 'n teks volgens die funksionalistiese benadering vertaal word, speel die funksie wat die teks vir die brontaalleser, sowel as die funksie wat die teks vir die doeltaalleser het, 'n baie belangrike rol. Hier word kortliks na die verskillende teksfunksies gekyk en ter illustrasie word spesifieke Bybelgedeeltes aangedui waar die teks elkeen van die onderskeie funksies vervul. Sien par. 3.3.

Vir Berger en Nord (DNT, 1999: 22) is die doel met hulle dokumentêr-eksotiserende vertaling met bykomende inligting om die leser tegemoet te kom met wat hulle noem, verstaanbare vreemdheid (*verstandene Fremdheit of otherness understood*). Hierdie konsep word bespreek soos Nord en Berger dit sien, maar aandag word ook gegee aan moontlike tekortkominge van hierdie benadering soos Berger en Nord dit toegepas het. Sien par. 3.4.

Wanneer daar met 'n antieke teks soos die Bybel gewerk word, moet vertalers voortdurend bewus bly van die geweldige temporele en kulturele gaping tussen die oorspronklike lesers en die lesers van die vertaling. Dit vra 'n besondere vertaalstrategie van die vertaalspan. In hulle vertaaltaak het Berger en Nord dus 'n spesifieke werkswyse gevolg. Sien par. 3.5.

Die verskillende voorbeelde van verstaanbare vreemdheid wat deur Berger en Nord (DNT, 1999) en Nord (2002; 2001) bespreek is, word kwalitatief ondersoek. Sien par. 3.6. Vir die toepassing van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling op die Afrikaanse

Bybel is daar ook 'n bespreking van voorbeelde in die NAV waar bykomende inligting kan help om die vreemdheid van die Bybel vir 'n moderne leser op te klaar. Voorstelle word gemaak oor hoe hierdie kulturele inligting in die teks self vir die leser aangebied kan word. Sien par.3.7.

Ten slotte word daar uitgewys dat bykomende inligting nie noodwendig op interpretasie van 'n Bybelgedeelte hoef neer te kom nie. Dit kan dien om ingeligte leser in staat stel om so na as moontlik aan die betekenis vir die oorspronklike leser te kom, met inagneming van die temporele en kulturele gaping. Sien par. 3.8.

1.2.3. Empiriese ondersoek

In hoofstuk 4 word verslag gedoen oor 'n empiriese ondersoek wat uitgevoer is. Die doel van die ondersoek was bloot om te bepaal of daar wel ingeligte Afrikaanssprekende Bybellesers sou wees wat positief sou voel oor 'n Bybelvertaling wat nie die Bybel interpreteer nie, maar wel bykomende kulturele inligting verskaf om die kulturele gaping tussen die Bybelse wêreld en die moderne wêreld te oorbrug. 'n Dokumentêr-eksotiserende vertaling met bykomende kulturele inligting as deel van die teks self is vir die ondersoek gebruik. Sien par.4.1.

Die samestelling van die vraelys word bespreek (par. 4.2), asook die resultate wat vanuit die vraelys verkry is (par 4.3). In die bespreking van die resultate word verwys na die invloed wat ouderdom en die geslag op die resultate gehad het (par. 4.4.1), asook die respondente se voorkeure aangaande die gebruike van sodanige vertaling (par. 4.4.2).

In 'n samevatting word die waarde van die empiriese ondersoek beoordeel. Daar word ook voorstelle gemaak vir verdere ondersoeke wat meer duidelikheid sou kon gee oor watter tipe bykomende inligting Bybellesers verlang en waar hulle sou verkies om hierdie inligting te kry, hetsy as deel van die teks self of as voetnotas. Sien par. 4.5.

'n Voorbeeld van die vraelys wat aan respondente voorgelê is, word in par. 4.6 aangebied.

1.2.4. Samevatting en vooruitskouing

In hoofstuk 5 volg 'n samevatting en 'n vooruitskouing vir verdere navorsing.

Eerstens word daar gekyk na die behoeftes wat gewone Bybelleser kan hê (sien par. 5.1). Dan word daar terugverwys na die vernaamste teoretiese benaderings wat spesifiek op Bybelvertaling van toepassing is (sien par.5.2). Die waarde van die funksionalistiese benadering vir Bybelvertaling word bespreek met spesifieke verwysing na die dokumentêr-eksotiserende vertaling (sien par.5.3). Daar word ook aandag gegee aan die wyer toepassing van die funksionalistiese benadering in Bybelvertaling (sien par. 5.4). Die waarde van die empiriese ondersoek word in perspektief geplaas (sien par.5.5). Die problematiek van 'n vertaling van die Ou Testament volgens die werkswyse wat Berger en Nord (DNT, 1999) gevolg het, word kortliks bespreek (sien par. 5.6). Die moontlikheid van samewerking tussen kenners van die brontekstaal en –kultuur en praktiserende vertalers word bespreek (sien par. 5.7). Verdere moontlikhede vir navorsing word voorgestel (sien par. 5.8).

In die slotwoord word na die wyer toepassing van die funksionalistiese benadering verwys. Daar word ook terugverwys na die hipotese soos gestel in par. 1.1.1 (sien par. 5.9).

1.3. *Historiese perspektiewe op Bybelvertaling*

Die verloop van die geskiedenis van Bybelvertaling word hier kortliks uiteengesit. Hierdie verloop van die geskiedenis reflekteer die problematiek van Bybelvertaling wat Bybelvertalers deur die eeue moes hanteer, en die kort samevatting kan dien as raamwerk waarbinne die huidige stand van Bybelvertaling verstaan kan word.

Die vertaling van die Bybel het reeds van die vroegste tye af by die leek sowel as die akademiese Bybelkenner heftige reaksie ontlok. Nie alleen was daar deur die eeue heen 'n gedurige toutrekkery tussen die verstaanbaarheid van die Bybel vir die teikenleser en die getrouheid van die vertaalde teks aan die oorspronklike brontekste nie, maar die ideologieë van verskillende groepe is ook in die verskillende vertalings van die Bybel gereflekteer.

Die geskiedenis van Bybelvertaling dateer reeds so ver terug as die Ou-Testamentiese tyd toe die volk Israel in ballingskap in Babilonië was. In dié tyd was Aramees die algemene gebruikstaal van die mense vanaf Mesopotamië tot by die Mediterreense kus en ook van die Jode in ballingskap. Nadat hulle uit ballingskap na Israel teruggekeer het, moes die Hebreeuse geskrifte in die sinagoges in Aramees vertaal word sodat die mense dit kon verstaan. Aanvanklik is hierdie vertalings, die Targoems genoem, nie neergeskryf nie, maar mettertyd het daar tog geskrewe weergawes ontstaan (Alpert, 1998: 269).

Na die val van Jerusalem in 587 v.C. het groot getalle Jode Israel begin verlaat en hulle in ander wêrelddele gaan vestig. Dit was die begin van die sogenaamde Joodse Diaspora. Teen die tweede eeu v.C. was daar al baie Jode wat glad nie meer Hebreeus magtig was nie; Grieks het mettertyd die taal van die Jode buite Jerusalem geword. Op versoek van die Griekssprekende Jode wat in Aleksandrië woonagtig was, is die Pentateug toe in Grieks vertaal - 'n vertaling wat vandag nog algemeen bekend is as die Septuaginta. Alhoewel hierdie vertaling bestempel word as die Bybel van die Diaspora Judaïsme, was dit ook die Bybel van die vroeë Christelike kerk en dit is ook hierdie vertaling wat deur die skrywers van die Nuwe Testament aangehaal word (Metzger, 1993: 39).

Met die uitbreiding van die Christendom het die behoefte aan 'n Bybel in Latyn al sterker geword. Hieronimus se Latynse vertaling van die volledige Bybel soos ons dit vandag ken, die sogenaamde Vulgaat, het 'n nuwe era in Bybelvertaling ingelui. Hy was bekend as 'n briljante geleerde van sy tyd, maar het ook sekere onwrikbare idees omtrent sy vertaaltaak gehad. Hy wou die vertaling volgens vaste vertaalbeginsels aanpak en vir hom was sy eerste prioriteit die korrektheid van die bronteks. Na 'n deeglike studie van die brontaal, kon hy 'n akkurate Griekse Nuwe Testament in Latyn vertaal. Vir die bronteks van die Ou Testament het hy die insette van Joodse geleerdes van die tyd gebruik (Kelly, 1998: 497). Die Vulgaat was tien eeue lank die enigste Bybel wat deur die kerk gebruik is.

Guthenberg se ontwikkeling van die drukproses in 1450 het, saam met die Reformasie, seker die grootste invloed op die toename in die vertalings van die Bybel gehad. In Duitsland is Luther se vertaling besonder hoog geag. Nadat die vertaling van die Bybel in Engels aanvanklik met geweld deur die Rooms-Katolieke staatskerk onderdruk is en Engelse vertalings soos die Tyndale-vertaling en die Genève-vertaling in

die geheim op die Europese vasteland gedoen is, het daar mettertyd saam met die politieke veranderinge 'n ommekeer gekom. Verskeie Engelse vertalings van die Bybel soos die Coverdale-vertaling en die *Great Bible* het gedurende die sestiende eeu verskyn.

Sekerlik die bekendste Engelse vertaling van alle tye is die sogenaamde *King James*-vertaling van 1611, wat ook die *Authorized Version* genoem word. Eers in 1889 is 'n minder suksesvolle poging aangewend om hierdie vertaling te hersien toe die *Revised Standard Version* verskyn het. Hierdie vertaling was streng woord-vir-woord maar het kommentaar soos "Strong in Greek, weak in English" ontlok (Ewert, 1983: 209).

Met die verskyning van die vertaling van die Bybel in Nederlands in die sestiende eeu is die weg ook gebaan vir die uiteindelijke vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die eerste Europese setlaars aan die Kaap die Goeie Hoop het die Nederlandse Statebybel, wat in 1637 verskyn het, met hulle saamgebring. Toe daar aan die begin van die twintigste eeu begin dink is aan die vertaling van die Bybel in Afrikaans, was die aanvanklike bedoeling dat hierdie vertaling as bronteks vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans sou dien.

In 1922 het so 'n proefvertaling van die vier evangelies en Psalms toe in Afrikaans verskyn. Hierdie vertaling het wye kritiek ontlok, onder andere van Langenhoven wat nie tevrede was met die gehalte van die Afrikaans nie en wou hê dat 'n Afrikaanse vertaling uit die grondteks vertaal moes word (Weiss, 1990: 52). In 1924 is daar besluit om aan 'n nuwe Afrikaanse vertaling te begin werk met die oorspronklike grondteks as bronteks maar met inagneming van die Statevertaling. Hierdie vertaling van die Bybel het in 1933 verskyn en het verskeie nuwe insigte bevat, maar het tog ook taamlik streng by die Statevertaling gebly. In 1953 het daar 'n hersiening van hierdie vertaling verskyn.

In die veertigerjare van die twintigste eeu het daar 'n nuwe era vir Bybelvertaling aangebreek. Tot op daardie stadium is Bybelvertaling gedoen sonder enige vertaalteoretiese onderbou. Die enigste konsepte wat werklik ter sprake was, was of 'n vertaling letterlik, met ander woorde woord-vir-woord, of vry sou wees. Eugene Nida, 'n linguis en antropoloog, het hom in 1943 by die *American Bible Society* aangesluit en dit het die begin van Bybelvertaling op grond van 'n teorie van vertaling ingelui. Volgens Nida (1964), Nida en Taber (1969), en De Waard en Nida (1986) se funksioneel-ekwivalente-benadering moes vertalers in die eerste plek die Bybel vir die lesers daarvan

verstaanbaar maak. Die onus het dus op die skouers van die vertalers gerus om die Bybel vir hulle lesers te interpreteer en duidelik in die doeltaal weer te gee (Van der Merwe, 1999: 296). Die eerste Engelse Bybelvertaling volgens die vertaalbeginsels van Nida was die *Good News Bible* wat as volledige Bybel in 1976 verskyn het.

Ook in Suid-Afrika was daar 'n behoefte aan 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans. Aanvanklik was die plan om die 1953-vertaling te hersien, maar op 'n vertaalseminaar in 1967, waar Nida ook teenwoordig was, is besluit om meer te doen as net 'n hersiening van die 1933/1953-vertalings. In 1968 is die besluit geneem "dat die tyd aangebreek het dat gewerk word aan 'n vernieude vertaling, wat rekening hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydperk en die resultate van wetenskaplike ondersoek, so getrou as moontlik aan die grondteks" (Van Zyl & Swanepoel, 1972: 48). Die werk aan dié vertaling het in 1970 begin met as teoretiese uitgangspunt die vertaalbeginsels van Nida. Die volledige Afrikaanse vertaling het in 1983 verskyn.

Sedertdien het daar ook ander vertalings van die Bybel of dele van die Bybel in Afrikaans verskyn. Onder hierdie vertalings tel onder andere die Lewende Bybel wat met sy verskyning in 1982 as 'n blote parafrase geag is en 'n vertaling van die Nuwe Testament "Die Boodskap" wat in 1999 verskyn het.

Uit die geskiedenis lyk dit asof moderne Bybelvertalings binne 'n tydperk van twintig tot dertig jaar uitgedien raak en dat daar dan weer 'n behoefte aan 'n ander vertaling ontstaan. Moontlike redes hiervoor kan gevind word in die veranderinge in die taalgebruik van 'n spesifieke taalgemeenskap of die ontwikkeling van nuwe teoretiese benaderinge ten opsigte van vertaling.

Ook die vertaling van die Bybel in Afrikaans het in 'n groot mate hierdie selfde neiging gevolg met die verskyning van die eerste Afrikaanse vertaling in 1933, die hersiening van hierdie vertaling wat in 1953 verskyn het, en die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans wat in 1983 verskyn het. Daar het nou omtrent twintig jaar verloop sedert die verskyning van die vorige Bybelvertaling van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, en daar is nou weer sprake van 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Die koste en tyd verbonde aan so 'n projek soos Bybelvertaling maak dit noodsaaklik om die beginsels waarvolgens die vertaling plaasvind, goed na te vors sodat die uiteindelijke produk kan voldoen aan die behoeftes en verwagtinge van die lesers.

Daar moet gesoek word na 'n teoretiese raamwerk wat die ruimte kan bied om 'n vertaling of vertalings van die Bybel te lewer wat in die behoeftes van al die verskillende lesersgroepe van die Bybel kan voorsien.

2. Teoretiese benaderings ten opsigte van Bybelvertaling

In hierdie hoofstuk word breedvoerig gekyk na die ontwikkeling van die funksionalistiese benadering. Hierdie insigte sal gebruik word om aan te toon hoe hierdie benadering ook met vrug by Bybelvertaling gebruik kan word .

Ten einde die funksionalistiese benadering binne die raamwerk van vertaalteorie te plaas, sal daar eers kortliks verwys word na die stand van vertaling toe die debat rondom die konsepte “woord-vir-woord” en “vry” gesentreer was. Sien par. 2.1. Vir Bybelvertaling was die funksioneel-ekwivalente benadering van Nida sedert die middel van die twintigste eeu van die grootste belang. Hierdie benadering word bespreek en daar word verwys na die tekortkominge van hierdie benadering wanneer dit toegepas word op Bybelvertaling. Sien par. 2.2.

Die funksionalistiese benadering tot vertaling word dan in diepte bespreek met klem op dié aspekte wat spesifiek van toepassing is op 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling. Sien par. 2.3.

Omdat daar in die dokumentêr-eksotiserende vertaling juis op die kulturele wêreld van die bronteks gefokus word, word daar in par. 2.4 gekyk na die belangrikheid van kultuur in vertaling.

'n Alternatiewe benadering tot Bybelvertaling kan gevind word in Gutt se insigte oor die relevansie-teorie en vertaling. Hy stel voor dat daar met Bybelvertaling beweeg word na sogenaamde direkte en indirekte vertalings. Hierdie benadering tot vertaling word ook bespreek . Sien par. 2.5.

Ter samevatting word beide die funksioneel-ekwivalente-benadering en die relevansie-teorie-benadering in verband gebring met die funksionalistiese benadering. Sien par. 2.6.

2.1. Vertaling sonder 'n teorie van vertaling

Nie net in Bybelvertaling nie, maar in vertaling in die algemeen was die sentrale fokus van die vertaalteorie tot in die helfte van die 20ste eeu die debat rondom die konsepte "woord-vir-woord" en "betekenis-vir-betekenis". Die konsepte "letterlike vertaling", "vrye vertaling" en "getroue vertaling" moes weer en weer gedefinieer word. Die onderskeid tussen "woord-vir-woord" en "betekenis-vir-betekenis" is reeds deur Cicero in die eerste eeu voor Christus en Hieronimus in die vierde eeu na Christus as 'n twispunt geïdentifiseer. Cicero het die dilemma as volg beskryf: "As ek woord-vir-woord vertaal, klink die resultaat lomp, en as ek uit noodsaak enige iets verander aan die woorde of woordorde, dan is ek nie meer net 'n vertaler nie" (DNT, 1999: 18). Uit sy geskrifte blyk dit egter dat Cicero wel die betekenis-vir-betekenis-opsie verkies het .

In die Westerse beskawing het hierdie debat vir die duisend jaar na Hieronimus se vertaling van die Vulgaat om die vertaling van die Bybel en ander godsdienstige en filosofiese tekste gedraai. Die Rooms Katolieke Kerk het vasgesteek by die strewing om die korrekte oordra van die betekenis van die Bybel te alle koste te bewaar en enige vertaling wat afgewyk het van die aanvaarde interpretasie is as ketters afgemaak en summier verban. Nie-letterlike vertalings is ook gebruik as 'n wapen teen die Kerk. Hier is Martin Luther (1483-1546) seker die bekendste voorbeeld. Met sy vertaling van die Bybel in "gewone" Duits het hy 'n nuwe era ingelui. Hoewel Luther niks bygevoeg het by wat Hieronimus reeds 'n duisend jaar tevore oor letterlike en vrye vertalings te sê gehad het nie, het hy tog met sy vertaling van die Bybel in die taal van die gewone mense die aandag gevestig op die doelteks en die behoeftes van die doeltaallesers (Munday, 2001: 23).

Die behoefte aan 'n teorie van vertaling is reeds in die negentiende eeu deur Schleiermacher (1768-1834) geïdentifiseer. Hierdie fase van vertaling het egter eers ná die Tweede Wêreldoorlog aandag geniet, onder andere as gevolg van die toenemende vraag na vertaling en tolking op 'n verskeidenheid nuwe terreine en die begin van die sistematiese opleiding van vertalers en tolke aan universiteite en vertaalinstitute.

Verskeie vertaalteoretici het sedertdien na vore getree. Vir die doel van hierdie tesis sal daar egter net gefokus word op diegene wat hulle teoretiese insigte spesifiek op Bybelvertaling van toepassing gemaak het.

2.2. *Nida en dinamiese ekwivalensie*

Eugene Nida het in die vyftigerjare van die twintigste eeu na vore getree as 'n evangeliese Christen wat 'n sterk begeerte gehad het om vertalings van die Bybel daar te stel wat in die sendingveld gebruik kon word. Hy stel dit as volg:

The Scriptures must be intelligible to non-Christians, and if they are, they will also be intelligible to Christians. Not only is this principle important in making the translation of the Bible effective as an instrument of evangelism, but it is also necessary if the language of the church is to be kept from becoming an esoteric dialect . . . (Nida & Taber, 1969: 31-32)

Hieruit blyk Nida se primêre motivering vir sy ontwikkeling van 'n teorie van vertaling. Hiervoor het hy heelwat kritiek ontvang. So het Edwin Gentzler (1993: 45) Nida byvoorbeeld daarvan beskuldig dat hy nie soseer in die ontwikkeling van 'n teorie van vertaling belanggestel het nie, maar eerder in 'n manier om sy eie interpretasies van die Bybel aan nie-Christene te kan oordra onder die dekmantel van 'n wetenskaplik-gefundeerde vertaalstrategie.

Nida het egter 'n belangrike bydrae gelewer om 'n wetenskaplike benadering tot vertaling te ontwikkel. Hy wou op 'n wetenskaplik-gefundeerde manier die boodskap van die brontaal na die doeltaal oordra met behoud van die dinamiek van die oorspronklike.

Nida het vir dié doel die insigte uit die linguistiek van daardie tyd gebruik en meer spesifiek die transformasionele grammatika van Chomsky (1965). Hy het egter Chomsky se aannames vir sy eie doeleindes aangepas en vereenvoudig en op vertaling van toepassing gemaak. Die basis vir sy teorie was die identifisering van 'n stelsel van sogenaamde kerne (*kernels*). Hy volg Chomsky se idee na dat taal uit oppervlakstrukture (*surface structures*) en dieptestrukture (*deep structures*) of kerne (*kernels*) bestaan (Nida 1964: 66,68). Die strukturele verskille tussen tale is baie kleiner op die vlak van die dieptestrukture as op die vlak van die oppervlakstrukture. Die beste manier om te vertaal is deur die brontaaltekste af te breek tot sy kernsinne, dit oor te sit in die doeltaal en dit dan te herformuleer om 'n natuurlike doeltaaltekste te skep. Nida voeg hierby ook 'n sinkroniese (*synchronic*) benadering tot die studie van die leksikon deur woorde in semantiese gebiede te groepeer en hulle dan aan die hand van verhoudings van sinonimie, hiponimie en antonimie te analiseer deur die tegniek van komponensiële analise.

Volgens Nida val alle woorde binne slegs vier woordkategorieë, naamlik objekte (*object words*), gebeure (*event words*), abstrakte (*abstracts*) en relasies (*relationals*) (Nida, 1964: 62). Dit sou dan eenvoudig wees om vir hierdie vier kategorieë dinamiese ekwivalente in enige doeltaal te vind.

Uit Nida se teorie blyk sy universalistiese benadering tot vertaling. Vir hom sal daar vir woorde a, b en c in een taal die konsepte A, B, en C bestaan. In 'n ander taal stem dieselfde konsepte ooreen met *ander* woorde x, y en z. Teoreties kan afgelei word dat bepaalde woorde a, b, en c van een taal ekwivalent weergegee kan word met woorde x, y en z van 'n ander taal. Volgens dié benadering tot taal is vertaling teoreties moontlik en behoort geen probleme op te lewer nie.

Nida verwoord hierdie siening in 1969 as volg: "Anything that can be said in one language can be said in another . . ." (Nida & Taber, 1969: 4). Hierdie siening van Nida het deur die jare bykans onveranderd gebly ten spyte van die moderner relativistiese benadering tot vertaling. In 1998 spreek Nida hom as volg uit: "All languages have the potential to communicate the relevant content of any message" (Nida, 1998: 24) en ". . . all languages are at least 90 per cent structurally similar" (Nida, 1998: 24).

Nou verweef met Nida se teorie van vertaling is ook die kode-model van kommunikasie. Nida het vertaling as essensieel 'n eenvoudige proses voorgestel. Daar is vir hom telkens net 'n tweedimensionele oordrag van 'n boodskap tussen 'n sender en 'n ontvanger. Volgens hom is die proses van vertaling bloot 'n proses waarin 'n persoon wat beide die brontaal en die doeltaal magtig is, die boodskap van die brontaal dekodeer en dan weer encodeer in die gepaste ekwivalente vorme van die doeltaal (Nida, 1969: 494). Een van die nuwer neigings in Bybelvertaling is egter om kommunikasie te verstaan volgens die inferensiemodel van kommunikasie. Volgens hierdie model is dit onmoontlik om alles wat in die brontale van die Bybel staan, volledig in 'n moderne vertaling te vervat (Van der Merwe, 1999: 296).

Nida het deur die toepassing van sy teorie op die vertaling van die Bybel teoretiese gronde verskaf waarom die Bybel eerder idiomaties as letterlik vertaal moes word. Hy het Bybelvertalers oorreed dat dinamiese ekwivalensie (later genoem funksionele ekwivalensie) meer as net leser-vriendelik was. Dit was ook wetenskaplik gefundeerd. Sy idee van dinamiese ekwivalensie het hy as volg verwoord: ". . . the focus

of attention is directed, not so much toward the source message, as toward the receptor response" (Nida, 1964: 166) en "Dynamic equivalence is therefore to be defined in terms of the degree to which the receptors of the message in the receptor language respond to it in substantially the same manner as the receptors in the source language" (Nida & Taber, 1969: 24).

Nida het sy doel met vertaling, asook sy definisie van vertaling duidelik gestel. Vir hom was die doel van vertaling om 'n ekwivalente boodskap te produseer (Nida & Taber, 1969: 12). Dit was dan ook die taak van die vertaler om hierdie ekwivalente boodskap te verskaf. Hy gee dan ook die vryheid aan die vertaler om hierdie boodskap volgens sy interpretasie oor te dra. Volgens Nida is die relevansie van die boodskap nie in die formele eienskappe van die teks geleë nie, maar wel in die semantiese inhoud. Volgens hom is ". . . some measure of freedom required if the target audience is to understand the biblical text" (Nida, 1998: 26).

Die ernstige Bybelleser kan egter meer in 'n Bybelvertaling soek as bloot 'n weergawe van die besluite wat 'n vertaler volgens die funksioneel-ekwivalente vertaalmetode geneem het. Hierdie lesers kan 'n behoefte hê om ook met die kompleksiteit en vreemdheid van die Bybelse kultuur gekonfronteer te word (Van der Merwe, 1999: 298).

Volgens Deist (1993: 19) sal 'n vertaling volgens die beginsels van Nida die woord "vaders" in die oorspronklike teks met "ouers" in die doelteks vertaal. Hierdie woordgebruik kan dalk die moderne geslagsensitiewe leser bevredig, maar daardeur sal die patriargale sosiale agtergrond van die Hebreeuse teks heeltemal weggeskryf word. Deist voel dat die moderne leser geregtig is om ook daardie insig te hê.

Dorn (1999: 406) verwys ook na hierdie probleem. Volgens hom kan sekere dimensies van die oorspronklike teks net nie getrou deur 'n funksioneel-ekwivalente vertaling weergegee word nie. Hy stel voor dat maniere gevind word om lesers van vertalings bewus te maak van die kompleksiteite van antieke tekste - hetsy deur voetnotas of kantaantekeninge. Hy gebruik die voorbeeld van die verhaal van Dawid en Batseba waar bloot die manier waarop die verhaal uiteengesit is, 'n betekeniswaarde vir die oorspronklike lesers gehad het.

Ook Bascom (1991: 314-325) waarsku daarteen om die Bybelse teks aanvaarbaar te probeer maak vir die moderne leser. Hy kom tot die volgende slotsom:

. . . the people who wrote the Old Testament (and the New Testament for that matter) were very different from ourselves, and had a different way of making sense of many things. We need to recognize the otherness of the text and its culture before we attempt to bridge the gap. (Bascom, 1991: 325)

2.3. Die funksionalistiese benadering tot vertaling

Gedurende die sewentiger- en tagtigerjare het daar in die vertaalteorie 'n beweging weg van die statiese linguistiese siening van vertaling plaasgevind. Die toenemende belangstelling in kommunikasie as sodanig, veral as 'n proses wat in 'n spesifieke kulturomgewing plaasvind, het meegebring dat vertaalteoretici ook met ander oë na die proses van vertaling gekyk het.

2.3.1. Vertaling en handelingsteorie

Volgens die handelingsteorie (*action theory*) word kommunikasie as 'n vorm van handeling geklassifiseer. Kommunikasie as handeling verg egter altyd ten minste twee betrokke partye, naamlik die sender van die boodskap (van watter aard ook al) en die ontvanger van hierdie boodskap. In die geval van kommunikasie word die handelingsteorie 'n interaksie-teorie. Vertaalteoretici het hierin 'n manier raakgesien om ook sekere aspekte van vertaling te verklaar (Holz-Mänttari, 1984; Nord, 1991b: 15; Vermeer, 1996: 45-46).

Die onderskeid tussen 'n algemene handelingsteorie en 'n teorie van vertaling (as 'n tipe handelingsteorie) is dat in die geval van 'n teorie van vertaling daar reeds 'n bronteks as 'n primêre handeling bestaan. Die vraag in die geval van vertaling is nie of daar 'n handeling moet plaasvind nie, maar hoe die handeling voortgesit gaan word. Die teorie van vertaling is 'n komplekse handelingsteorie (Reiss & Vermeer, 1984: 95).

Kommunikatiewe interaksie vind plaas in situasies wat gebonde is aan 'n spesifieke tyd en 'n spesifieke plek in die ruimte. Dit beteken dat elke situasie ingebed is in 'n kulturele en historiese dimensie wat die kommunikeerders se verbale en nie-verbale

gedrag bepaal. Wanneer die betrokkenes by hierdie kommunikatiewe situasie tot dieselfde taal- en kultuurgroep behoort, kan die kommunikasie normaalweg sonder te veel steurnisse verloop. Wanneer die sender en die ontvanger van 'n boodskap egter aan verskillende kulture behoort en verskillende tale praat, is 'n tussenganger nodig (Nord, 1997a: 17).

Dit is die taak van die vertaler om hierdie tussengangersrol te vertolk. Die vertaler oorbrug die gaping in situasies waar verskille in verbale en nie-verbale gedrag, en verskille in verwagtinge, kennis en perspektiewe op die wêreld tussen die sender en die ontvanger van die boodskap so groot is dat suksesvolle kommunikatiewe interaksie nie moontlik is nie. Hierdie benadering sien vertaling as 'n kommunikatiewe interaksie tussen persone wat met 'n spesifieke oogmerk of bedoeling plaasvind en gebaseer is op 'n vorige kommunikatiewe interaksie, die bronteks (Vermeer soos aangehaal deur Nord, 1997a: 18).

Wanneer vertaling gesien word as 'n interaksie met 'n spesifieke oogmerk of bedoeling (*intentional interaction*), impliseer dit dat die vertaling in die eerste plek ten doel het om 'n bestaande handeling (toestand) te verander. Hierdie bedoeling word met die vertaler of dan meer spesifiek met die persoon wat die vertaling geïnisieer het, geassosieer. Die oogmerk van die vertaling kan óf ooreenstem met dié van die sender van die oorspronklike teks óf nie ooreenstem nie (Nord, 1997a: 19).

Vertaling as interaksie tussen persone impliseer die teenwoordigheid van verskillende rolspelers in dié interaksie. Die verskillende persone betrokke by die interaksie vervul verskillende rolle en funksies. Holz-Mänttari (1984: 109-111) het die verskillende rolspelers as volg geïdentifiseer:

- Die inisieerder is die persoon, groep of inrigting wat die spesifieke vertaling benodig en identifiseer vir watter groep en vir watter doel die vertaling gedoen moet word. Vermeer gebruik hier die term opdraggewer (*commissioner*) (Vermeer, 1996: 5).
- Die vertaler in die vertaalproses is die kenner op die gebied van die vertaalhandeling en is verantwoordelik daarvoor dat die doeltteks aan die gestelde doel voldoen (Nord, 1997a: 21). Die vertaler is egter ook die ekspert op die gebied van transkulturele kommunikasie (Vermeer, 1998: 50). Hy/sy is die ontvanger van die bronteks, maar ook die produsent van die doeltteks. Die vertaler is nie die sender van die bronteks-boodskap nie, maar die skepper

van 'n teks wat in die doelkultuur 'n kommunikatiewe interaksie skep met die doel of oogmerk soos daargestel deur die inisieerder (Nord, 1991b: 11).

- Die bronteksskrywer het die teks geskep wat as bron gaan dien vir die vertaalhandeling. Die produksie van hierdie bronteks kon gemotiveer gewees het deur die behoefte aan 'n teks wat mettertyd dalk ook vertaal sou kon word, maar dit kon ook geskep gewees het sonder dat die moontlikheid van die vertaling daarvan ooit ter sprake gekom het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die brontekste wat uiteindelik in die Bybel opgeneem is. In so 'n geval speel die bronteksskrywer net 'n baie indirekte rol in die vertaalhandeling as sodanig.
- Die doelteksontvanger is die persoon aan wie die doelteks gerig is of bloot net die leser van die doelteks en is die bepalende faktor in die produksie van die doelteks. Dit is van die grootste belang om hierdie doelteksleser duidelik te definieer. Inligting oor die doelteksleser met betrekking tot sy/haar sosiokulturele agtergrond, verwagtinge en wêreldkennis is van die grootste belang vir die vertaler (Reiss & Vermeer, 1984: 101; Nord, 1991b: 9).

2.3.2. Die skopos van vertaling

Hans Vermeer se handeling-geïntereerde benadering tot vertaling het aan hom die basis verskaf vir sy algemene teorie van vertaling wat hy die **skopos-teorie** noem. **Skopos** is die Griekse woord vir **doel** en Vermeer het dit aangewend as 'n tegniese term vir die doel van 'n vertaling en die handeling van vertaling as sodanig. In sy eenvoudigste vorm kan Vermeer se uitgangspunt ten opsigte van vertaling weergegee word deur die sogenaamde skopos-reël. Volgens hierdie reël word menslike interaksie (en vertaling as subkategorie van hierdie interaksie) bepaal deur die doel (skopos) daarvan, en is 'n funksie van die doel (Reiss & Vermeer, 1984: 101).

Die hoofwerk oor die skopos-teorie is in 1984 deur Reiss en Vermeer gepubliseer (Reiss & Vermeer, 1984). In hierdie werk stel Reiss en Vermeer dit dat vertaling vir hulle 'n spesiale geval van interaktiewe handeling is. Die motivering van die handeling bestaan daarin dat die doel waarna gestreef word belangriker is as die huidige (bestaande) toestand. Die handelingskopos is belangriker as die handelswyse. Die doel (skopos) bepaal of daar gehandel gaan word en indien wel op watter manier (hoe) en wat gebruik gaan word - "das 'Wozu' bestimmt, ob, was und wie gehandelt wird" (Reiss & Vermeer, 1984: 100). Dit is in die geval van vertaling belangriker dat 'n gegewe doel bereik word as dat die vertaling volgens 'n sekere voorgeskrewe metode geskied.

Reiss en Vermeer vat die basiese onderliggende reëls van die skoposteorie as volg saam (1984: 119):

1. Die doeltteks is 'n funksie van die doel van die vertaalhandeling.
2. Die doeltteks is 'n aanbod van inligting in 'n doeltaal en -kultuur oor 'n aanbod van inligting in 'n brontaal en -kultuur.
3. Die doeltteks is nie noodwendig omkeerbaar na die bronteks nie, met ander woorde 'n terugvertaling na die brontekstaal gaan nie die oorspronklike bronteks lewer nie.
4. Die doeltteks moet interne koherensie hê.
5. Die doeltteks moet koherent met die bronteks wees.

Die fokus van die skopos-teorie is in die eerste plek op die doel van die vertaling (reël 1). Hierdie doel bepaal die metodes en die strategieë wat in die vertaling gevolg word om die uiteindelijke funksionele resultaat te verkry. Hierdie konsep pas in by die bedoeling (*intention*) wat deel is van enige handeling volgens die handelingsteorie (Nord, 1997a: 27). Dit is wenslik dat die skopos van die vertaling duidelik gestel word sodat wie ook al die vertaling lees, sal weet wat die skopos was waarvolgens die vertaling plaasgevind het.

Reëls 4 en 5 het te doen met die suksesvolle vertaalhandeling en oordrag van inligting, al dan nie, van 'n spesifieke vertaling. Die sogenaamde koherensiereël (*coherence rule*) het te make met die interne koherensie van die doeltteks, en die sogenaamde getrouheidsreël (*fidelity rule*) het te make met die intertekstuele koherensie met die bronteks. Die taak van die vertaler is om 'n teks te produseer wat voldoen aan 'n spesifieke standaard van intratekstuele koherensie. Die ontvanger moet die teks verstaan; dit moet vir hom/haar sin maak in sy/haar kommunikatiewe situasie en kultuur (Reiss & Vermeer, 1984: 113).

Omdat 'n vertaling egter 'n aanbod van inligting is wat verkry is vanaf 'n reeds bestaande teks (reël 2), moet daar een of ander verhouding bestaan tussen die inligting in die vertaling (doeltteks) en die inligting in die bronteks. Vermeer noem hierdie verhouding intertekstuele koherensie of *fidelity*. Hierdie koherensie kom tot uiting in die inligting wat die vertaler uit die bronteks haal, hoe die vertaler hierdie inligting interpreteer, en hoe hy/sy uiteindelik die inligting na die doeltteks oordra (Reiss & Vermeer, 1984: 114).

Die verskillende reëls van die skopos-teorie word egter volgens 'n streng hiërargiese volgorde nagekom. Daarvolgens is die getrouheidsreël (reël 5) minder belangrik as die koherensiereël (reël 4) wat weer minder belangrik is as die skopos (reël 1). Indien die skopos vereis dat die doelteks 'n ander funksie moet hê as die bronteks, is die standaard waarvolgens gehandel moet word nie meer intertekstuele koherensie nie, maar wel doeltreffendheid/geslaagdheid en toepaslikheid (*adequacy* en *appropriateness*) met betrekking tot die skopos (Reiss & Vermeer, 1984: 139). Hierdie siening lei tot die sogenaamde onttroning van die bronteks.

Behalwe vir die term **skopos** gebruik Vermeer ook die terme *aim*, *purpose*, *intention* en *function*. Uit sy verskillende publikasies kan afgelei word wat hy met elke term bedoel (Vermeer, soos aangehaal deur Nord, 1997a: 28).

Die **doel** (*aim*, *Ziel*) word gedefinieer as die eindresultaat wat 'n persoon met 'n spesifieke handeling (vertaling in dié geval) wil bereik. Die **doeleinde** (*purpose*, *Zweck*) word gedefinieer as 'n voorlopige fase wat heers voordat die uiteindelijke doel bereik is. Vermeer stel hierdie *purpose* gelyk aan die *skopos* (Vermeer, 1998: 56). Doel en doeleinde staan in 'n verhouding tot mekaar deurdat die doeleinde aanleiding gee tot die bereiking van die uiteindelijke doel. (In Vermeer (1996: 6) ruil hy egter sy definisies van hierdie twee terme om en skryf dat 'n teks geskep word vir 'n " . . . certain immediate 'aim'" of "an overall, perhaps long-term 'purpose'".)

Die term **funksie** verwys na die teks se betekenis of wat dit veronderstel is om te beteken vanuit die perspektief van die ontvanger. Vir die skopos-teorie is dit 'n kernbegrip, want waar die skopos die bedoeling van die vertaler verteenwoordig, verteenwoordig die funksie van die teks dit wat die ontvanger daarmee doen of hoe hy/sy dit ervaar.

Volgens Vermeer moet **bedoeling** (*intention*, *Absicht*) gesien word as 'n doel-geörienteerde plan van aksie waarby beide die sender en die ontvanger betrokke is. Die bedoeling verwys na die geskikste manier om aan die een kant die vertaalde teks te produseer en aan die ander kant hierdie teks te verstaan (Vermeer, soos aangehaal deur Nord, 1997a: 28).

Vermeer vat dit as volg saam:

The purpose given the text by the translator is called its 'skopos'. The text purpose as inferred by a recipient is called the text 'function'. A skopos is intended by the translator; a function is inferred from certain features of a text and/or its socio-situational embedding and then ascribed to a text by a recipient. The function as ascribed to a text by a recipient may or may not coincide with the skopos intended by the translator. In the case of coincidence, the three terms intention, skopos and function mean the same seen from different points of view. Intention, skopos and function are individually ascribed concepts (by the producer, sender, commissioner, translator and recipient).

(Vermeer, 1996: 7-8)

Die vertaler wat hierdie konsepte as praktiese beginsels wil toepas in die proses van vertaling, word vasgevang in die teoretiese manier waarop Vermeer sy onderskeid tussen die terme wil tref. Dit is noodsaaklik dat die vertaler 'n duidelike uitgangspunt kan hê waarvolgens die bedoeling met 'n vertaling aan die een kant en die funksie daarvan aan die ander kant gedefinieer kan word.

In 'n poging om hierdie verwarring uit die weg te ruim het Nord die volgende onderskeid tussen bedoeling en funksie voorgestel (Nord, 1991b: 47). Die bedoeling word gedefinieer vanuit die oogpunt van die sender wat 'n sekere doel met die teks wil bereik. Die beste bedoeling waarborg egter nie sukses nie, veral in gevalle waar die situasies van die sender en die ontvanger drasties verskil. Die ontvangers sal, as mededeelnemers aan die teksgebonde interaksie, die teks laat funksioneer afhangende van hulle eie verwagtinge, behoeftes, voorkennis en omstandighede-in-'n-situasie. In ideale omstandighede sal 'n sender se bedoeling sy/haar doel bereik; in so 'n geval sal die bedoeling en die funksie by mekaar uitkom of selfs identies wees.

Nord (1997a: 28) sien hierdie onderskeid tussen bedoeling en funksie as veral nuttig in gevalle waar die sender en die ontvanger van 'n vertaling aan verskillende kulture behoort en die teks in verskillende situasies ontvang word. Dan sal dit nodig wees om 'n analise te maak van die sender se bedoeling met die teks teenoor die funksie wat die ontvanger daaraan toeëien. Hierdie aspek vind veral toepassing in die veld van Bybelvertaling en sal later in die tesis weer aangeraak word. Sien par.3.3.

'n Belangrike voordeel van die skopos-teorie is dat dit die moontlikheid voorsien dat dieselfde teks op verskillende maniere vertaal kan word, afhangende van die doel van die doelteks. Die skopos-teorie beperk nie die vertaalstrategieë tot slegs een strategie nie (Vermeer, 1998: 45). Wat Bybelvertaling betref, gee die skoposbenadering 'n meganisme aan die Bybelvertaler om 'n spesifieke vertaling van die Bybel te maak met 'n spesifieke skopos voor oë. So 'n vertaling sal dan gedoen kan word sonder om afbreuk te doen aan ander Bybelvertalings met moontlike ander skopoi. Vermeer (2000: 228) gee self die algemene beginsel:

What the skopos states is that one must translate, consciously and consistently, in accordance with some principle respecting the target text. The theory does not state what the principle is: this must be decided separately in each specific case.

Hierdie spesifieke geval of spesifieke doelteksfunksie word deur die sogenaamde vertaalopdrag (*translation brief*) gedefinieer (Nord, 1997b: 56). In die vertaalopdrag gee die inisieerder van die vertaling eksplisiete instruksies oor die doel van die vertaling of as die vertaling sonder die teenwoordigheid van 'n inisieerder gedoen word, lei die vertaler self hierdie spesifieke opdrag af vanuit die omstandighede waarin die vertaling plaasvind of waarin die vertaling moet funksioneer.

Volgens Nord (1997a: 60) behoort die vertaalopdrag eksplisiete of implisiete inligting oor die volgende te bevat:

- Die bedoelde (*intended*) funksie van die teks;
- Die persone aan wie die doelteks gerig is;
- Die (prospektiewe) tyd en plek van ontvangs van die teks;
- Die medium waardeur die teks oorgedra gaan word; en
- Die rede vir die produksie of ontvangs van die teks.

2.3.3. Doeltreffendheid en ekwivalensie

In die skopos-teorie word ook nuut gekyk na die begrippe doeltreffendheid (*adequacy*) en ekwivalensie. Volgens Reiss (1983: 301) is "adequacy simply appropriateness." Hierdie gepastheid het nie as sodanig enige eienskappe nie, maar word gesien in 'n verhouding tot 'n spesifieke handeling. Wanneer 'n vertaler 'n vertaalbesluit neem, van watter aard ook al, is die dominante faktor die doel van die vertaling; die vertaalbesluite moet inpas by hierdie doel. Vir Reiss is "adequacy thus a

relation between means and purpose, and thereby process-oriented" (Reiss, 1983: 301). Doeltreffendheid is 'n dinamiese konsep wat te doen het met die proses van vertaling (Nord, 1997a: 137).

Volgens die skopos-siening is ekwivalensie die verhouding tussen twee produkte, naamlik die bronteks en die doeltteks (Reiss, 1983: 301), en verteenwoordig bloot die doeltreffendheid van 'n skopos wat vereis dat die doeltteks dieselfde kommunikatiewe funksie of funksies as die bronteks moet openbaar (Reiss & Vermeer, 1984: 140). Hierdeur word ekwivalensie gereduseer tot een moontlike oogmerk van 'n vertaling en word nie geag as dié vertaalbeginsel waarna alle vertalers en vertalings moet streef nie. Die algemene konsep in die skopos-teorie is dus doeltreffendheid en nie ekwivalensie nie. Ekwivalensie word hier dan net 'n statiese resultaat-geörienteerde konsep wat die verhouding van gelyke kommunikatiewe waarde tussen tekste beskryf (Nord, 1997a: 35).

In hierdie siening van ekwivalensie vind die funksionalistiese benadering noue aansluiting by die beskrywende vertaalkunde (*Descriptive Translation Studies - DTS*). Vir Toury (1980: 65) is ekwivalensie bloot 'n deskriptiewe term en hy definieer ekwivalensie as 'n empiriese entiteit wat alleenlik vasgestel kan word nadat 'n vertaling reeds plaasgevind het. Bloot die feit dat daar 'n bronteks en 'n doeltteks bestaan, impliseer dus reeds ekwivalensie. Vir hom is ekwivalensie nie 'n "idealized process" nie, maar ". . . real-life decision-making under real-life constraints . . ." (Toury, 1995: 86).

2.3.4. Teksfunksies

Die funksionalistiese benadering beweeg weg van die statiese linguïstiese beskrywing van vertaling en fokus op die kommunikatiewe funksie daarvan. In die sewentigerjare was Katharina Reiss die eerste om die konsep funksionalisme op vertaling van toepassing te maak (Reiss, 1971). Sy het vir haar beskrywing van die funksionalisme van taal gebruik gemaak van die drie kategorieë van die funksies van taal soos deur die Duitser Karl Bühler (1934) gedefinieer. Sy het hierdie drie funksies, naamlik die informatiewe (of referensiële), die ekspressiewe en die operatiewe (of appellatiewe) funksies, gekoppel aan die tekstipes of kommunikatiewe situasies waarin hulle gebruik word. Vermeer bring ook die skopos van 'n vertaling in verband met die funksie van die vertaling (Vermeer, 1993: 83; Vermeer, 1996: 7).

In ooreenstemming met Reiss, klassifiseer Christiane Nord (1991b; 1997a; 1997b) ook tekste volgens hulle onderskeie funksies. Sy voeg egter 'n vierde tekstipe by (Nord, 1997a: 44); moontlik in reaksie op kritiek dat Reiss se drie funksies van taal nie vir alle kommunikatiewe situasies voorsiening maak nie (Fawcett, 1997: 106-108). Sy noem hierdie funksie die fatiese funksie waarin verbale en nie-verbale kommunikatiewe seine gebruik word om kontak tussen sender en ontvanger te bewerkstellig, te onderhou en te beëindig (Nord, 1997a: 140).

Nord som dan die verskillende funksies wat tekste kan hê as volg op (Nord, 1997a: 37-38, 44).

1. Die hoof funksie van informatiewe (ook genoem referensiële) tekste is om die leser in te lig oor die voorwerpe en fenomene van die bestaande wêreld. Die keuse van linguistiese en stilistiese vorme is ondergeskik aan hierdie funksie. Daar word aangeneem dat hierdie tipologie vir beide die brontaal en die doeltaal geld. In 'n vertaling waar beide die bronteks en die doelteks informatief is, moet die vertaler probeer om 'n korrekte en volledige weergawe van die bronteks in die doelteks weer te gee met inagneming van die stylnorme wat in die doeltaal en -kultuur geld.
2. In ekspressiewe tekste word die informatiewe aspek deur die estetiese komponent gekomplementeer of selfs oorheers. Die stilistiese keuses van die bronteksskrywer dra by tot die betekenis van die teks en het 'n estetiese invloed op die leser. Hierdie effek moet deur die vertaling aan die doeltaalleser oorgedra word. Stilistiese keuses in die vertaling word gerig deur die keuses wat die skrywer van die bronteks gemaak het.
3. In operatiewe (ook genoem appellatiewe) tekste is beide die inhoud en die vorm ondergeskik aan die ekstralinguistiese effek waarvoor die teks oorspronklik geskep is. In die vertaling van operatiewe tekste wat in die doeltaal ook as 'n operatiewe teks moet funksioneer, moet die vertaler se hoofdoel wees om dieselfde reaksie by die gehoor van die doelteks te ontlok as wat die bronteks by die gehoor daarvan ontlok het. Dit kan beteken dat die inhoud en/of stilistiese eienskappe van die bronteks verander moet word.
4. Die doel van die fatiese funksie is om voorsiening te maak vir die metalinguistiese en poëtiese aspekte van kommunikasie (Nord, 1997b: 50). Hierby word strategieë ingesluit om kontak tussen die sender en die ontvanger te bewerkstellig, te behou of te beëindig. Dit steun op die konvensionaliteit van die linguistiese, die nie-linguistiese en die paralinguistiese wyses wat in 'n

spesifieke situasie gepas is. Die doel van die fatiese funksie is om die konvensionele vorm oor te dra. Hier kan maar gedink word aan die konvensies wat bestaan met betrekking tot die maniere waarop persone mekaar groet. Die probleem in vertaling is egter dat wat in een kultuur die konvensionele manier is in 'n ander kultuur onkonvensioneel kan wees. Die fatiese funksie kom ook tot uiting in die gebruik van aanspreekvorms deurdat dit die tipe verhouding tussen die sender en die ontvanger definieer. Hier speel konvensionaliteit natuurlik ook 'n belangrike rol. In Afrikaans, byvoorbeeld, is dit vir sommige sprekers aanvaarbaar om 'n ouer dame as "tannie" aan te spreek. Hierdie oënskynlike familiariteit het dan in daardie spesifieke Afrikaanse kultuurgemeenskap die funksie om respek oor te dra. In ander kulture, byvoorbeeld die Britse en Duitse kulture, sal sodanige familiariteit eerder 'n gebrek aan respek oordra.

In die funksionalistiese benadering tot vertaling word die teks as geheel en die funksie wat dit vervul nooit losgemaak van die situasie en kultuur waarin dit plaasvind nie. Hierdie benadering het duidelik vanuit 'n totaal ander basis as die funksionele benadering van Nida ontstaan. Nida se funksionele benadering het voortgevloei uit die sociolinguistiese modelle van vertaling. Hierdie modelle beklemtoon slegs die funksie van die *linguistiese strukture* in die kommunikasie. Die funksies van taal word geïdentifiseer as die ekspressiewe funksie, die kognitiewe funksie, die interpersoonlike funksie, die informatiewe funksie, die imperatiewe funksie, die performatiewe funksie, die emotiewe funksie en die estetiese of poëtiese funksie (De Waard & Nida, 1986: 25-32), maar word slegs van toepassing gemaak op teksfragmente soos woorde en sinsnedes en hoogstens sinne. In die vertaling word elke linguistiese eenheid se funksie bepaal en dan sodanig vertaal dat dit dieselfde funksie in die brontaal het as wat dit in die doeltaal gehad het.

Hier word konsekwent van die sogenaamde *bottom-up* benadering gebruik gemaak waarin die teks eers beskou word as bestaande uit afsonderlike "vertaalbare" deeltjies waaraan elk een van die genoemde funksies toegeken word. Hierdie benadering staan lynreg teenoor die *top-down* benadering van die funksionalisme waarin die teks as geheel eers beskou word om te bepaal wat die kultuursituasie is waarin die teks voorkom en watter funksie die spesifieke teks as 'n geheel in daardie spesifieke situasie het.

Teksfunksie is 'n pragmatiese eienskap (kwaliteit) wat aan 'n teks toegeken word deur die ontvanger daarvan in 'n spesifieke situasie. Hierdie teksfunksie is nie 'n

inherente eienskap van 'n spesifieke teks nie, maar hang af van die spesifieke situasie waarin die teks ontvang word - die sogenaamde situasie-in-'n-kultuur. Dit volg dat die funksie van die bronteks spesifiek is vir die oorspronklike situasie waarvoor die bronteks geskep is. Hierdie funksie kan nie onveranderd deur die vertaalproses na die doeltaalsituasie oorgedra word nie. Die doeltteks funksioneer in 'n ander situasie in 'n ander kultuur. Dit is wensdenkery om te dink dat die doeltteks presies dieselfde funksie as die bronteks kan hê (Nord, 1997b: 49).

Die funksie van enige oorspronklike teks word in 'n groot mate bepaal deur die behoeftes en die omstandighede van die situasie waarin daardie teks geskep is. In die geval van vertaling moet die funksie van die vertaalde teks egter in die eerste plek gedefinieer word na aanleiding van die verband wat dié doeltteks met die oorspronklike teks het.

2.3.5. Dokumentêre teenoor instrumentele vertalings

As daar so na die verband tussen bronteks en doeltteks gekyk word, kom 'n mens te staan voor die dilemma wat daar reeds sedert die vroegste tye in die wêreld van vertaling heers. Hierdie dilemma kan beskryf word as die keuse wat 'n vertaler moet maak tussen twee basiese tipes vertaalprosesse. In die eerste proses word daar 'n dokument in die doeltaal geskep wat 'n volledige of 'n gedeeltelike weergawe is van 'n kommunikatiewe interaksie tussen 'n brontaalskrywer en brontaallesers in die brontaalkultuur. In die tweede proses word daar 'n instrument in 'n nuwe doeltaalkultuur geskep waardeur die brontaalskrywer met die doeltaallesers kommunikeer deur middel van 'n doeltaaltekst wat met inagneming van die doeltaalkultuur geskep is en waarvoor die bronteks bloot as 'n tipe model dien (Nord, 1997a: 47; Nord, 1997b: 51).

Om uiting te gee aan hierdie twee tipes vertaling, skep Nord die konsepte **dokumentêre vertaling** en **instrumentele vertaling**. Nord (1997b: 52) definieer 'n dokumentêre vertaling as 'n tipe metatekst wat as 'n vertaling gemerk is deur byvoorbeeld duidelik die bronteks en/of die naam van die vertaler te vermeld, en 'n instrumentele vertaling as 'n teks wat enige funksie kan hê wat 'n nie-vertaalde teks kan hê.

2.3.6. Die dokumentêre vorme van vertalings

Nord identifiseer vier tipes dokumentêre vertalings, naamlik die interliniêre (*interlinear*), die letterlike (*literal*), die filologiese (*philological* of *learned*) en die eksotiserende (*exoticising*) vertaling. In al hierdie vertalings is die doelteks 'n teks oor 'n ander teks (die bronteks) en in die verskillende vorme word daar telkens op 'n ander aspek of ander aspekte van die bronteks gefokus (Nord, 1997a: 48).

Indien 'n dokumentêre teks op die morfologiese, leksikale of sintaktiese eienskappe van die brontaal in die bronteks fokus, word daar van 'n woord-vir-woord of 'n **interliniêre vertaling** gepraat. So 'n vertaling kan in vergelykende linguistiek gebruik word of dit kan die kenmerkende strukturele eienskappe van een taal deur middel van 'n ander taal illustreer (Nord, 1997a: 47).

Savory (1957: 63) gebruik 'n woord-vir-woord-vertaling van Lukas 8:8 om die belangrikheid van woordorde in 'n bronteks te illustreer.

Kai heteron epesen epi teen geen teen agatheen

And other it - fell on the ground the good

Hy dui deur hierdie voorbeeld aan dat die plasing van die byvoeglike naamwoord aan die einde van die sin 'n klemverskuiwing in die betekenis het.

Wanneer 'n dokumentêre vertaling poog om die woorde van die bronteks weer te gee deur die sintaktiese strukture en die idiomatiese gebruik van woorde aan te pas by die norme van die doeltaal, is so 'n vertaling 'n **letterlike vertaling**. Hierdie tipe vertaling word dikwels in nuusberigte gebruik waar die woorde van 'n buitelandse politikus letterlik weergegee word (Nord, 1997a: 49).

Wanneer 'n doelteks die bronteks taamlik letterlik weergee, maar tog die nodige kulturele of (meta)linguistiese inligting in voetnotas of 'n woordelys verskaf, word daar van 'n filologiese of **geleerde vertaling** gepraat. Hierdie tipe vertaling word veral by die vertaling van klassieke tekste, die vertaling van die Bybel en die vertaling van werke uit vreemde kulture gebruik (Nord, 1997a: 49).

Nord (1997a: 49) gebruik die Engelse vertaling van 'n kontemporêre Indonesiese roman om die werkswyse wat in 'n geleerde vertaling gevolg word, te illustreer. In die vertaalde teks word sonder verduideliking melding gemaak van 'n spesifieke historiese

figuur, *Sultan Diponegoro*, wat heel moontlik vir die leser van die vertaling geen waarde het nie. Die inligting omtrent hierdie persoon word vir die doelteksleser in 'n woordelys gegee sodat hy/sy die spesifieke verwysing kan verstaan.

Indien die plek waar en die kultuur waarin die verhaal in die bronteks afspeel in 'n dokumentêre vertaling onveranderd gelaat word, mag dit by die doeltaalgehoor 'n gevoel van vreemdheid en kulturele afstand skep - die sogenaamde *foreignizing* of **eksotiserende vertaling**. So 'n vertaling word as dokumentêr geag omdat dit die kommunikatiewe funksie van die bronteks verander. Wat die brontaallesers kan oproep tot handeling, kan vir die doeltaallesers bloot informatief wees (Nord, 1997a: 50). In die OAV word die geldeenhede van die Bybelse tyd byvoorbeeld in sommige gevalle sonder verduideliking behou. Waar die "talente" waarvan daar in Matt. 25: 14-30 (OAV) sprake is vir die oorspronklike leser 'n sekere waardebetekenis gehad het van, byvoorbeeld, baie geld of min geld, is dit vir die moderne leser bloot informatief.

In hulle vertaling van die Nuwe Testament in Duits (DNT, 1999) is dit die dokumentêr-eksotiserende vertaling wat Berger en Nord geïdentifiseer het as die gepaste vertaaltype vir hulle spesifieke teikengroep. In dié vertaling word die kultuur-spesifieke eienskappe van die Bybelse bronteks en die kommunikatiewe bedoelings van die bronteksskrywers gerespekteer, maar die vertalers poog ook om die doeltaallesers tegemoet te kom deur die kultuurgaping vir hulle so ver as moontlik te oorbrug deur die invoeging van bykomende kulturele inligting (Nord, 2002:99).

2.3.7. Die instrumentele vorme van vertaling

In teenstelling met die dokumentêre vertaling wat bloot 'n metatekstuele funksie het, kan die instrumentele vertaling enige kommunikatiewe funksie vervul wat vir enige ander nie-vertaalde teks moontlik is. Indien die funksie van die doelteks dieselfde is as die funksie van die bronteks, kan daar van 'n ekwifunksionele vertaling gepraat word. Indien daar egter 'n verskil is tussen die funksies van die bronteks en dié van die doelteks, word die vertaling as heterofunksioneel geklassifiseer. Indien die status van die doelteks in die doeltaalkultuur dieselfde is as die status van die brontaal in die brontaalkultuur, word daar van 'n homoloë vertaling gepraat (Nord, 1997a: 50).

Ekwifunksionele vertalings kom voor by die vertaling van tegniese tekste, rekenaarhandleidings en ander pragmatiese tekste soos gebruiksaanwysings, resepte,

toeriste-inligting en die inligting oor 'n spesifieke produk. Reiss sou in haar terminologie 'n ekwifunksionele vertaling as 'n kommunikatiewe vertaling geklassifiseer het: die lesers daarvan moet ideaalgesproke nie eers daarvan bewus wees of daarin geïnteresseerd wees dat hulle met 'n vertaling te doen het nie.

By die **heterofunksionele vertaling** is dit onmoontlik om die funksie of funksies van die bronteks onveranderd of in dieselfde mate van belangrikheid na die doelteks toe oor te dra. Die redes hiervoor kan kulturele en/of temporele afstand wees.

Sommige voorbeelde van funksionele ekwivalensie wat Nida aanhaal, sou, indien dit konsekwent deur 'n hele teks deurgevoer is, kon dien as 'n heterofunksionele vertaling. Hy sou dan in 'n funksionele vertaling 'n uitdrukking soos "so wit soos sneeu" kon vervang met "so wit soos die binnekant van 'n kokosneut" vir 'n teikengroep wat nie 'n begrip het vir sneeu nie, maar wel vir die helderwit van die kokosneut se binnekant. So kan die "greet another with a holy kiss" in Rom. 16: 16 dan vertaal word met "give one another a hearty handshake all around" vir 'n teikengroep vir wie 'n soen nie dieselfde funksie sou hê in die doelteks nie. Vir Nida het hierdie tipe "kulturele" vervanging egter net toepassing gevind in sekere teksfragmente. Die funksie van die volledige teks in 'n kultuursituasie is nie vir hom van belang nie.

Met die **homoloë vertaling** word gepoog om 'n homoloë effek te bereik deur in die literêre konteks van die doelkultuur 'n teks te skep wat dieselfde funksie het as wat die brontaaltekst in die literêre konteks van die brontaal het. Hierdie tipe vertaling word soms nie as ware vertalings gesien nie, maar in die funksionalistiese benadering kan so 'n vertaling juis getrou wees aan 'n spesifieke skopos. Die homoloë vertaling is hierin vergelykbaar met die interliniêre vertaling deurdat dit as't ware aan die ander kant van die kontinuum van verhouding tussen bronteks en doelteks staan as die interliniêre vertaling.

Hierdie tipe vertaling is dikwels by die vertaling van poësie nodig. In die verhaal van *Alice in Wonderland* maak die oorspronklike skrywer byvoorbeeld gebruik van 'n bekende kindergediggie waarvan hy die bekende woorde sodanig verdraai dat dit inpas by sy teks (Carroll, [S.a.]: 38). In plaas daarvan om die brontaalskrywer se gediggies bloot net so te vertaal, het die vertaler, André P Brink, met die vertaling van hierdie boek in Afrikaans dié gediggie vervang met 'n Afrikaanse kindergediggie waarvan hy die bekende Afrikaanse woorde verdraai het (Carroll, 1965: 24):

"Al die veld is vrolik . . ." vervolg met
 "en al die vis is hier . . ." in plaas van die woorde wat die leser verwag,
 naamlik
 "en al die voëltjies sing . . ."

2.3.8. Subjektiewe teorieë in vertaling

In die interpretasie van enige kommunikatiewe handeling, sal die kommunikerende individu die kommunikatiewe bedoelinge van die ander party beoordeel na aanleiding van 'n eie "subjektiewe teorie" (Nord, 2001: 188). Hierdie subjektiewe teorie is gebaseer op die individu se kennis en ondervinding van die manier waarop bedoeling en betekenis in sy/haar kultuur uitgedruk of geïmpliseer word. Nord noem hierdie "kennis en ondervinding" die konvensionele vorme van verbale en nie-verbale gedrag wat die subjektiewe teorieë van rolspelers in die kommunikasie-handeling beïnvloed (Nord, 2001: 188).

Reeds in die vroeëre werk van Reiss en Vermeer het vertaalkonvensies ter sprake gekom (Reiss & Vermeer, 1984: 180). Hulle het egter hulle bespreking van konvensies beperk tot konvensies wat te maak het met die genre van 'n spesifieke kommunikatiewe handeling. Genre-konvensies ontstaan as gevolg van die standaardisering van sekere kommunikatiewe vorme. Sekere tipes tekste word byvoorbeeld herhaaldelik in sekere situasies vir dieselfde funksie(s) aangewend. So ontstaan die konvensie dat dit die aanvaarde manier is om 'n spesifieke kommunikatiewe bedoeling te bereik. Die teksproduseerder moet aan hierdie konvensie voldoen om suksesvol met sy/haar lesers te kan kommunikeer. So byvoorbeeld bestaan die genre-konvensie in Afrikaans en Engels dat resepte in die imperatief weergegee word (*Sif die droë bestanddele saam, skei die eiers*, ensovoorts). In Duits, daarenteen, bestaan die konvensie om resepte in die infinitief weer te gee (*Fischfilet säubern, säuern, salzen*, ensovoorts) (Nord, 1991b:19).

Volgens Nord speel ander konvensies egter ook 'n rol by vertaling (Nord, 1997a: 55-59). Sy noem hier konvensies van algemene styl, konvensies van nie-verbale gedrag en spesifieke vertaalkonvensies.

Wat algemene styl betref, mag dit wees dat twee tale oor ooreenstemmende taalstrukture beskik, maar daar is heel dikwels 'n verskil in die konvensies wat heers in

die twee taalkulture oor die aanwending van die strukture om goeie styl te verteenwoordig. So sal die analise van twee parallelle tekste in Afrikaans en Duits byvoorbeeld aantoon dat daar in die Duitse teks baie van bysinne gebruik gemaak word wat baie lang sinne tot gevolg het, terwyl dit nie as goeie styl in Afrikaans beskou word nie.

Die konvensies van nie-verbale gedrag is byvoorbeeld sigbaar in die vertaling van die welbekende *Alice in Wonderland* in Spaans, Italiaans, Frans en Duits. Die oorspronklike teks gebruik die tipiese emosielose onderbektoneering wat kultuureie is aan die Engelse volk. Uitinge word ingelei deur: *ask*, *answer*, ensovoorts. In die vertalings waar emosie kultuureie is aan die doeltaallesers word ekwivalente gebruik met die gevoelswaarde van *murmering*, *shrieking*, *sobbing*, ensovoorts (Nord, 1997a: 57).

Vertaalkonvensies ontstaan omdat vertaling in enige kultuur ook deel is van kommunikatiewe gedrag in die algemeen. Konvensies word gevorm oor wat 'n vertaling is, wat dit behoort te wees en watter verhouding daar behoort te bestaan tussen 'n spesifieke tipe bronteks en die ooreenstemmende doelteks. Vertaalkonvensies kan ook die prosedures rig wat gevolg word om sekere vertaalprobleme onder tekswak op te los, byvoorbeeld hoe eiename in 'n vertaling hanteer word. Die lede van 'n spesifieke kultuurgroep kan moontlik die konvensie hê dat eiename in die vertaling van literêre werke vir volwassenes onveranderd behou moet word, maar dat die eiename in die geval van 'n kinderboek wel vertaal moet word (Nord, 1991a: 100).

Die subjektiewe teorieë (of die verwagtinge wat konvensies skep) tree in werking wanneer 'n individu met 'n teks gekonfronteer word, of dit nou 'n vertaalde teks of 'n bronteks is. In die geval van instrumentele vertalings is die lesers van die doelteks onbewus daarvan, of hulle nie waarde daaraan nie, dat hulle met 'n vertaling te doen het. By die dokumentêre vertaling is die lesers egter daarvan bewus dat hulle met 'n vertaling te doen het, en tree nie alleen hulle subjektiewe teorieë oor kommunikasie in die algemeen in werking nie, maar ook hulle subjektiewe teorieë ten opsigte van vertaalde werke.

Funksionalisme, soos gedefinieer deur Nord, probeer subjektiewe teorieë ekspliseer deur hulle in pas te bring met die vertaalstrategieë en -prosedures wat gevolg word om 'n spesifieke doel met 'n vertaalprodukt te bereik - 'n doel wat kan verskil van die doel van die bronteks. Hierdie funksionalistiese benadering tot vertaling volg die

subjektiewe teorie dat ekwivalente kommunikatiewe funksie en/of effek nie 'n essensiële eienskap van die vertaalproses hoef te wees nie (Nord, 2001: 191).

Hierdie teorie word deur empiriese getuienis ondersteun: in baie gevalle is ekwivalensie tussen bronteks en doelteks nie die doel van die vertaling nie omdat dit bloot nie moontlik is nie. Nord gebruik onder andere die voorbeeld van Paulus se briewe aan die gemeentes van Efese en Korinthe om hierdie punt te illustreer. Die boodskap wat Paulus vir die mense van Efese en Korinthe gehad het en die omstandighede waaronder sy oorspronklike lesers die briewe gelees het, kan nie bloot net deur die bronteks te vertaal aan 'n moderne leser oorgedra word nie. In so 'n geval sal daar 'n verandering in die funksie van die bronteks wees wanneer dit vir die doeltaalleser in die vertaalde vorm aangebied word.

Die subjektiewe teorieë van lesers wat betref die vertaling van sekulêre tekste laat die vertaler heelwat beweegruimte toe. In die geval van die vertaling van die Bybel het die geskiedenis reeds bewys dat lesers van vertalings van die Bybel die subjektiewe teorie aanhang dat die letterlike vertaling van die oorspronklike Bybelse teks die veiligste manier is om aan die kommunikatiewe bedoeling van die oorspronklike skrywer getrou te bly (Nord, 2001: 192). Dit is egter juis in die funksionalistiese benadering tot vertaling waar tot die slotsom gekom word dat ". . . a communicative function is not an intrinsic quality of a text; texts have functions *for* readers, sometimes even different functions for different readers or the 'same' reader at different moments of their life" (Nord, 2001: 193).

2.3.9. Lojaliteit en die skoposteorie

Die konsep *lojaliteit* is in die skopos-teorie ingevoer deur Christiane Nord (1991a; 1997a; 1997b; 2001). Haar motivering vir hierdie stap was om te kan voorsiening maak vir die kulturele spesifiekheid van die verskillende konsepte van vertalings. Die konsep lojaliteit stel 'n manier daar om 'n etiese beperking te plaas op die andersins onbeperkte aantal moontlike skopoi of doeleindes vir die vertaling van enige spesifieke teks (Nord, 2001: 185).

Die besluit oor wat 'n moontlike of toelaatbare vertaalskopos vir 'n spesifieke bronteks is, is gebaseer op die aanvaarde konvensionele konsep van vertaling met betrekking tot die kulture wat by die vertaling betrokke is. Hierdie konsep bepaal byvoorbeeld watter verhouding die gebruikers van die vertaling (die inisieerders van die

vertaling, die lesers van die vertaling) verwag dat daar tussen die bronteks en die doelteks gaan wees (Nord, 1991a: 94). Die vertalers, as tussengangers tussen twee kulture, het 'n spesiale verantwoordelikheid teenoor hulle vennote in die vertaalproses, naamlik die bronteksskrywer, die inisieerder van die vertaling en die uiteindelijke lesers van die doelteks. Lojaliteit berus op 'n interpersoonlike verhouding en kan die tradisionele intertekstuele verhouding van getrouheid (*fidelity* en *faithfulness*) vervang. Die tradisionele verhouding van getrouheid het gewoonlik verwys na die linguistiese of stilistiese ooreenkomste tussen die bronteks en die doelteks; met lojaliteit daarenteen is dit die kommunikatiewe bedoeling van die tekste wat belangrik is (Nord, 2001: 185). Nord stel dit ook as volg: "Loyalty commits the translator bilaterally to the source and the target side" (1997b: 48).

Volgens die beginsel van lojaliteit is dit die vertaler se verantwoordelikheid om die leser in kennis te stel van besluite wat geneem is aangaande die vertaalwyse. Die leser het sy vertrou in die vertaler geplaas en lojaliteit vra dat die vertaler hierdie vertrou moet respekteer.

Die lojaliteitsbeginsel lei tot die byvoeging van twee belangrike vereistes by die funksionalistiese benadering. In die eerste plek dwing dit die vertaler om ag te slaan op die verskillende konsepte van vertaling wat die bron- en doeltaalkulture kan hê; die skoposteorie word ook 'n anti-universalistiese model. Tweedens dwing dit die vertaler om die sender se individuele kommunikatiewe bedoelings te respekteer, in so verre dit natuurlik uit die bronteks afgelei kan word. Waar radikale funksionalisme in die meeste gevalle die onttroning van die bronteks vereis, vra die lojaliteitsbeginsel dat die bronteksskrywer se oorspronklike bedoelings gerespekteer word.

Vir Nord staan die funksionalistiese benadering tot vertaling op twee bene: funksie plus lojaliteit (Nord, 1997a: 126). Funksie verwys na die faktore wat 'n doelteks laat funksioneer volgens die vooraf geïdentifiseerde doel in die doelsituasie. Lojaliteit verwys na die interpersoonlike verhouding tussen die vertaler, die brontaalsender, die doeltaalontvanger en die inisieerder. Lojaliteit beperk die aantal verantwoordbare doelteksfunksies vir een spesifieke bronteks en vra dat daar onderhandelinge plaasvind tussen vertalers en kliënte oor die vertaalopdrag.

Binne die raamwerk van die funksie-plus-lojaliteit-benadering is 'n instrumentele vertaling net moontlik as die sender se bedoeling nie eksklusief tot die

bronkultuurontvangers gerig is nie maar ook na die doelkultuurlesers oorgedra kan word. As dit nie die geval is nie, moet die teks eerder as 'n dokumentêre vertaling vertaal word. Die lesers moet dan byvoorbeeld in 'n inleiding ingelig word oor die brontaalsituasie sodat hulle daarvan bewus kan wees wanneer hulle die vertaling lees (Nord, 1997a: 127).

Met die lojaliteitskonsep het die vertaler dan 'n verantwoordelikheid teenoor beide die sender van die bronteks en die ontvanger van die doelteks. Vir Nord kom hierdie verantwoordelikheid tot uiting in die nakoming van sekere konvensionele konsepte. Hierdie konvensies bepaal die verwagtinge wat die vertaler se vennote in die vertaalproses ten opsigte van die vertaalde teks het.

Dit kan voorkom asof die doelteks aan die konvensies van die doelkultuur moet voldoen. Dit is egter nie 'n algemene reël nie: as 'n kommunikatiewe aktiwiteit wat twee kulturele gemeenskappe omsluit, is vertaling ook betrokke by twee stelle konvensies, naamlik dié van die bronkultuur en dié van die doelkultuur. Watter een van die twee stelle konvensies in 'n spesifieke vertaalproses voorrang gaan geniet, word bepaal deur die doel en funksie van die spesifieke vertaling (Nord, 1991a: 99).

2.3.10. Lojaliteit in Bybelvertaling

Nord trek die konsep van lojaliteit deur na Bybelvertaling as sodanig. Volgens haar is dit nodig om fyn ondersoek in te stel na die funksie wat die oorspronklike skrywers van die Bybel met 'n spesifieke gedeelte beoog het. Dit kan gebeur dat 'n vertaler deur byvoorbeeld Paulus se briewe aan die gemeentes van die Nuwe-Testamentiese tye net letterlik te vertaal, die doel en funksie van die boodskap vir die moderne leser heeltemal ontoeganklik maak (Nord, 2001: 193).

In die Nuwe Testament het die Griekse woord *porneia* 'n wye verskeidenheid betekenis: onder andere seksuele losbandigheid (1 Kor. 6:18), onsedelikheid (1 Kor. 7:2) en egbreuk (Matt. 19:9). Die vertaler kan, in ooreenstemming met sy taak om hierdie inligting en verskil in betekenis aan die leser van vandag oor te dra, elke skrifgedeelte noukeurig analiseer en vir elke spesifieke konteks die woord met die gepaste vertaalekwivalent vertaal. Die resultaat van so 'n proses is 'n filologiese (dokumentêre) vertaling wat die teks bloot as 'n histories-korrekte dokument weergee wat ook aan lesers 'n idee gee van die vreemde kultuur waarin Paulus en ander Bybelskrywers geleef en gewerk het.

Dit kan egter die vertaler (of die inisieerder van die vertaling) se oogmerk wees om die gaping tussen die twee kulture te oorbrug en te vra wat die funksie van die Bybelse teks vir die leser van vandag kan wees, met ander woorde hoe die teks ook vir die leser van vandag 'n ander funksie kan hê as bloot die referensiële funksie wat dit met die letterlike vertaling het. Dit kom dan daarop neer dat dit vir die leser van vandag dieselfde funksie moet hê as wat dit vir die oorspronklike leser gehad het, naamlik in die geval van Paulus se skrywe oor onsedelikheid dat dit ook die moderne leser sal oproep (appellatiewe funksie) tot 'n verandering in sy/haar lewe. Volgens Nord is dit dan juis 'n weerspieëling van die funksionalistiese benadering se lojaliteit teenoor die geadresseerde, maar ook teenoor die oorspronklike skrywer se kommunikatiewe bedoelings (Nord, 2001: 194).

As voorbeeld van hierdie lojaliteit teenoor die bedoeling van die oorspronklike skrywer kan gekyk word na die OAV se vertaling van die woord *porneia* in 1 Kor. 6: 18 met "hoerery". Volgens die HAT (2000, s.v. 'hoerery') het "hoerery" die betekenis van ontug en owerspel. "Ontug" kan vir sommige Afrikaanse lesers van die apartheidsera net op seksuele verhoudings oor die kleurgrens heen dui en "owerspel" kan vir ander weer net op ontrouheid binne die huwelik dui. Die moderne leser wat hierdie gedeelte lees, mag dalk dink dat hierdie oproep van Paulus nie op hom/haar van toepassing is nie. In die NAV word die term "seksuele losbandigheid" egter gebruik. Die leser van hierdie vertaling kan, net soos die oorspronklike lesers van Paulus se brief, ook hierdie waarskuwing as 'n persoonlike boodskap ter harte neem.

Lojaliteit word juis belangrik in gevalle waar die kulturele wêreld van die brontaallesers en die doeltaallesers so ver van mekaar verwyderd is soos in die geval van Bybelvertaling. Dit is juis dan wanneer die boodskap van die bronteksskrywer nie sy doel met die doeltaalleser bereik nie. Die verantwoordelikheid rus dan op die vertaler (of die inisieerder, of al twee, in samewerking of deur onderhandeling) om te besluit watter funksie die doeltteks in die doeltaalkultuur gaan hê. 'n Dokumentêre vertaling sal dan die maklike uitweg wees om 'n oënskynlike "ekwivalensie" te bewerkstellig. Sodanige "ekwivalensie" is egter net kunsmatig - wat in die bronteks 'n direkte appellatiewe funksie het, word in die doeltteks bloot informatief. Hoe groter die kulturele gaping is, hoe skraler is die kans dat die doeltaallesers enige analogieë met hulle eie leefwêreld sal vind. Die gevaar met vertalings wat as getrou geag word in die intertekstuele sin is dat hulle nie aan die kommunikatiewe bedoelings van die brontaalskrywer getrou is nie.

Hier kan weer verwys word na die voorbeeld van "so wit soos sneeu" en "so wit soos die binnekant van 'n kokosneut". Die leser wat nie sneeu ken nie sal deur die oënskynlike "ekwivalensie" ontnem word van die voorreg om te kan verstaan hoe groot die genade van God vir elke sondaar is.

Die vertaler kan egter die vreemdheid vir die doeltaalleser verstaanbaar maak en die lesers help om die kultuurwêreld van die bronteks te verstaan en ook self die analogieë met hulle eie wêreld raak te sien en te interpreteer. Nord staan hier die gebruik van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling voor wat fokus op die vreemdheid van die bronteksinhoud én die doeltaallesers bewus maak van die eksotiese omgewing en kulturele afstand (Nord, 1997a: 48).

Hier vra lojaliteit van die vertaler dat hy/sy beide die subjektiewe teorieë van die doeltaalleser en die kommunikatiewe bedoelings van die brontaalskrywer in ag neem (Nord, 2001: 195). Vertalers neem die subjektiewe teorieë van die doeltaallesers in ag deur hulle in te lig oor die doel van die vertaling (skopos) en die metodes waarvolgens die vertaling gedoen word. Wanneer vertalers byvoorbeeld besluit om moderner woorde in die Bybel te gebruik as wat die subjektiewe teorieë van die doeltaallesers verwag, moet die lesers vooraf in kennis gestel word watter strategie die vertalers gevolg het en wat hulle motivering daarvoor was (Nord, 2001: 196). Nord en Berger het juis ook hierdie weg gevolg in hulle vertaling van die Nuwe Testament en ander vroeg-Christelike geskrifte in Duits met 'n breedvoerige inleiding vooraf oor die beginsels wat gevolg is in die spesifieke vertaling (DNT, 1999: 11-32).

2.3.11. Skopos en die bronteks

Die prioriteit wat die doel van die doeltteks in die funksionalistiese benadering geniet, beteken nie dat die bronteks volkome irrelevant is nie. Vermeer het wel die onttroning van die bronteks as deel van die skopos-benadering gesien (Vermeer, 1998: 50), maar die bronteks voorsien steeds die inligting wat die beginpunt vorm van die inligting wat in die doeltteks aangebied word (Nord, 1997a: 62). 'n Analise van die bronteks rig steeds die vertaalproses deurdat dit die basis verskaf vir besluite oor:

- Die lewensvatbaarheid (*feasibility*) van die vertaaltaak
- Watter bronteks-eenhede relevant is vir 'n funksionalistiese vertaling; en

- Watter vertaalstrategie gevolg moet word sodat die vertaling kan voldoen aan die vereistes van die vertaalopdrag.

Nord sien die sogenaamde *Translation Oriented Source Text Analysis (TOSTA)* as onontbeerlik vir enige vertaaltaak en voel dat dit in die globale konsep van vertaling geïntegreer moet word as 'n permanente verwysingsraamwerk vir die vertaler:

Translation-oriented text analysis should not only ensure full comprehension and correct interpretation of the text or explain its linguistic and textual structure and their relationship with the system and norms of the source language (SL), but it should also provide a reliable foundation for each and every decision which the translator has to make in a particular translation process. (Nord, 1991b: 1)

Vir Nord (1991b: 35) is die kommunikatiewe funksie van die bronteks, verteenwoordig deur die faktore van die kommunikatiewe situasie waarin die bronteks 'n spesifieke funksie moet verrig, van die grootste belang by die analise van die bronteks. Sy onderskei tussen hierdie ekstratekstuele faktore en die sogenaamde intratekstuele faktore wat te make het met die faktore wat betrekking het op die teks self.

Nord maak gebruik van 'n aantal vrae om die ekstratekstuele faktore te analiseer (Nord, 1991b: 36). Die vrae handel oor die skrywer of sender van die teks (wie?), die sender se bedoeling (waarvoor?), die persoon aan wie die teks gerig is (vir wie?), die medium of die kanaal waardeur die teks gekommunikeer is (op watter manier?), die plek (waar?) en die tyd (wanneer?) die teks geproduseer en ontvang is, en die rede vir die kommunikatiewe handeling (hoekom?). Wanneer al hierdie vrae beantwoord is, kan die funksie van die teks vasgestel word.

Die intratekstuele faktore word op dieselfde manier geanaliseer met die vrae oor die onderwerp van die teks, die inligting of inhoud van die teks, die kennis wat die skrywer aanneem dat die leser oor beskik, die samestelling van die inligting-aanbod in die teks, die nie-linguistiese of paralinguistiese elemente wat deel vorm van die teks, die leksikale eienskappe, die sintaktiese eienskappe en die toon van die teks.

In die geval van die dokumentêre vertaling is die fokus te alle tye tydens die vertaalproses op die bronteks. Vir Nord is die doelteks dan "a text about a text" (1997a: 47). In 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling van die Bybel met die skopos om die

vreemdheid vir die leser te verhelder, moet die kommunikatiewe situasie waarin die oorspronklike teks gestaan het, in ag geneem word. Hierdie kommunikatiewe situasie is ingebed in die kulturele konteks van die Bybelse wêreld.

'n Diepgaande ondersoek na die kultuursituasie van die bronteks is nodig om dit in verband te kan bring met die kultuursituasie van die moderne leser. Dit kan gebeur dat sommige situasies in die kultuur van die Bybelse wêreld vir die moderne leser bekend is, maar ander situasies kan weer so vreemd wees dat die moderne leser glad nie die oorspronklike bedoeling van die Bybelse skrywer snap nie.

2.4. *Kultuur en vertaling*

Die algemene neiging vandag is om vertaling as kulturele oordrag (of interkulturele kommunikasie) eerder as linguistiese oordrag te sien. Beide die bronteks en die doelteks word nie net meer primêr as talige tekens gesien wat 'n mens bloot van een taal na 'n ander kan oordra nie. Tekste word gesien as kommunikatiewe handeling wat altyd en uitsluitlik in 'n "situasie-in-'n-kultuur" plaasvind. Volgens Berger en Nord bestaan daar geen "kultuurvrye ruimte" nie; elke situasie is in 'n kultuur ingebed en word deur daardie kultuur beïnvloed (DNT, 1999: 20).

Vir Nord (1991b: 7) het die bronteks en die doelteks elkeen 'n plek in 'n spesifieke kultuur en elkeen word beïnvloed deur 'n spesifieke kommunikatiewe situasie in daardie kultuur op daardie tyd en daardie plek. Die skuif is gemaak vanaf die teks as eenheid van vertaling na die kultuur waarin die vertaling plaasvind as eenheid van vertaling. Volgens Ménacère (1999: 346) is vertaling ". . . essentially a process of understanding the world and culture of SL [the source language] and a process of trimming and readjusting it into TL [the target language] for the desired communicative effect."

Wanneer kultuur en vertaling bespreek word, is dit egter goed om eers die konsep **kultuur** te definieer. Vir Scollon en Scollon (1995) is kultuur 'n antropologiese konsep, met ander woorde kultuur sluit die gebruike, die wêreldvisie, die taal, die familiestelsels, die sosiale organisasies en enige ander dikwels onwillekeurige gebruike van 'n groep mense in wat hulle identifiseerbaar maak as 'n afsonderlike groep.

Nord (1997a:24) ondersteun Goodenough (1964: 36) se definisie van kultuur waarvolgens hy kultuur nie as 'n materiële verskynsel sien wat uit dinge, mense, gedrag

of emosies bestaan nie, maar eerder as 'n ordening van hierdie dinge. Dit is die modelle waarvolgens mense dinge waarneem, interpreteer en met mekaar in verband bring. Die kultuur waarvan 'n persoon deel is, bepaal ook hoe hy/sy 'n teks gaan verstaan, soos Berger en Nord (DNT, 1999: 20) dit stel: "Texte aus fremden Kulturen *meinen* wir zu verstehen, 'wie *sie* sind', aber verstehen sie doch in Wirklichkeit nur, 'wie *wir* sind'" (kursief in die oorspronklike).

Ook in die tekslinguistiese benadering tot vertaling van Hatim en Mason (1990) word klem gelê op die spesifieke sosio-kulturele konteks waarin die bronteks en die doelteks voorkom.

Hatim (2001: 62) sien die volgende faktore as van belang by vertaling:

- Die konteks waarin die vertaling plaasvind;
- Die agtergrondgeskiedenis van die brontaal en die doeltaal; en
- Die posisie van die bronteks in die literêre stelsel van die brontaal teenoor die posisie van die doelteks in die literêre stelsel van die doeltaal.

Al hierdie faktore het as gemene deler die kultuur waarin elkeen van die tekste staan.

Dit blyk dat hierdie siening van kultuur heelwat wyer is as wat vertaalteoretici soos Nida en Newmark, wat tot die linguistiese skool behoort, dit sien. Volgens Newmark kan die verskillende aspekte van kultuur vereenvoudig word tot die volgende: ekologie (plante en diere), materiële kultuur (kos, klere, vervoermiddels), sosiale kultuur, organisasies, gebruike, idees, en gebare. Hy lê klem op die vertaling van sogenaamde *cultural words*. Volgens hom " [are] most 'cultured' words easy to detect, since they are associated with a particular language and cannot be literally translated" (Newmark, 1988: 95). In hierdie siening van kultuur en vertaling word die kommunikatiewe situasie waarin die bronteks en die doelteks voorkom, heeltemal misken; al wat in die siening van belang is, is kulturele oordrag op woordvlak.

Hatim en Mason sien ook hierdie lys as onvolledig. In ooreenstemming met die Scollons se definisie behels kultuur vir hulle ook 'n sosio-tekstuele dimensie wat die vorm en funksie van die makro-elemente soos diskoers en genre van 'n teks insluit. In Hatim en Mason (1997) en Hatim (1997) word die probleme wat ontstaan as gevolg van die verskille in oordragende strategieë en argumentasie van verskillende kulture bespreek. Volgens Hatim (1997: 157) is "the root of the problem a set of misconceptions held by

one party about how the other rhetorically visualizes and linguistically realizes a variety of communicative objectives."

Vertaling beteken die oordrag van 'n teks van een deel van die wêreld na 'n ander deel van die wêreld of selfs van een wêreld na 'n ander wêreld. In vertaling verander die omstandighede en konteks van die teks, en hierdie nuwe omstandighede en konteks is medebepalend in die proses van vertaling.

Binne hierdie raamwerk moet die bronteks in die proses van vertaling só na die doeltaal en –kultuur oorgedra word dat dit vir die ontvangers van die doelteks verstaanbaar is in hulle situasie en kultuur. Die doelteks moet verstaan kan word binne die konteks van die doelleser se kulturele wêreldkennis of dan binne die konteks van kennis wat hy/sy van die bronteks se kultuur of wêreld het. Omdat die situasies en kulture van verskillende groepe verskillend is, volg dit dat dieselfde bronteks nie vir verskillende groepe volgens dieselfde metode vertaal kan word nie. Dit kan gebeur dat een en dieselfde teks in verskillende kommunikatiewe situasies met verskillende kommunikatiewe doelwitte verskillend vertaal sal word (DNT, 1999: 21).

Vir die meeste mense is hierdie beginsel heeltemal aanvaarbaar in die geval van sekulêre tekste waarby literêre tekste en vakliteratuur ingesluit kan word. Die vertaling van die Bybel val egter vir hulle in 'n aparte kategorie. Wilss (1982: 133) sien Bybelvertaling byvoorbeeld as 'n spesiale geval in die wetenskap van vertaling en Sager (1998: 69) onderskei tussen literêre tekste, nie-literêre tekste en sogenaamde *sacred* tekste, waarby hy dan die Bybel insluit.

Vir die aanhangers van die funksionalistiese benadering is hierdie onderskeid tussen literêre en nie-literêre tekste aan die een kant en die Bybel aan die ander kant egter nie aanvaarbaar nie. Vir hulle is die Bybel ook 'n teks wat in sy brontaalvorm én in sy doeltaalvorm 'n spesifieke kommunikatiewe funksie moet verrig vir 'n spesifieke teikengroep in 'n spesifieke kultuursituasie. Hulle sou dus glad nie saamstem met Nida en Taber (1969: 31) dat 'n vertaling wat as 'n sendinginstrument moet dien ook in die behoeftes van 'n goedingeligte Bybelleser kan voldoen nie (sien par.2.2).

Wanneer daar 'n groot gaping is tussen die kulture van die oorspronklike leser en die doeltaallezer (soos in die geval van Bybelvertaling) kan die situasie ontstaan dat: a) 'n gebrek aan kultuurspesifieke agtergrondskennis dit onmoontlik maak vir die leser van die

vertaling om koherensie te bewerkstellig tussen wat gesê word en sy/haar eie wêreldkennis en b) die gevoel ontstaan dat die nie-verbale gedrag en die verbale gedrag nie ooreenstem nie omdat die leser nie 'n begrip het vir die nie-verbale gedrag van die tyd waarin die oorspronklike teks geskep is nie (Nord, 2002:99).

Omdat Bybelvertaling by uitstek 'n voorbeeld is van 'n tipe vertaling waar die bronteks en die doeltteks in twee verskillende wêreldes bestaan, raak die studie van kultuur toenemend van belang vir die vertaler. Volgens Ellingworth (1998: 126-127) is dit onafwendbaar dat die vertalers van antieke tekste soos die Bybel mettertyd kulturele fenomene sal raakloop wat in die wêreld van die Bybel bestaan het, en wat in die wêreld van die teikenleser anders is wat funksie en betekenis betref of heeltewel ontbreek.

Malina erken hierdie gaping wanneer hy veral kyk na die sosiale stelsels van die Bybelse tyd:

Meaning inevitably derives from the social system of the speakers of a language. By translating ... [the Bible] what we do is transplant the first century [people of Palestine] into our modes of saying, and all too often we presuppose that what they say embodies our modes of meaning as well. . . . If meaning derives from a social system, while wording simply embodies meaning from the social system, then any adequate understanding of the Bible requires some understanding of the social system embodied in the words that make up our sacred Scripture.

(Malina, 1993: 3)

So byvoorbeeld skryf Derickson met verwysing na die gedeelte in Joh.15 oor die ware wingerdstok dat die moderne mens se onkunde oor die Bybelse boerderymetodes daartoe kan lei dat sekere gedeeltes van die Bybel misverstaan kan word. Hy vervolg:

When interpreting difficult passages, such issues as context and lexical meaning are certainly important. But the proper use of historical and cultural data may also inform one's understanding of key terms and concepts, thereby clarifying what might otherwise be obscure or confusing in a biblical passage.

(Derickson, 1996: 34,35)

Dit is ook die mening van Bailey wanneer hy skryf oor die verstaan van die Bybelse gelykenisse:

Augmenting the historical foundation with an awareness of first-century culture allows the parables to retain their true-to-life nature and unlocks the parabolic references to the religious and social cultures of the original settings of the parables. (Bailey, 1998:33)

Ook Walton en Matthew (1997) waarsku dat die moderne leser bewus moet wees van die verskille wat bestaan tussen die denkwysse van die Israeliete van die Bybelse tyd en dié van die moderne leser. Ons is geneig om ons eie kulturele vooropgesteldhede en ons eie perspektiewe en wêreldvisie te gebruik as basis om 'n Bybelse teks te verstaan (Walton & Matthew, 1997: Preface).

Om die Bybel reg te kan verstaan, is vir die moderne leser "much like eavesdropping on a transplanted group of foreigners with the purpose of getting to understand them" (Malina, 1993: 3) en hierdie "eavesdropping" kan slegs beter begrip tot gevolg hê "if we pay careful attention to the cultural system that 'created' them and which they embody" (Malina, 1993: 10).

Hierdie siening van Malina word ook gedeel deur Venuti (1995). Volgens hom kan die vertaler gebruik maak van twee strategieë in die vertaalproses: *domestication of foreignization*. Sy begrip domestisering (*domestication*) bring hy in verband met Schleiermacher se uitspraak dat sodanige vertaling die leser van die vertaling so veel moontlik tegemoet kom of met rus laat en die skrywer van die oorspronklike teks na hom/haar toe bring. Die vreemdheid (*foreignness*) van die doeltteks word dus tot die minimum beperk. Met vervreemding (*foreignization*) in 'n vertaling, aan die ander kant, word die skrywer van die bronteks met rus gelaat en die leser van die doeltteks word na hom/haar toe gebring (Venuti, 1995: 19-21).

Venuti (1996) se sogenaamde geweld van vertaling (*violence of translation*) vind ook noue toepassing op die gebied van Bybelvertaling. Vir Venuti (1996: 196) is die geweld wat vertaling pleeg, geleë in die einddoel van die vertaling en in die vertaalhandeling as sodanig: 'n vreemde teks (*foreign text*) word herskep in ooreenstemming met die waardes, idees en veronderstellings wat reeds vantevore in die doeltaalkultuur bestaan het. Venuti se definisie van vertaling lui as volg: "Translation is the forcible replacement of the linguistic and cultural difference of the foreign text with a text that will be intelligible to the target language reader" (Venuti, 1996: 196). Vir hom kan

die vertaling van 'n bronteks dan tot gevolg hê dat die kulturele andersheid van die bronteks deur die vertaling verander word in die herkenbare of selfs die bekende vir die doelteksleser. Wanneer vertaling só gedoen word, lei dit gewoonlik tot die volslae domestisering (*domestication*) van die vreemde teks.

Anders as wat Venuti voorsien, hoef vertaling egter nie noodwendig die afbreking van die kulturele andersheid te beteken nie. Met die funksionalistiese benadering waardeur 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling tot stand gebring kan word, kan hierdie vreemdheid juis ook in 'n Bybelvertaling behou word. Wanneer die leser dan ook nog bykomende inligting oor die kultuurverskille kry, kan die woorde van Deist beaam word:

Handled with the necessary care and respect, though, the concept of cultural identity and the honest search for the 'other' in the pages and the original environment of the Bible may considerably enhance, and perhaps fundamentally change, our understanding of biblical literature and of ourselves.

(Deist, 2000: 82)

2.5. Relevansie-teorie en vertaling

Ook vir ander vertaalteoretici is die behoud van die vreemde karakter van die Bybelse teks by die vertaling daarvan van groot belang.

Ernst-August Gutt het by Bybelvertaling betrokke geraak as 'n lid van die *Summer Institute of Linguistics (SIL)*. Hy het 'n alternatief gesoek vir die dinamies-ekwivalente-benadering tot Bybelvertaling soos deur Nida voorgestel (sien par. 2.2). Sy aanvanklike doel was om 'n teoretiese raamwerk te vind waarbinne alle tipes vertaling sou kon inpas, en so 'n teorie het hy gevind in die relevansie-teorie van kommunikasie soos ontwikkel deur Sperber en Wilson (1986). Sy siening is dat 'n algemene teorie van vertaling nie nodig is nie, omdat die relevansie-teorie reeds voorsiening maak vir alle aspekte van vertaling (Gutt, 1990: 135).

Volgens hom kan vertaling as sodanig die beste beskryf word as dit gesien word as 'n vorm van sekondêre kommunikasie. Hierdie sekondêre kommunikasie verskil van 'n primêre kommunikasie waar die betekenis van 'n uiting suksesvol oorgedra word omdat die hoorder (ontvanger) dieselfde kontekstuele aannames gebruik as die sender van die boodskap. In die geval van 'n sekondêre kommunikasie, soos 'n vertaling, kan die

hoorders dan ander kontekstuele aannames as die oorspronklike sender van die boodskap gebruik en die boodskap daarom verkeerd verstaan (Gutt, 1991: 73).

Hierdie siening van vertaling verskil in die opsig van die funksionalistiese siening van vertaling. Volgens die funksionalisme is die doeltteks die eindproduk van 'n voortgesette kommunikatiewe handeling vanaf die oorspronklike sender na die doeltaalleser deur middel van 'n vertaler wat as tussenganger optree (sien par. 2.3.1). Hierdie aspek sal later weer bespreek word. Sien par. 2.6.2.

Gutt vind die beginsels waarvolgens hierdie sogenaamde sekondêre kommunikasie (vertaling) plaasvind binne die teoretiese raamwerk van die relevansie-teorie van Sperber en Wilson (1986) en hierdie teorie bied ook aan hom 'n verklaring van hoe vertaling werk. Volgens die relevansie-teorie is daar 'n gaping tussen die semantiese voorstelling van sinne, en die gedagtes of idees wat daardeur gekommunikeer word. Hierdie gaping word gevul deur kontekstuele faktore. Die definisie van hierdie kontekstuele faktore is baie wyd. Konteks is nie beperk tot inligting oor die onmiddellike fisiese omgewing of voorafgaande uitinge nie. Sperber en Wilson sluit onder andere die volgende by konteks in: "expectations about the future, scientific hypotheses or religious beliefs, anecdotal memories, general culture assumptions, beliefs about the mental state of the speaker . . ." (Sperber & Wilson, 1986: 15).

Die relevansie-teorie onderskei tussen twee tipes taalgebruik, naamlik die deskriptiewe en die interpretatiewe gebruik van taal. Met die deskriptiewe gebruik van taal wil die skrywer (spreker) die realiteit akkuraat weergee; met die interpretatiewe gebruik van taal, daarenteen, wil die skrywer (spreker) die gedagte of betekenis van die uiting akkuraat weergee. Volgens Gutt (1991: 100) is vertaling dan die intertalige interpretatiewe gebruik van taal waarin die vertaler probeer om die gedagtes van die oorspronklike skrywer in 'n ander taal weer te gee. Hierdie beskrywing van vertaling geld volgens Gutt vir alle vorme van vertaling en voorsien aan hom 'n "unified account of translation" (Gutt, 1991: 161).

Gutt het hierin ook wegbeweeg van Nida se teorie van vertaling waarin vertaling net die enkodering en dekodering van boodskappe behels. Enige boodskap wat gestuur word, is ingebed in die kognitiewe wêreld van die sender. Wanneer die hoorder die boodskap kry, interpreteer hy/sy weer die boodskap na aanleiding van sy eie kognitiewe wêreld. By Bybelvertaling is hierdie sender en hoorder egter ver verwyder van mekaar in

tyd en in ruimte, en die wêreld en kultuur van die sender en die wêreld en die kultuur van die hoorder het bykans geen raakpunte nie.

Gutt se beskrywing van vertaling as die intertalige interpretatiewe gebruik van taal bring egter mee dat daar 'n belangrike verskil bestaan tussen hierdie teorie en die funksionalistiese teorie. Deur hierdie benadering word die instrumentele vertaling soos deur Nord gedefinieer (Nord, 1997a : 50) nie as 'n vertaling geag nie (sien par.2.3.5). Dit is volgens hierdie siening nie aanvaarbaar dat Nord in 'n instrumentele vertaling 'n doelteks wil skep wat primêr die doeltaalkultuur in ag neem en die bronteks net as 'n tipe model wil gebruik nie.

Die instrumentele tipe vertaling soos deur Nord gedefinieer word ook deur ander vertaalteoretici as 'n afsonderlike entiteit hanteer. So noem Juliane House (House, 1986: 188) dit byvoorbeeld 'n kovert (*covert*) vertaling wat sy definieer as 'n vertaling wat dieselfde status as enige oorspronklike teks in die doeltaalkultuur geniet. Die vertaler probeer 'n doelteks skep wat onmiddellik vir die doelteksleser toeganklik is, in dieselfde mate as wat die oorspronklike teks (bronteks) onmiddellik vir die brontekslesers toeganklik was. Volgens House is dit moontlik om die funksie of die doel van die bronteks in die geheel in 'n kovert vertaling te reproduseer. Sy sluit ook hierby die gebruik van 'n sogenaamde kultuurfilter (*cultural filter*) in waardeur die vertaler die teks nie aan 'n spesifieke kultuur koppel nie, maar aanpas by die kultuur van die doeltaalgroep (Hatim, 2001: 93).

In sy intertalige interpretatiewe gebruik van taal (vertaling), tref Gutt 'n onderskeid tussen twee tipes vertalings, naamlik direkte en indirekte vertalings. Hy koppel hierdie twee tipes vertalings aan die gebruik van direkte en indirekte aanhalings in die intratalige interpretatiewe gebruik van taal.

Net soos 'n direkte aanhaling probeer om iemand se woorde presies aan te haal, so probeer die **direkte vertaling** om al die veronderstellings van 'n bronteks na 'n doelteks toe oor te dra. Wat hier baie belangrik is, is dat die lesers van die doeltaaltekste die direkte vertaling lees met inagneming van die konteks waarin dit vir die oorspronklike lesers geskryf is. 'n Belangrike implikasie van relevansie-teorie is dan juis dat daar interafhanklikheid bestaan tussen stimulus, konteks en interpretasie. Die kwaliteit van die direkte vertaling hang af van die vertaler se interpretasie van die oorspronklike. Om

getrou te bly aan die oorspronklike konteks, behou die direkte vertaling die historiese afstand wat betref die kultuur en geskiedenis van die brontaal.

Aan die ander kant probeer 'n indirekte aanhaling weer net 'n deel van die oorspronklike oordra en so sal die **indirekte vertaling** ook net daardie veronderstellings in die bronteks oordra na die doeltteks wat as die relevantste vir die doeltteksleser geag word. Die fundamentele verskil tussen die twee vertaaltipes is dat direkte vertaling na algehele interpretatiewe ooreenkoms streef, terwyl indirekte vertaling net interpretatiewe ooreenkoms vir relevante aspekte wil hê. Dit is egter nog steeds belangrik dat slegs interpretasies wat wel in die bronteks voorkom by die indirekte vertaling na die doeltteks toe oorgedra word.

Die aanwending van direkte en indirekte vertaling kan kortliks geïllustreer word aan die hand van 'n voorbeeld van figuurlike taal in die Bybel. Die welbekende Ps. 23: 1 lui as volg in die NAV:

Die Here is my Herder.

Hierdie vergelyking van *Yahweh* met 'n herder bevat 'n hele aantal implikatore omtrent die wese van *Yahweh*, naamlik as Voorsiener, as Beskermer of as Leier. Die direkte vertaling laat die doeltaalleser toe om self alle moontlike implikatore te ontdek. Die vertaler kan dalk die doeltaalleser met behulp van 'n voetnota inlig oor die rol en die konteks van die herder in die Bybelse tyd.

In die indirekte vertaling kan een of meer van hierdie implikatore vir die doeltaalleser geëkspliseer word met byvoorbeeld:

Die Here is my Herder wat my beskerm en vir my sorg.

In die direkte vertaling van die Bybel voldoen die vertaler aan die verwagting van Bybellesers dat al die veronderstellings van die oorspronklike teks oorgedra is in die vertaling. Die direkte vertaling van die Bybel vra egter van doeltaallesers dat hulle hulself vergewis van die antieke konteks waarin die oorspronklike skrywer die teks geskep het (Gutt, 1991: 166).

Vertalers kan dink dat 'n tipe wisseling tussen direkte en indirekte vertaling gebruik kan word, maar Gutt waarsku as volg: "What he [the translator] has to remember,

though, is that the unexpected deviations from a given approach can lead to mismatches in the cognitive environment and are therefore likely to put communicative success at risk" (Gutt, 2000: 200). Die vertaler sal die leser op een of ander manier moet inlig wanneer daar van die een tipe vertaling na die ander oorgegaan word.

Daar is wel kritiek geopper teen Gutt se benadering tot vertaling. Sommige kritici, byvoorbeeld Wendland (1996: 129), sien sy konsepte van direkte en indirekte vertaling bloot as 'n nuwe manier om tussen letterlike en idiomatiese vertalings te onderskei. Van der Merwe (2002) is egter van mening dat Wendland Gutt in dié opsig heeltemal verkeerd verstaan het. 'n Volledige bespreking van hierdie kritiek val egter buite die bestek van hierdie tesis.

2.6. Samevatting

2.6.1. Ontoereikendheid van funksionele ekwivalensie

Uit die literatuur sedert die vroeë tagtigerjare kan afgelei word dat daar vertaalteoretici is wat ernstig soek na 'n alternatiewe teorie vir vertaling wat ook met sukses in die vertaling van die Bybel gebruik kan word. Die vertaalteoretici wat hierdie paadjie loop, blyk dit eens te wees dat die funksioneel-ekwivalente vertaalstrategie wat Nida nog steeds aanhang as die ideaal vir Bybelvertaling (1998: 22-28) nie voldoen aan die moderne siening van hoe kommunikasie oor taal- en kultuurgrense heen plaasvind nie. Vir die moderne mens wat in die vertaling van die Bybel wat hy/sy lees juis ook bewus wil bly van die besondere karakter van die Bybel as unieke antieke teks, bied Nida se benadering 'n produk wat daarop gefokus is om as sendinginstrument gebruik te kan word (sien par.2.2).

Dit kan wel moontlik wees om ook Nida se funksionele ekwivalensie as 'n skopos vir 'n spesifieke vertaling te stel. In die voorwoord van die *Good News Bible* (1977), wat volgens hierdie beginsel vertaal is, word daar reeds 'n tipe skopos verwoord: "*The Bible in Today's English Version* is a new translation which seeks to state clearly and accurately the meaning of the original texts in words and forms that are widely accepted by people who use English as a means of communication" (*Good News Bible*, 1977: Foreword). In die daaropvolgende inleiding word die teikenlezer verder gespesifiseer as "people everywhere for whom English is either their mother tongue or a language they learn" (*Good News Bible*, 1977: Preface). Wanneer hierdie benadering egter gemeet

word aan die twee vereistes wat Nord stel vir 'n funksionalistiese benadering tot vertaling, naamlik skopos én lojaliteit (Nord, 1997a: 126), blyk dit dat funksionele ekwivalensie nie altyd die lojaliteitsvoorskrif nakom nie.

'n Voorbeeld van hierdie gebrek aan lojaliteit teenoor die skrywer van die bronteks kan byvoorbeeld gevind word in Nida se goedkeuring van 'n verandering in die oorspronklike teks in Rom. 16: 16. Hier keur hy die gebruik van "give one a hearty handshake" in plaas van die oorspronklike "greet one another with a holy kiss" deur Phillips goed (Nida, 1964: 160). Hierdie vorm van groet was so eie aan die vroeë Christelike kerk dat die vervanging daarvan 'n wanindruk skep van die verhouding tussen die vroegste Christene en nie lojaal is teenoor die bedoeling van die oorspronklike skrywer nie. Ook in die *Die Bybel. Nuwe vertaling* (1983) wat volgens die beginsels van Nida vertaal is, kom daar verskeie voorbeelde van hierdie gebrek aan lojaliteit voor. Die gebruik van die term "polisie" in Matt. 5: 25 skep byvoorbeeld by die moderne leser 'n foutiewe beeld van die geregsdienaar van daardie tyd: dit was sekerlik nie 'n persoon in 'n uniform met 'n vuurwapen gewapen nie!

2.6.2. Gutt en funksionalisme

Wanneer Gutt se siening van vertaling op Bybelvertaling van toepassing gemaak word, is daar verskeie raakpunte met die funksionalistiese benadering tot vertaling. Gutt sien dit dan ook as positief dat die oorbrugging van die gaping tussen die leefwêreld van die Bybelse tyd en die leefwêreld van die moderne leser by die vertaling van die Bybel 'n prioriteit geword het:

Most importantly, they [practicing translators] realize that language differences are only *one* of the barriers that stand in the way of communication across languages; the *other*, and sometimes more formidable, barrier is that of differences in contextual background knowledge. (kursief in die oorspronklike)

(Gutt, 2000: 238)

In verskeie publikasies van die aanhangers van die funksionalistiese benadering en die aanhangers van die relevansie-teorie-benadering is hierdie benaderings van toepassing gemaak op die vertaling van die Bybel. Hoewel Nord in haar publikasies nie pertinent melding maak van die twee vertaaltipes wat Gutt voorstel vir die vertaling van die Bybel nie, kan daar tog afgelei word dat daar binne die skopos-teorie ook ruimte is vir

die tipe vertaling. Die skopos van so 'n vertaling sal dan juis wees om die vertaling te doen met die veronderstelling dat die moderne leser kennis het van die oorspronklike konteks en dat slegs dié veronderstellings van die bronteks na die doelteks toe oorgedra word wat in die oorspronklike konteks sou bestaan (Gutt, 2000: 173). Gutt ignoreer ongelukkig die omvattendheid van die skopos-beginsel en fokus net op die instrumentele-vertaal-aspek van die funksionalistiese benadering. Hy sien nie die skopos-benadering as 'n omvattende benadering wat ook sy direkte vertaling kan insluit nie (Gutt, 2000: 218).

Die vertaling van die Nuwe Testament deur Berger en Nord (DNT, 1999) voldoen egter in 'n groot mate aan die vereistes wat Gutt stel vir 'n direkte vertaling. Hierdie vertaling word deur Nord as 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling beskryf. Hoewel die vertaling vanuit 'n funksionalistiese benadering aangepak is, is die skopos juis 'n vertaling wat "direk" is volgens Gutt se voorskrifte vir 'n direkte vertaling. Die addisionele inligting wat die konteks vir die doeltaalleser kan verhelder, word in hierdie geval egter as deel van die vertaling self gegee en nie soos Gutt voorstel as 'n voetnota nie. Die skopos van die vertaling is om nie die kulturele vreemdheid van die Bybelse tekste vir die moderne leser te verdoesel nie, maar om aan hom/haar as't ware die nodige gereedskap te gee om self die bedoeling van die oorspronklike skrywer te ontsluit.

Ander uitsprake van Gutt is heeltemal versoenbaar met die funksionalistiese benadering tot vertaling. Hy sien ook nie die bronteks en die doelteks as ". . . ends in themselves but instruments designed for the purpose of communication" (Gutt, 2000: 208). Hy sluit ook aan by die sterk funksionalistiese siening van tekste: "Translation constitutes the use of texts with a particular intention" (Gutt, 2000: 211). Verder is die teikengehoor ook vir hom van groot belang: "Translation is communication between translator and target audience" (Gutt, 2000: 213). Hy soek ook egtheid (*authenticity*), wat sterk raakpunte het met Nord se lojaliteit (Gutt, 2000: 228): "The target audience can expect to gain from direct translation *as authentic an understanding of the original as it ever could across language boundaries*" (kursief in die oorspronklike).

Gutt se siening dat vertaling binne die raamwerk van sekondêre kommunikasie geklassifiseer moet word (Gutt, 1991: 74), is egter nie versoenbaar met die funksionalistiese benadering tot vertaling nie. Met die handelingsteorie as uitgangspunt het vertaalteoretici vertaling as 'n geval van kommunikatiewe interaksie beskryf. Daar word wel gepraat van die bronteks as die primêre handeling, maar dan is die vertaling as sodanig net 'n voortsetting van hierdie handeling omdat hierdie handeling plaasgevind het

in 'n ander tyd en 'n ander plek. Die vertaler speel bloot 'n tussengangersrol. Hierdie benadering sien vertaling dan nie as 'n sekondêre kommunikasie nie, maar as 'n kommunikatiewe interaksie tussen persone met 'n spesifieke oogmerk of bedoeling. Sien paragraaf 2.3.1.

Wanneer daar gefokus word op die rol wat die funksie van 'n spesifieke teks in 'n spesifieke situasie het, kan die aard van die kommunikasie nie anders as primêr wees nie. Die primêre fokus van die vertaling is die doeltaalleser en die funksie wat die vertaling vir die doeltaalleser het in sy/haar situasie op 'n spesifieke tyd en plek. Hierdie funksie kan so naby moontlik aan dieselfde wees as wat dit vir die leser van die bronteks was, maar dit kan ook 'n nuwe funksie vir die doeltaalleser hê. Sien paragraaf 2.3.4.

2.6.3. Toepassing van funksionalisme spesifiek op Bybelvertaling

Uit die voorafgaande blyk dit dat die funksionalistiese benadering tot vertaling wel aan Bybelvertalers die teoretiese onderbou kan bied om Bybelvertaling aan te pak met 'n spesifieke skopos voor oë. In hoofstuk 3 sal daar na die aanwending van hierdie teoretiese beginsels in 'n reeds bestaande vertaling van die Nuwe Testament, naamlik die Duitse vertaling van die Nuwe Testament, gekyk word. Hierdie vertaling het die skopos om dokumentêr-eksotiserend te wees met die bykomende doel om die andersheid van die Bybelse teks vir die moderne leser te verhelder deur die invoeging van bykomende kulturele inligting. Sien par. 1.1.3.

Daar sal ook gekyk word na die toepassing van bogenoemde skopos op 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans. In hierdie ondersoek sal op die Nuwe Testament, en wel die vier Evangelies en Handeling, gefokus word. Die Nuwe Testament is gekies omdat daar vir vergelyking reeds 'n teks bestaan wat volgens hierdie skopos vertaal is. Daar is uitsluitlik met die verhalende dele van die Nuwe Testament gewerk, omdat die kulturele vreemdhede hier makliker deur 'n vertaler wat nie 'n kennis van die brontale het nie, geïdentifiseer kan word.

In die voorbeelde wat volg, is die gebruik van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling met die skopos om die vreemde kultuur van die Bybel vir die moderne leser meer toeganklik te maak in sy eenvoudigste vorm ondersoek. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die konteks van die Bybel in die geheel veel kompleks is en dat moderne lesers nie bloot met die invoeging van enkele verhelderende frases oor die

kultuur van die Nuwe-Testamentiese tyd die vermoë sal hê om hulle ten volle te kan inleef in die konteks waarin die Bybel oorspronklik geskryf is nie. 'n Veel intensiewer studie van bronteks, brontaal en bronkultuur sal in baie gevalle nodig wees om die gaping tussen die moderne leser se konteks en die konteks van die Bybel te vernou.

In die vertaling van Nord en Berger (DNT, 1999) wat as gevalllestudie gebruik word, gee hulle ook erkenning aan hierdie probleem. Hulle staan die gebruik van voetnotas voor in gevalle waar 'n bykomende verhelderende frase nie genoegsame inligting omtrent die konteks van 'n spesifieke gedeelte kan verskaf nie. In gevalle waar daar meer as een moontlike interpretasie is of waar meer uitgebreide agtergrondskennis nodig is, word hierdie inligting in voetnotas geplaas.

By hulle vertaling van die Evangelie van Markus byvoorbeeld bied hulle uitgebreide voetnotas aan. By Mark. 1:6 word die leser byvoorbeeld in 'n voetnota daarvan bewus gemaak dat die kleredrag en dieet van Johannes die Doper heenwys na die kleredrag en dieet van die profete en meer spesifiek die profeet Elia. Dit sou nie moontlik gewees het om hierdie meer uitgebreide kulturele en agtergrondinligting deur die invoeging van 'n verduidelikende frase in die teks self aan die leser aan te kon bied nie.

3. Die toepassing van die funksionalistiese benadering op die vertaling van die Nuwe Testament

In hoofstuk 3 word die toepassing van die funksionalistiese benadering op Bybelvertaling ondersoek. Die basis van hierdie toepassing is die dokumentêr-eksotiserende vertaling van die Nuwe Testament in Duits deur Berger en Nord (DNT, 1999). As bykomende hulp aan die leser wat nie vertrou is met die kultuurwêreld van die Bybelse tyd nie, maak hulle waar moontlik gebruik van die invoeging van bykomende kulturele inligting om die kultuurgaping tussen die leser van vandag en die oorspronklike leser te oorbrug.

Die teikengroep word eers duidelik geïdentifiseer en gedefinieer. Sien par. 3.1. Dan word spesifieke kwessies van belang by die daarstelling van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling aangeraak. Die verskil tussen interpretasie en die invoeging van bykomende kulturele inligting word bespreek (sien par. 3.2). Daar word gekyk na die identifisering van die funksies van tekste en hoe dit kan help om 'n vertaling te skep wat "lojaal" is ten opsigte van die bronteks (sien par. 3.3). Die konsep **verstaanbare vreemdheid** word kortliks bespreek (sien par. 3.4). Die spesifieke werkswyse wat Berger en Nord gevolg het, word verduidelik (sien par. 3.5).

Die verskillende voorbeelde wat Berger en Nord self bespreek het, word kwalitatief ondersoek (sien par. 3.6) en daar word ook gekyk na voorbeelde uit die NAV waar bykomende kulturele inligting die Afrikaanse leser kan help om 'n betrokke gedeelte beter te verstaan. Voorstelle word gemaak oor hoe hierdie bykomende inligting in die teks self aan die leser oorgedra kan word (sien par. 3.7).

Ten slotte word die voordele wat hierdie benadering vir die leser van die Bybel kan hê, uitgewys. Sien par. 3.8.

3.1. *Identifisering van teikengroep*

Nord en Berger het 'n baie spesifieke teikengroep geïdentifiseer en in artikels waarin hulle hulle vertaling bespreek, word hierdie groep duidelik gedefinieer (Berger &

Nord: [S.a.]; Nord: 2002:103). Hulle begin deur te sê dat hulle twee groepe spesifiek nie teiken nie, naamlik

- akademiese teoloë wat in elk geval kennis het van die taal en wêreld van die bronteks en nie 'n vertaling nodig het wat hierdie kennisgaping oorbrug nie; en
- fundamentaliste wat dink dat alleen die letterlikste vertaling 'n getroue weergawe kan wees van die oorspronklike.

Die primêre teikengroep van die vertaling is die volgende:

- Christene wat nie die kulturele agtergrond het oor die wêreld van die Bybelse tyd nie, maar vir wie die dieper kennis kan bydra tot 'n verdieping van hulle geloof en 'n beter begrip van die Bybelse waarhede; en
- mense wat Christelike werk doen (soos pastore, predikers, onderwysers en kategete) en nie noodwendig vertrou is met die brontale en kulture van die Bybelse wêreld nie, maar tog die kennis nodig het in die voorbereiding van preke en lesse.

'n Sekondêre teikengroep word ook geïdentifiseer, naamlik

- leke en teoloë wat geïnteresseerd is in die verhouding tussen bronteks en doelteks en die verskillende vertalings gebruik om meer te wete te kom oor die bronteks as sodanig; en
- persone wat nie Christene is nie, maar wat tog deur 'n vertaling wat ook kulturele insigte gee, die boodskap van die Bybel beter sal verstaan.

3.2. *Interpretasie versus 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling*

Dit is nodig om vir die doeleindes van hierdie tesis 'n duidelike onderskeid te tref tussen die interpretasie van die Bybel en die dokumentêr-eksotiserende vertaling wat ten doel het om met die invoeging van kulturele inligting die gaping tussen die wêreld van die bronteks van die Bybel en die wêreld van die doelteksleser te oorbrug.

Christiane Nord definieer interpretasie as volg: "The reader's elicitation of the sender's intention from the linguistic, stylistic and thematic markers exhibited in the text,

seen in the light of any extratextual information about the sender and the situation-in-culture that may have guided the production of the text" (Nord, 1997a: 139).

Wanneer 'n vertaling gedoen word, is die vertaler die *leser* wat die bronteks moet interpreteer voordat hy/sy die vertaling daarvan in die doelteks kan doen. Wanneer Berger en Nord egter die Nuwe Testament as dokumentêr-eksotiserende teks vertaal, koppel hulle hierdie siening van interpretasie aan die konsep **verstaanbare vreemdheid** (*verstandene Fremdheit*). Soos hulle hierdie konsep definieer beteken dit nié dat Bybelse uitsprake vereenvoudig, aangepas of gemoderniseer word nie (DNT, 1999: 23). In par. 3.4 word verder uitgebrei op die konsep verstaanbare vreemdheid.

Interpretasie is ook ter sprake in indirekte vertalings soos deur Gutt gedefinieer (sien par. 2.5). In 'n indirekte vertaling sou die vertaler aan die lesers een van die moontlike interpretasies van gebeure kon weergee. Die gedeelte in Joh. 14 waar vertel word hoe Jesus die geldwisselaars en verkopers van offerdiere van die tempelplein af verjaag het, kan hier as voorbeeld dien. Moontlike verklarings vir Jesus se woede was die oneerlikheid van die geldwisselaars wat die mense wat hulle vreemde geld vir Joodse geld kom omruil het, bedrieg het en die feit dat hulle die tempelplein, wat die aanbiddingsplek vir die vroue en heidene was, so beset het dat daar nie plek vir aanbidding was nie. Indien hierdie inligting in 'n vertaling bygevoeg sou word, sou dit op interpretasie neerkom, met ander woorde, moontlike implikasies word dan deur die vertaler geëkspliseer.

In die dokumentêr-eksotiserende vertaling met bykomende kulturele inligting word alleenlik die bykomende kulturele inligting aangebied. Die lesers wat weens die gebrek aan kulturele agtergrond nie weet wat die geldwisselaars daar gemaak het nie, kan deur die bykomende kulturele inligting - dat hulle vreemde geld na Joodse geld omgeruil het omdat die tempelbelasting net in die Joodse geld betaal mag word – gelei word om self die gedeelte reg te interpreteer. Bogenoemde moontlike implikasies word nie eksplisiet deur die vertaler gekies nie.

'n Werkswyse wat ooreenstem met Nida (1964) en De Waard & Nida (1986) se dinamies-ekwivalente of funksioneel-ekwivalente benadering, is ook nie in 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling met bykomende kulturele inligting aanvaarbaar nie. Volgens Nida se benadering kan die Bybel vir die moderne lesers geïnterpreteer word deur van die terme van die Bybelse tyd te moderniseer na die leefwêreld van die moderne lesers. Die

boodskap van die bronteks word geïnterpreteer en só na die doeltteks toe oorgedra dat die ontvangers van die doeltaaltekste op dieselfde manier op die boodskap reageer as wat die brontekslesers op die bronteks gereageer het (Nida & Taber, 1969: 24). Volgens dié benadering is dit dan toelaatbaar vir die vertaler om die wêreld van die bronteks "oor te plaas" na die wêreld van die doeltteks. Hierdie werkswyse word duidelik deur 'n hele aantal bestaande vertalings geïllustreer.

Die mate en gewigte en geldeenhede wat in die Nuwe-Testamentiese tyd gebruik is, word byvoorbeeld gemoderniseer. In die gelykenis van die skuldeiser in Matt. 18 word die skuldenaar se skuld onder meer as "millions of pounds" (GNB), "\$10 000 000" (LB), "'n hele paar miljoen rand" (Die Boodskap), en "miljoene rand" (NAV) beskryf. Die OAV gee die oorspronklike weer met "tienduisend talente". Volgens die funksionalistiese benadering word die geldeenhede hier in sy oorspronklike vorm behou met moontlik 'n verduideliking by soos "'n arbeider se loon vir 'n hele jaar". 'n Moderne leser sou egter ook self die interpretasie kon bereik dat dit 'n geweldige groot bedrag geld was.

Die funksionele-ekwivalensie-benadering word ook deur sommige vertalings gevolg wat betref gesinsverhoudings. Die patriargale stelsel van die Bybelse tyd word byvoorbeeld in Ef. 6:4 "weggeskryf" en "vaders" word vervang met "parents", soos in die GNB en die LB. Die NAV het hier die "vaders" behou en Die Boodskap het dit verander na die meer informele "pa's". In hierdie geval het Berger en Nord besluit om "Eltern" (*ouers*) te gebruik, maar 'n konsekwente toepassing van die skopos van hulle vertaling vereis sekerlik die gebruik van "vaders".

In moderner weergawes wat die vreemde wêreld vir die moderne leser wil interpreteer, word dag-tot-dag-handelinge vir die moderne leser volgens sy/haar leefwêreld weergegee. Wanneer daar van eet by 'n tafel sprake is (byvoorbeeld in Joh. 13: 12), word daar gemeld dat Jesus "weer gaan aansit" (NAV en Die Boodskap) het, terwyl die mense eerder op die elmboog gesteun langs die tafel gelê het. Hierdie gedeelte word verder in par. 3.7.5 bespreek.

Die eerste uitgawe van die Living Bible (1971) is as 'n parafrase gereken. In dié vertaling het die vertaler dikwels die Bybelse wêreld in so 'n mate weg-geïnterpreteer dat daar van die Bybelse tyd niks oorgebly het nie. In die gelykenis van die bruilof in Matt. 22: 4 word die gaste aangesê om gou te maak want "Everything is ready and the roast is in the oven." In die vertaling van Berger en Nord (DNT, 1999) het hulle volstaan met:

"Das Essen habe ich vorbereitet, meine Stiere und Mästkalber sind geschlachtet, und alles steht bereit."

(Die ete het ek voorberei, my beeste en gemeste kalwers is geslag en alles staan gereed.)

Ook die vertalers van die OAV en die NAV het hier sonder interpretasie vertaal:

"Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed" (OAV); en

"Die maaltyd is reg; my beeste en vetgemaakte vee is geslag, en alles is gereed" (NAV).

3.3. Teksfunksies in die Bybel

Wanneer daar vanuit 'n funksionalistiese oogpunt na die Bybel gekyk word, veral met die doel voor oë om die Bybel volgens 'n funksionalistiese benadering te vertaal, is dit nodig om die verskillende teksfunksies in die Bybel te kan identifiseer. Die teks van die Bybel kan vir die moderne leser net soveel meer toeganklik wees as die funksie wat dit vir die oorspronklike leser gehad het in 'n groot mate ooreenstem met die funksie wat die moderne leser daaruit kan haal.

Die vier funksies, naamlik die referensiële funksie, die ekspressiewe funksie, die appellatiewe funksie en die fatiese funksie, is reeds uitvoerig bespreek. Sien paragraaf 2.3.4. Hier sal daar slegs kortliks na elke funksie verwys word met 'n aanduiding van 'n Bybelgedeelte waar die teks die spesifieke funksie vervul.

Die referensiële (informatiewe) funksie word gebruik waar die leser ingelig word oor voorwerpe en fenomene van die bestaande wêreld. In die Bybel word die oorspronklike lesers byvoorbeeld in Matt. 2:1 (NAV) ingelig oor die plek en tydperk van Jesus se geboorte:

Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodus.

Dit kan egter gebeur dat om die referensiële funksie van die oorspronklike te behou, dit in die doelteks nodig is om meer inligting aan die doeltaallezer te verskaf. 'n

Voorbeeld hiervan is te vinde in Hand. 1: 12 waar daar van 'n "sabbatsreis" sprake is of in Hand. 2: 1 waar daar van die "pinksterfees" sprake is. Sien par. 3.7.6 en 3.7.7 waar hierdie twee voorbeelde meer breedvoerig bespreek word.

In ekspressiewe tekste is die informatiewe karakter van die teks ondergeskik aan die gevoelswaarde wat deur die teks oorgedra word. In Bybelgedeeltes met 'n ekspressiewe funksie word die leser aangegryp deur die woorde soos byvoorbeeld die geval is met die woorde in Ps. 89: 9-10 (NAV):

Here, almagtige God, wie is soos U? U krag is groot, Here, u trou is oral! U heers oor die onstuimige see: as sy golwe opstaan, laat U hulle bedaar.

Die doelteksleser kan egter in sekere gevalle in 'n mindere mate hierdie ekspressiwiteit ervaar. Sekere elemente van 'n beskrywing wat vir die brontaalleser duidelik was, kan weens 'n gebrek aan kennis van die kultuurwêreld van die Bybelse tyd nie vir die moderne leser so duidelik wees nie en nie dieselfde gevoelswaarde oordra nie. 'n Voorbeeld hiervan is te vinde in die beskrywing van die "Nuwe Jerusalem" in Op. 21: 18-21. Addisionele inligting moet aan die doeltaalleser gegee word sodat hy/sy dieselfde gevoelswaarde uit die beskrywing van hierdie wonderskone stad kan put. Sien par. 3.6.2 vir 'n bespreking van hierdie gedeelte.

Die doel van die appellatiewe funksie is om die leser op te roep tot aksie of, soos in die geval van die Bybel, tot 'n verandering in 'n lewenswyse of 'n lewenshouding. In die Bergpredikasie wat opgeteken is in Matt. 5-7 is daar talle sodanige oproepe tot aksie en verandering. 'n Voorbeeld is te vinde in Matt. 5: 14-15 (NAV):

Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik.

Ook die oordrag van die appellatiewe funksie vanaf die bronteksleser na die doeltaalleser vra soms dat daar vir die doeltaalleser addisionele of ander inligting gegee moet word. Die doeltaalleser kan moontlik die appèl van 'n teks misverstaan of die funksie van 'n teks as net referensieel sien as hy/sy nie die kulturele agtergrond het wat

dit tot die brontaalleser laat spreek het nie. 'n Voorbeeld hiervan is die vertaling van *porneia* in 1 Kor. 6: 18 met "seksuele losbandigheid" in die NAV en "hoerery" in die OAV. Anders as die woord "hoerery", kan die term "seksuele losbandigheid" ook die moderne leser aanspreek. Sien par. 2.3.10 vir 'n vollediger bespreking.

Die doel van die fatiese funksie is om voorsiening te maak vir die metalinguistiese en die poëtiese aspekte van taal. Hierdie funksie kan onder andere in die Bybel gevind word in die struktuur van die briewe van Paulus. Die begin van die brief aan die Kolossense (Kol. 1: 1-2) lui byvoorbeeld as volg in die NAV:

Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, en van die broer Timoteus. Aan almal in Kolosse wat aan God behoort, getroue broers in Christus. Genade en vrede vir julle van God ons Vader!

Anders as wat die gebruik in die moderne Westerse wêreld is, begin hierdie Nuwe-Testamentiese briewe deur te sê wie die skrywer van die brief is, gevolg deur die persoon/persone aan wie die brief gerig is. Deur hierdie vorm te behou, word die moderne leser daarvan bewus gemaak dat hy/sy te doen het met 'n teks uit 'n ander tyd en kultuur.

3.4. Verstaanbare vreemdheid

Toe die oorspronklike skrywers van die Bybel die woorde en uitinge van die teks neergeskryf het, het hulle onder meer die verwagtinge, die wêreldkennis en die subjektiewe teorieë van hulle oorspronklike lesers (toehoorders) in gedagte gehad. Geeneen van hulle het sekerlik daaraan gedink dat die tekste wat hulle geskryf het nog vir die volgende 2000 jaar vertaal sou word in ander tale vir ander lesers wat in ander kulture en tydperke lewe nie. Hulle verwagting was sekerlik ook nie dat die tekste wat hulle neergeskryf het ook vir hierdie (vir hulle) onbekende lesers van die Bybel volkome sou moes sin maak en relevant sou moes wees nie.

In hulle vertaling van die Nuwe Testament is dit dan juis die doel (skopos) van Berger en Nord (DNT, 1999: 22) om die leser tegemoet te kom met, wat hulle noem, verstaanbare vreemdheid (*verstandene Fremdheit* of *otherness understood*) (Nord, 2002: 104). Die feit dat die tekste die getuigenis van vreemde mense uit 'n ander kultuur en tyd is, word nie verdoesel nie, maar in die vertaling probeer hulle om hierdie andersheid weer

te gee en vir die moderne leser verstaanbaar te maak. Dit beteken nie dat wat in die bronteks staan, verander word nie. Die doel is om dit vir die leser moontlik te maak om sin te maak van die vreemdheid, analogieë met sy/haar eie wêreld te ontdek en uiteindelik die wese van die boodskap van die oorspronklike skrywer te ontdek.

Die manier om hierdie vreemdheid te verstaan is nié deur die woord-vir-woord-vertaling van die bronteks nie. Dit is Berger en Nord se siening dat dit juis die woord-vir-woord-vertalings van die Bybel is wat tot die grootste misverstande ten opsigte van die bedoeling van die bronteks lei (DNT, 1999: 23).

Met hierdie siening is Berger en Nord ook in pas met ander Bybelvertalers. Die vertalers van die nuwe Nederlandse vertaling, die *Nieuwe Bijbelvertaling*, stel hulle standpunt as volg:

In werklikheid is een vertaling die de brontekst woord vir woord volgt onbetrouwbaar, juist omdat . . . losse woorden en grammaticalen structuren bij het vertalen een relatief ondergeschikte rol spelen. De vertaaleenheid is immers niet het woord of de 'zin', maar die tekstsamenhang binnen een groter geheel.

(Werk in uitvoering [Nieuwe Bijbelvertaling], 1998: 208)

Hier kan ook na 'n voorbeeld in die Ou Testament gekyk word wat deur Vermeer bespreek word (1993: 83). Volgens 2 Samuel 11: 8 in die OAV sê koning Dawid die volgende aan Urija nadat hy klaar verslag gedoen het oor die oorlog en die manskappe:

Gaan af na jou huis en was jou voete.

Met hierdie woorde het koning Dawid nie bedoel, soos die moderne mens sou kon dink, dat Urija se voete vuil was nie. Dit was bloot die idiomatiese manier om in daardie tyd vir iemand te sê dat hy 'n paar dae by die huis moet gaan rus. In dié geval kan die woord-vir-woord-vertaling tot 'n misverstand lei.

Berger en Nord gebruik as voorbeeld die vertaling van die Griekse woord *atheos* in Efesiërs 2:12. Volgens die Griekse leksikon is die vertaalekwivalente hiervoor in Duits *ohne Gott* of *gottlos*. Hierdie betekenis is dan ook deur die meeste Duitse vertalings gevolg. Ook die Afrikaanse vertalings (1983,1953) volg hierdie woord-vir-woord-opsie met die gebruik van "sonder God". By die moderne leser skep die gebruik van hierdie

woord egter die konsep van iemand wat aan niks of geen God glo nie. In die antieke konteks van die Bybelse wêreld waarin Paulus die brief aan die mense van Efese geskryf het, het dié woord egter 'n ander betekenis gehad. In dié konteks was 'n *atheos* iemand wat nie aan die God waarna daar in die spesifieke konteks verwys is, geglo het nie. Vir die Christene van die Nuwe-Testamentiese tyd was 'n *atheos* iemand wat nie in die God van Israel geglo het nie. Binne die konteks van iemand wat in daardie tyd ander gode aangehang het, was die Joodse Christene egter weer die *atheos*.

Om die vreemdheid vir die moderne leser verstaanbaar te maak, het Berger en Nord *atheos* omskryf met *den richtigen Gott*. In Afrikaans sou dit beteken dat die woordjie "ware" ingevoeg word om Ef. 2: 12 as volg te laat lees: ". . .sonder hoop en sonder *die ware* God in die wêreld . . .".

Die bedoeling met hierdie konsep verstaanbare vreemdheid is nié om die Bybelse waarhede af te water, aan te pas of om die Bybel in die algemeen te moderniseer nie. Die uitgangspunt is nié om die Bybel in pas te bring met die siening van die moderne mens nie. Die doel is bloot om die teks so aan te bied dat die moderne mens die teks van die Bybel sonder misverstand reg kan verstaan (DNT, 1999: 23).

Volgens Nord lei hierdie oorkoepelende konsep van verstaanbare vreemdheid daartoe dat die vertaling gedoen word na aanleiding van die beginsels van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling (Nord, 1997a: 48). Hierdeur word die kultuur-spesifieke eienskappe van die wêreld waarin die teks geskep is en die kommunikatiewe bedoelinge van die oorspronklike skrywer gerespekteer. Die doel van die vertaler en die skopos van die vertaling is om hierdie kultuureienskappe en hierdie bedoelinge van die bronteksskrywer vir die lesers van die doelteks verstaanbaar en samehangend te maak.

Volgens Berger en Nord kan verskeie metodes gebruik word om die kultuurgaping vir die leser te oorbrug. Na hulle mening is die kultuurgaping nie altyd ewe groot nie. In sommige gevalle kan die eenvoudige verbindingswoorde wat in die brontaal implisiet is, in die doeltaal geëkspliseer word, met ander woorde deur woorde soos "daarom" of "gevolglik" in te voeg. Dit kan die leser help om die samehang tussen gedeeltes te ervaar. Ander kere kan dit nodig wees om verklarende of verduidelikende woorde by te voeg. Dit kan egter ook soms nodig wees om volledige sinne in te voeg om die teks vir die lesers in die doelkultuur verstaanbaar te maak. Waar dit nodig is om invoegings te maak wat nie in die bronteks geïmpliseer word nie, maar wat berus op kennis wat die brontaallesers van

buite die teks sou gehad het, volg Berger en Nord in hulle vertaling die konvensie om sodanige invoegings tussen hakies te plaas (Berger & Nord, [S.a.]).

Die teenwoordigheid, al dan nie, van verbindingswoorde in die antieke teks van die Bybel kan egter ook veel meer kompleks wees as wat Berger en Nord wil laat blyk (Van der Merwe, 2002). Die aanwesigheid of afwesigheid van hierdie verbindingswoorde kan ook in die groter konteks van 'n Bybelgedeelte 'n sekere betekenis wil oordra.

3.5. Die Bybel as 'n vreemde teks

By Bybelvertaling, soos ook met die vertaling van ander antieke tekste, het die vertaler nie net met 'n enkele kultuurgaping te doen nie. Die kultuurgaping tussen die bronteks en die lesers van die vertaalde teks strek oor eeue en verskillende beskawings heen. In hierdie tesis gaan hoofsaaklik op die vertaling van die Nuwe Testament gefokus word. Die kultuur wat hier ter sprake is, is die kultuur van die Mediterreense gebied van sowat 2000 jaar gelede. Dit is natuurlik so dat die volledige Bybel 'n veel groter tyd omspan - daar kan aangeneem word dat selfs binne die teks van die Bybel in sy brontaalvorm daar ook kulturele gapings bestaan.

Met hulle vertaling van die Nuwe Testament het Berger en Nord twee kommunikatiewe oogmerke gehad wat nou gekoppel is aan die Bybel as vreemde teks (Nord, 2002: 103):

- Hulle wou die vreemde kultuur op so 'n manier vir die moderne lesers oopmaak dat dié lesers dit sou kon verstaan en respekteer - hiermee het hulle 'n referensiële bedoeling.
- Hulle wou aan moderne lesers wys waar hierdie tekste, ten spyte van hulle vreemdheid en oudheid (*ancientness*), nog iets te sê het vir die mens wat in die moderne wêreld lewe - hiermee het hulle 'n appellatiewe bedoeling.

Die werkswyse wat Berger en Nord in hulle vertaling van die Nuwe Testament en vroeg-Christelike geskrifte gevolg het, kan ook as basis dien vir sodanige vertalings. Die noue samewerking tussen die kenner van die brontaal en -kultuur en die professionele vertaler met 'n kennis van die doeltaal en -kultuur kan van groot waarde wees. Berger en Nord het die vertaalwerk in vier fases aangepak (Nord, 2002: 102):

1. Die kenner van die brontaal en -kultuur (Berger) het 'n voorlopige(konsep) vertaling gemaak met spesifieke klem op die teologiese begrippe en terminologie en volgens sy teologies-gefundeerde interpretasies wat onder andere gebou was op sy breë kennis van die kulture van die verskillende groepe wat in die Bybelse tye geleef het.
2. In die tweede fase het die professionele vertaler (Nord) met haar kennis van die doeltaal en -kultuur probeer om hierdie konsepsvertaling te verstaan en te herformuleer. In baie gevalle waar die teks nie vir haar sin gemaak het nie, was dit juis as gevolg van 'n gebrek aan kennis van die kulturele agtergrond van die wêreld van die bronteks.
3. In 'n derde rondte het die brontaalkenner en teoloog weer die vertaalde teks hersien en nagegaan vir enige teologiese en historiese ongerymdhede.
4. In die finale fase het die twee kenners ooreenstemming probeer bereik oor 'n finale weergawe wat sou voldoen aan al twee die vooropgestelde kommunikatiewe oogmerke.

3.6. Voorbeelde van verstaanbare vreemdheid soos bespreek deur Nord

Vir Nord is dit baie belangrik dat die leser van die doeltteks te alle tye die verband verstaan tussen wat hy/sy lees en die situasie wat beskryf word. Vir hierdie soort samehang moet die leser as't ware sy/haar "eie prentjie" van die situasie kan skilder. Om hierdie prentjie te kan skilder moet die leser al self so 'n situasie beleef het of kennis hê van die omstandighede waarin so 'n situasie sou kon plaasvind, en weet hoe daar in so 'n situasie opgetree sou word. Hierdie soort kennis hang baie nou saam met die kultuurwêreld waarin 'n spesifieke gebeurtenis afspeel (Nord, 2002: 110).

Hier moet egter weer in gedagte gehou word dat die werklike situasie in die Bybel soms heelwat meer kompleks is as die voorstelling van 'n enkele "prentjie". Daar is gevalle in die Bybel waar daar verskillende moontlikhede is ten opsigte van die spesifieke tyd waarin die oorspronklike gebeure afgespeel het. Dan sou dit nie moontlik wees om 'n enkele prentjie voor te stel nie. Die vertaler sou dan die bestaan van hierdie verskillende moontlikhede op een of ander manier aan sy/haar lesers moet oordra, moontlik deur die gebruik van voetnotas. In hierdie studie is slegs op die eenvoudigste toepassings van die benadering gefokus.

In verwysings na die vertaling van Berger en Nord (DNT, 1999) sal 'n woordelikse Afrikaanse vertaling van die Duitse teks telkens gegee word waar die spesifieke betekenis nie uit die ooreenstemmende Afrikaanse teksgedeeltes afgelei kan word nie.

3.6.1. Maria by Jesus se graf Joh. 20: 11

Nord (2002: 110-113; DNT, 1999: 24) gebruik as voorbeeld van 'n kultuurvreemde situasie die gebeure wat beskryf word in Joh. 20: 1 en verder. In die gedeelte word beskryf hoe Maria Magdalena die dissipels gaan roep nadat sy die klip voor Jesus se graf weggerol vind. Petrus en Johannes kom dan en vind die graf leeg. Hulle los vir Maria by die graf en gaan weer huis toe.

Die gebeure verder word as volg deur die *Good News Bible* (1977) weergegee:

Mary stood crying outside the tomb. While she was still crying, she bent over and looked in the tomb and saw two angles there dressed in white, sitting where the body of Jesus had been, one at the head and the other at the feet.

Volgens hierdie weergawe van die gebeure, staan Maria by Jesus se leë graf en huil. Terwyl sy so staan en huil, buk sy vooroor om in die graf in te kyk. En dit is dan dat sy die twee engele daar sien sit. Vanuit die bronteks is dit egter duidelik dat sy nie pertinent in die graf ingekyk het nie, maar dat die twee engele net terloops haar oog gevang het. Daar ontstaan vir die moderne leser 'n koherensiegaping. Hoekom buk 'n vrou wat staan en huil skielik vooroor en sien terloops twee engele deur die lae opening na die graf toe, raak?

Hierdie koherensiegaping kan gevul word indien die moderne leser bewus gemaak word van die roupraktyke in die Bybelse tyd. Om by 'n graf te staan en huil het in daardie tyd beteken dat die huilende persoon nie stil gestaan het nie, maar op en neer gewieg het. Die geboënheid van die liggaam was as sodanig deel van die huilaksie. Dit is heeltewel verstaanbaar dat 'n vrou wat so geboë gestaan het by Jesus se leë graf op 'n stadium toe sy gebukkend was net terloops in die graf kon ingekyk het en die twee engele opgemerk het.

Vir Berger en Nord was die oplossing van hierdie kultuurgaping die invoeging van enkele woorde in hulle vertaling (DNT, 1999):

Maria aber blieb vor dem Grab und weinte bitterlich, von Kummer und Schmerz gebeugt. Als sie aufblickte, sah sie plötzlich in der Grabkammer zwei Engel . . .
(*Maria het by die graf gebly en bitterlik geweën, geboë van verdriet en smart. Toe sy opkyk, het sy skielik in die grafkelder twee engele gesien . . .*)

In die NAV word Joh. 20: 11 as volg vertaal:

Maar Maria het buite die graf bly staan en huil. Terwyl sy huil, het sy vooroor gebuk om in die graf in te kyk.

Die OAV se vertaling van Joh. 20: 11 lui as volg:

Maar Maria het buitekant by die graf gestaan en ween; en terwyl sy ween, buk sy na die graf toe . . .

Die OAV is versoenbaar met die feit dat die "buk" deel was van die huil-ritueel en ook dat die "buk" nie 'n aparte willekeurige beweging was nie maar wel deel was van die huilaksie. Die vertaling in die NAV skep egter die indruk dat Maria doelbewus besluit het om af te buk en in die graf in te kyk - sy het vooroor gebuk om in die graf in te kyk, met ander woorde die rede vir die buk was om in die graf in te kan kyk. Hierdie oënskynlike koherensiegaping kan deur die invoeging van addisionele kulturele inligting oorbrug word.

'n Vertaling met hierdie addisionele inligting kan dan as volg lui:

Maar Maria het geboë van smart buite die graf gestaan en ween, en toe sy by die graf inkyk het sy die twee engele gesien . . .

3.6.2. Die Nuwe Jerusalem Op. 21: 18-21

Volgens Nord is die doel van kulturele agtergrondkennis van die Bybelse wêreld nie net om die boodskap van die Bybel vir die moderne leser verstaanbaarder te maak nie. 'n Gebrek aan kulturele agtergrondkennis kan ook afbreuk doen aan die appellatiewe funksie van 'n spesifieke gedeelte op die moderne leser (Nord, 2002: 108-109). Hier gebruik sy die voorbeeld van die beskrywing van die Nuwe Jerusalem in Op. 21: 18-21.

Sy gebruik weereens die vertaling van die *Good News Bible* (1977) as voorbeeld:

The wall was made of jasper, and the city itself was made of pure gold, as clear as glass. The foundation-stones of the city wall were adorned with all kinds of precious stones. The first foundation-stone was jasper, the second sapphire, the third agate, the fourth emerald, the fifth onyx, the sixth carnelian, the seventh yellow quartz, the eighth beryl, the ninth topaz, the tenth chalcedony, the eleventh turquoise, the twelfth amethyst. The twelve gates were twelve pearls; each gate was made from a single pearl. The street of the city was pure gold, transparent as glass.

Hierdie visioen van die Nuwe Jerusalem is een van die hoogtepunte van die Nuwe Testament en dit waarna elke Christen met verwagting uitsien. Vir die leser moet hierdie gedeelte 'n sterk appellatiewe funksie hê; die heerlikheid van hierdie Nuwe Jerusalem moet die Christen oproep tot verwondering en verwagting. Vir die brontaallesers was die kleure van hierdie edelstene welbekend en kon hulle vir hulleself 'n prentjie voorstel van hoe die Nuwe Jerusalem gaan lyk; vir die moderne leser is die meeste van hierdie stene egter onbekend.

Waar die *Good News Bible* net ten doel het om 'n "tegniese" beskrywing te gee van die Nuwe Jerusalem, probeer Berger en Nord die appellatiewe waarde verhoog deur aan die moderne leser die bykomende inligting te gee sodat hy/sy ook die stad kan visualiseer.

In die DNT (1999) word Op. 21: 18-21 as volg vertaal:

Die Stadtmauer ist aus Jaspis erbaut, die Stadt selbst aus glasreinem Gold. Die Fundamenten der Stadtmauer sind von grosser Schönheit, denn sie bestehen aus verschiedenfarbenen Edelsteinen. Das erste Fundament ist aus grünlichem Jaspis, das zweite aus blauem Saphir, das dritte aus rotem Chalzedon, das vierte aus hellgrünem Smaragd, das fünfte aus rotbraunem Sardonyx, das sechste aus gelbrotem Karneol, das siebte aus goldgelbem Chrysolit, das achte aus meergrünem Beryll, das neunte aus gelbglänzendem Topas, das zehnte aus goldgrün schimmerndem Chrysopras, das elfte aus dunkelrotem Hyazinth, das zwölfte aus purpurnem Amethyst. Die zwölf Tortürme sind zwölf Perlen, jeder

Torturm besteht aus einer einzigen Perle, und die Hauptstrasse der Stadt ist aus glasreinem Gold.

In beide die OAV en die NAV word die verskillende edelgesteentes, net soos in die bronteks, slegs genoem. Die Afrikaanse leser wat nie bekend is met die kleure van die verskillende edelgesteentes nie, sal ook hierdie gedeeltes bloot as informatief ervaar en nie die oorspronklike bykomende appellatiewe waarde van die kleurrykheid en prag wat deel uitmaak van die verwagting van die Christen deel nie.

'n Aanpassing van die NAV se vertaling van hierdie gedeelte wat aan die Afrikaanse leser hierdie bykomende dimensie gee, kan as volg lui:

Die muur is met opaal gebou en die stad self van suiwer goud wat soos 'n skoon spieël blink. Die fundamente van die stadsmuur is wonderskoon want hulle is met allerhande veelkleurige edelstene versier: die eerste fondament met groen opaal; die tweede met blou saffier; die derde met rooi agaat; die vierde met groen smarag; die vyfde met rooibruin sardoniks; die sesde met geelrooi karneool; die sewende met goudeel chrisoliet; die agtste met seegroen beril; die negende met geel topaas; die tiende met skitterende goudgroen chrisopraas; die elfde met dieprooi hiasint; en die twaalfde met pers ametis. Die twaalf poorte is twaalf pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die strate van die stad is van suiwer goud, blink soos 'n spieël.

3.6.3. Die mense skeur hulle klere Mark. 14: 63 en Hand. 14: 14

Vir Berger en Nord is dit sinneloos om 'n teks te vertaal as nóg die vertaler, nóg die moontlike lesers van die vertaling, die teks verstaan binne die konteks waarin dit geskep is (DNT, 1999: 25). Vir die moderne mens kan die rituele wat alledaags was in die Bybelse wêreld heeltemal vreemd wees. Om so 'n ritueel onverklaard aan die leser van die doelteks weer te gee, kan 'n gaping skep tussen dit wat in die bronteks staan en dit wat die doelteksleser daaruit kan haal.

'n Gebeurlikheid wat byvoorbeeld sonder verduideliking op verskeie plekke in die Nuwe Testament voorkom, is dat mense hulle klere skeur. Berger en Nord (DNT, 1999: 25) gebruik hierdie ritueel as voorbeeld waar die spesifieke skopos van hulle vertaling

aan hulle as vertalers die vryheid gee om die nodige inligting aan die moderne leser oor te dra om vir hom/haar die vreemdheid van die reaksie te verklaar.

In Mark. 14 verklaar Jesus aan die Joodse Raad dat Hy die Christus is. In reaksie daarop "zerriss der Hohenpriester sein Gewand" (*skeur die hoëpriester sy kleed*) (Mark. 14: 63). In Hand. 14 word beskryf hoe die mense in Listra gedink het dat Paulus en Barnabas die gode Zeus en Hermes is en offers aan die apostels wou bring. Toe Paulus en Barnabas daarvan hoor, "zerrissen sie ihre Kleider" (Hand. 14: 14). In beide gevalle word van die doeltaalleser verwag om sy/haar eie afleidings te maak in verband met dié geleentehede waarby 'n persoon sy klere skeur.

In die rou- en treurrituele van die Joodse kultuur word die klere geskeur om 'n verbintenis met die gestorwene te simboliseer. Dit dui aan dat die treurende self nie meer wil lewe nie - die klere is 'n simbool van die sosiale bestaan van die lewendes. Die skeur van die klere dui egter ook daarop dat 'n persoon hom vereenselwig met 'n miskende en verstote God wat tot die dood toe beledig word. In die konteks van beide Mark. 14 en Hand. 14, beteken die skeur van die klere hier die absolute ontsteltenis en smart omdat 'n mens aan 'n god gelyk gestel word.

Berger en Nord stel die volgende vertaling voor vir Mark. 14: 63:

Da riss er sich [voll Trauer über die Gotteslästerung] die Kleider vom Leibe.

Berger en Nord gebruik hier die woord "Trauer" wat vir hulle meer gevoelswaarde het as bloot "Traurigsein" (om hartseer te wees) - dit dui op kla, protesteer, afkeer. In hierdie geval plaas hulle die toeligting tussen hakies omdat die bykomende informasie nie implisiet in die bronteks teenwoordig is nie.

Ook in die NAV en die OAV word die skeur van klere as 'n vanselfsprekendheid vermeld. Daar word ook van die Afrikaanse leser verwag om self afleidings te maak oor die rede vir hierdie handeling. 'n Invoeging om die verband tussen die skeur van die klere en godslastering daar te stel, kan die koherensiegaping vir die doeltaalleser oorbrug.

'n Afrikaanse vertaling van Mark. 14: 63 kan dan as volg lui:

Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging oor die godslastering sy klere en sê: Waarvoor het ons nog getuies nodig ? . . . ;

en 'n vertaling van Hand. 14: 14 as volg:

Toe die apostels, Barnabas en Paulus, daarvan hoor, het hulle hulle klere geskeur omdat die mense gedink het dat hulle gode was, en hulle het tussen die mense ingespring en geskreeu: . . .

3.7. *Eie voorbeelde van kultuurvreemdheid in die NAV*

In hierdie afdeling gaan slegs na dele van die Nuwe Testament, met spesifieke fokus op die NAV, gekyk word waar 'n gebrek aan *kulturele* kennis die verstaanbaarheid van 'n spesifieke gedeelte vir die moderne leser belemmer. Daar word hier net op die verhalende dele van die Nuwe Testament, naamlik die vier Evangelies en Handeling, gefokus omdat dit juis hier is waar die kulturele verskille vir die moderne leser die opvallendste is. Hoewel Nord nie self kommentaar oor die vertaling van hierdie spesifieke gedeeltes gelewer het nie, sal daar tog ter vergelyking in die bespreking na die vertaling van die onderskeie gedeeltes in die vertaling van Berger en Nord (DNT, 1999) gekyk word.

In die bespreking is doelbewus voorbeelde gekies waar dit relatief eenvoudig is om aan die doeltaalleser, bloot met die invoeging van 'n frase of sinsnede, bykomende kulturele inligting te gee wat die gebrek aan kennis van die Bybelse wêreld se kultuur kan aanvul. Dit wil egter nie sê dat die invul van die konteks van die Bybelse wêreld en teks altyd so eenvoudig kan wees nie. In hierdie geval is dit net 'n poging om aan te toon dat 'n funksionalistiese vertaling met die skopos om die kultuurgaping vir die moderne leser te oorbrug, wel moontlik is.

Daar is verskeie voorbeelde in die res van die Nuwe Testament en die Bybel as geheel waar die wêreldkennis van die oorspronklike lesers en dié van die moderne leser drasties verskil. Dit is vir die moderne leser onmoontlik om koherensie te verkry tussen dit wat in die teks staan en dit wat hy/sy as moderne leser as voorkennis het. Die professionele vertaalkundige wat gewoonlik net by vertaling van tekste in moderne tale betrokke is, deel die wêreldkennis van die moderne leser en dit is bykans onmoontlik vir hom/haar om sodanige gevalle te identifiseer. Dit is juis dan wanneer noue samewerking

tussen die kenner van die antieke brontaal en -kultuur en die professionele vertaalkundige van groot waarde kan wees.

Die voorbeelde word hanteer in die volgorde waarin hulle in die Nuwe-Testamentiese kanon voorkom.

3.7.1. Geskenke van die wyse manne Matt. 2: 11

Die goud, wierook en mirre wat die wyse manne as geskenke vir Jesus gebring het, is wel tot 'n meerdere of mindere mate aan die moderne leser bekend. Die vraag ontstaan egter of die moderne leser uit sy/haar kulturele agtergrond en wêreldkennis dieselfde waarde aan hierdie geskenke heg as die lesers van die bronteks.

Vir die lesers van die bronteks het die geskenke ook 'n simboliese betekenis gehad wat deur die kultuurgaping vir die moderne leser nie toeganklik is nie. In die Bybelse tyd was goud, soos vandag ook nog, baie kosbaar. Vir die arm mense was dit egter geheel en al onmoontlik om goud te besit - dit was net vir konings en baie ryk mense beskore. Wierook is deur die priesters gebruik wanneer hulle offers gebring het. Mirre, gemeng met asyn, is gebruik om pyn te verlig en is ook gebruik om dooie liggame mee te salf (Beers, 1981: 333).

In ooreenstemming met die skopos van 'n vertaling wat ook bykomende kulturele inligting aan die leser wil bied, kan hierdie kultuurinligting aan die moderne leser gegee word deur die volgende vertaling van Matt. 2: 11:

Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wat weens die kosbaarheid daarvan net vir konings en rykes beskore was; wierook, wat by die bring van offers gebruik is; en mirre, wat as pynstiller en vir die salwing van dooie liggame gebruik is.

3.7.2. Fluitspelers by Jaïrus se huis Matt. 9: 23

In die weergawe van die genesing van die dogtertjie van Jaïrus in Matt. 9: 18-26 word daar genoem dat toe Jesus by Jaïrus se huis gekom het daar fluitspelers was en 'n klomp

mense wat te kere gegaan het. Om dié hele prentjie te kan verstaan, moet die moderne mens bewus gemaak word van die hele roukultuur van die Bybelse tyd.

Die dood was nie 'n stil, stemmige gebeurtenis nie. Sodra iemand gesterf het, was daar onmiddellik 'n openbare uiting van rou en smart deur die familie, bure en vriende. Dit was ook glad nie vreemd dat professionele roubeklaers gehuur is om deel te neem aan die rouseremonie nie. In die Matteus-evangelie word genoem dat hierdie roubeklaers ook fluitspelers ingesluit het. Die fluit is die instrument wat die algemeenste by begrafnisse gebruik is met die fluitspelers wat agter die begrafnisstoet aangeloop het (Beers, 1981: 408; Coleman, 1984: 246; Thompson, 1986: 92).

Die moderne leser van die Bybel wat nie vertrou is met hierdie gebruike tydens die dood en begrafnis nie, sal heel moontlik nie verstaan wat die rol van die fluitspelers in die verhaal is nie. Die referensiële funksie van hierdie gedeelte kan egter uitgebrei word om ook aan die moderne leser die agtergrond te gee wat die oorspronklike leser in elk geval gehad het. Hierdie opsie is ook deur Berger en Nord gevolg (DNT, 1999: 590).

So 'n vertaling van Matt. 9: 23 kan dan as volg lui:

Toe Hy die fluitspelers sien wat reeds daar was vir die begrafnis, en die mense wat te kere gaan, sê Hy: "Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net."

3.7.3. Dra van bruilofsklere Matt. 22: 11

Vir die Jode was 'n bruilof 'n belangrike feesgeleentheid; die feesviering kon maklik 'n week of langer aangehou het. Familielede het van ver af gekom om so 'n geleentheid by te woon en vriende en bure is almal genooi (Coleman, 1984: 89). Twee stelle uitnodigings is uitgestuur: eers 'n vroeë uitnodiging en dan later wanneer alles gereed was vir die fees, die finale uitnodiging. Vir 'n genooide om so 'n uitnodiging te weier, was onvergeeflik. Dit was ook onvergeeflik om nie reg aangetrek, met ander woorde met die spesiaal voorbereide huweliksklere, by die huwelik op te daag nie (Thompson, 1986: 89). In sommige gevalle het die gasheer selfs die gaste van die nodige bruilofsklere voorsien.

In die evangelies word daar op 'n paar plekke van bruilofte melding gemaak. Hier sou die oorspronklike lesers van die Bybel persoonlike ervaring van die gebruike en tradisies om die bruilofte van daardie tyd gehad het. Vir die leser uit 'n ander tyd en 'n ander kultuur kan sekere gebeure egter uiters vreemd en onverklaarbaar voorkom.

In Matt. 22: 1-14 is die gelykenis van die bruilof opgeteken. Vir die oorspronklike lesers sou die beskrywing van hierdie bruilof, van die uitstuur van die slawe met die finale uitnodiging toe alles gereed was, tot die gasheer se ontsteltenis toe sommige genooies gekom het sonder die spesiale bruilofsklere, glad nie vreemd voorgekom het nie. Die moderne leser het egter nie hierdie kennis nie.

In Berger en Nord se vertaling van Matt. 22: 11 (DNT, 1999) wil hulle veral die moderne leser inlig oor die gebruik met betrekking tot die dra van spesiale bruilofsklere en die feit dat die gasheer moontlik in hierdie geval, omdat die gaste van die strate af gebring is, aan hulle bruilofsklere verskaf het. Hier het die vertalers egter na interpretasie beweeg - daar is nie in die teks self enige aanduiding dat die koning wel sulke bruilofsklere beskikbaar gestel het nie. Hulle vertaling van Matt. 22: 11 lui daarom as volg:

Dann kam der König herein, um seine Gäste kennenzulernen, und erblickte einen Mann, der von dem in der Garderobe angebotenen Festgewand keinen Gebrauch gemacht hatte, sondern in Alltagskleidung dasass.

(Toe het die koning binnegekam om sy gaste te ontmoet, en hy sien toe 'n man wat nie van die feesklere gebruik gemaak het wat deur die klerevoorraad aangebied is nie, maar met sy gewone klere daar sit.)

Die kultuurvreemdheid kan egter wel in 'n mate vir die moderne leser opgehef word deur net te beklemtoon dat die bruilofsklere "spesiale" klere was, anders as gewone alledaagse klere. 'n Vertaling van Matt. 22: 11-12 wat hierdie dimensie aan die moderne leser oordra, kan as volg lui:

Toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar 'n man wat nie die spesiale feesklere aan het nie, en hy sê vir hom: "Vriend, hoe het jy hier ingekom met jou gewone klere aan?"

3.7.4. Die mense bring siekes ná sonder na Jesus toe Mark. 1: 32

In die Joodse godsdiens duur die Sabbatdag van sonder Vrydagaand tot sonder Saterdag. Vir alle praktiese doeleindes is die Sabbat verby sodra die son Saterdag ondergaan, en die streng reëls van wat toelaatbaar is op die Sabbatdag en wat nie, geld dan nie meer nie. Na sonder op die Sabbatdag kon mense vryelik rondbeweeg.

Die lesers van die oorspronklike Bybelse teks sou die vertelling in Markus 1 daarom glad nie vreemd gevind het nie. Daar word vertel hoe Jesus die Sabbatdag in Kapernaum deurgebring het deur onder andere na die sinagoge te gaan en daar te preek. Die inwoners van Kapernaum was dus wel deeglik van sy teenwoordigheid bewus. Hulle het egter gewag tot ná sonsondergang en toe eers "het die mense al die siekes en dié wat in die mag van duiwels was, na Hom toe gebring" (NAV. Mark. 1: 32). Die leser van vandag wat nie die sabbatswette ken nie, kan hierdie optrede vreemd vind.

Hierdie vreemde optrede kan vir die moderne leser verstaanbaar gemaak word deur Mark. 1:32 as volg aan te pas:

Toe dit aand geword het en die son al onder was en die reëls vir die Sabbatdag nie meer gegeld het nie, het die mense al die siekes en dié wat in die mag van duiwels was, na Hom toe gebring.

3.7.5. Aansit by die tafel Luk. 7: 36-38

In die Palestina van die Nuwe-Testamentiese tyd was dit die gewoonte, volgens die Grieks-Romeinse gebruik, om tydens formele maaltye langs die tafel te lê (*recline*) eerder as om regop te sit. Die gasheer en sy gaste het op lae banke om die tafel gelê met hulle bolywe op hulle linkerelmoë gestut met die regterhand los om mee te eet. Hulle lywe het diagonaal oor die lae bank gelê met die voete wat na agter toe gewys het (*Harper's Bible Dictionary*, 1985, s.v. 'meals').

Die moderne leser vir wie hierdie lêende posisie aan tafel heeltemal vreemd is, kan probleme hê om gebeure te verstaan wat veronderstel dat die leser 'n kennis van hierdie posisie van eet het. 'n Voorbeeld hiervan is te vinde in die beskrywing in Luk. 7:

36-38 van die vrou wat Jesus se voete met olie kom salf het tydens die maaltyd aan huis van Simon, die Fariseër. Daar word beskryf hoe Jesus sy plek aan die tafel inneem en die vrou dan agter hom gaan staan en huil sodat haar tranes op sy voete drup. Dan vees sy sy voete met haar hare af en salf dit met reukolie.

Die moderne leser, vir wie 'n plek aan 'n tafel inneem "gaan sit" beteken, sal nie begryp hoe die vrou wat agter Jesus staan by sy voete kon uitkom nie. In die GNB byvoorbeeld word selfs pertinent gesê dat Jesus gaan sit het: "... Jesus went to his house and sat down to eat" (GNB. Lukas 7: 36). In vers 38 van hierdie vertaling word dan sonder enige verdere verduideliking gemeld dat die vrou "... stood behind, Jesus, by his feet, crying and wetting his feet with her tears" (GNB. Lukas 7:38). Die vertaler kan egter die kulturele inligting aan die leser bied om hierdie skynbare weerspreking op te klaar.

Berger en Nord verskaf die nodige kulturele inligting in vers 37 en 38. Dit lui dan as volg:

. . . nahm sie ein Fläschchen mit kostbaren Salböl und erschien plötzlich weinend am Fussende des Polsters, auf dem Jesus lag.

(. . . *het sy 'n flessie met kosbare salfolie geneem en skielik al huilend aan die voetenent van die bank waarop Jesus gelê het, verskyn . . .*)

Hierdie uitweg kan ook in 'n Afrikaanse vertaling gevolg word. Volgens Luk. 7: 36 in die NAV "neem Jesus sy plek aan tafel in" wat ook voorsiening maak vir "gaan lê aan die tafel". Vers 37 en 38 kan dan as volg lui:

Sy bring toe 'n albaste flessie met reukolie en gaan staan en huil agter Jesus by die voetenent van die bank waarop Hy lê . . .

3.7.6. Geldwisselaars op die tempelplein Joh. 2: 14

In Joh. 2: 13-22 word vertel hoe Jesus per geleentheid die tempel gereinig het van die geldwisselaars en die verkopers van beeste, skape en duiwe. Vir die moderne leser is dit weereens moeilik om die gedeelte te verstaan sonder die nodige kulturele agtergrond.

Die tempelplein was die voorhof van die tempel waar die vroue en die nie-Jode moes aanbid. Hierdie ruimte is in beslag geneem deur die verkopers van offerdiere en die

geldwisselaars. Hierdie geldwisselaars het die vreemde geld van almal wat vir die Pasga na Jerusalem toe gekom het, omgeruil vir Joodse geld. Volgens die Joodse wette was hierdie vreemde geld onrein en kon die tempelbelasting net met "rein" Joodse geld betaal word. Besoekers aan die tempel is gedwing om van hulle gebruik te maak (Vosloo & Van Rensburg, 1993: 1589).

Die kulturele inligting kan vir die moderne leser toeganklik gemaak word. Hier sou moontlike redes vir Jesus se woede, naamlik weens die geldwisselaars se oneerlikheid of die steurnis op die plek van aanbidding van die vreemdelinge en vroue, op interpretasie neerkom (sien par. 3.2). In hierdie geval is die doel egter om *net* die kulturele agtergrond te gee en Joh. 2: 14 kan dan as volg lui:

Op die tempelplein, waar die vreemdelinge en vroue moes aanbid, het hy die verkopers van offerdiere soos beeste, skape en duiwe gesien en die geldwisselaars wat daar gesit het om vreemde geld om te ruil vir die Joodse geld waarmee die tempelbelasting betaal moes word.

3.7.7. 'n Sabbatsreis Hand. 1: 12

Wanneer die moderne leser die Bybel lees, kan onverklaarde kulturele verwysings tot gevolg hê dat so 'n leser nie op die boodskap konsentreer nie, maar eerder wonder oor 'n spesifieke onverklaarde begrip. 'n Voorbeeld hiervan is te vinde in Hand. 1: 12 waar die begrip "sabbatsreis" genoem word. Die bestaande vertalings wat geraadpleeg is, gee aan die leser 'n aanduiding dat hierdie afstand nie ver is nie, maar geen verduideliking word vir die gebruik daarvan gegee nie.

NAV: Dit is die Olyfberg, vlak by die stad, 'n sabbatsreis ver.

OAV: . . . van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, 'n sabbatsreis ver.

GNB: . . . from the Mount of Olives, which is about a kilometre away from the city.

NBV: . . . van de Olijfberg terug na Jerusalem. Deze berg ligt vlak bij de stad, op geringe loopafstand.

In hierdie vertalings kry die moderne leser óf geen verduideliking oor waar hierdie sabbatsreis vandaan kom nie, óf die woord word heeltemal omskryf en die begrip "sabbatsreis" word heeltemal weggelaat. Die oorspronklike leser sou natuurlik geen

verduideliking nodig gehad het nie. In die Joodse kultuur was die voorskrifte vir wat op die Sabbatdag toelaatbaar was en wat nie, baie streng. Daar het dan ook duidelike voorskrifte bestaan oor watter afstand op 'n Sabbat afgelê mag word. Hierdie afstand, wat in der waarheid net minder as 'n kilometer was, is 'n sabbatsreis genoem.

In die DNT word hierdie inligting as volg in die vertaling van Hand. 1: 12 ingesluit:

. . . vom Ölberg, der nicht weiter von der Stadt entfernt ist, als man am Sabbat gehen darf, nach Jerusalem . . .

(. . . van die Olyfberg, wat nie verder van die stad af weg is as wat 'n mens op die Sabbat mag gegaan het nie . . .)

In die Afrikaanse vertaling van Hand. 1: 12 kan hierdie inligting as volg aan die moderne leser gegee word:

Daarna het hulle van die Olyfberg af teruggegaan na Jerusalem toe. Dié berg was naby die stad - omtrent so ver as wat die Jode op die Sabbat mag gereis het.

3.7.8. Pinksterfees Hand. 2:1

Vir die moderne leser wat nie vertrou is met die Joodse feesdae nie, kan die verwysing na die Pinksterfees in Hand. 2: 1 verwarrend wees. In die Christelike tradisie word "Pinkster" as sodanig as 'n Christelike fees gesien waarop die Kerk die uitstorting van die Heilige Gees vier. In Hand. 2: 1 word egter vertel dat die dissipels en andere "op die dag van die Pinksterfees bymekaar was" (NAV), met ander woorde dié dag het reeds voor die uitstorting van die Heilige Gees die naam gehad.

Die oorspronklike lesers van die boek Handeling sou nie hierdie verwarring ervaar het nie. Dit was deel van hulle leefwêreld om te weet dat hierdie "Pinksterdag" verwys het na die reeds bestaande Joodse Pinksterfees wat vyftig dae na die pasgafees plaasgevind het. Hierdie fees is ook die oesfees genoem en was een van die drie belangrikste feeste van die jaar. Die doel met die fees was om vir die Here dankie te sê vir die oeste wat ingesamel is (Coleman, 1984: 222; Vosloo & Van Rensburg, 1993: 1651).

Hierdie verwarring kan opgelos word deur die invoeging van bykomende kulturele inligting. Berger en Nord het in hulle vertaling (DNT) 'n taamlike breedvoerige verduideliking gegee:

. . . am fünfzigsten Tag nach dem Passahfest, dem jüdischen Pfingstfest . . .
(. . . *op die vyftigste dag na die pasgafees, die Joodse Pinksterfees . . .*)

'n Soortgelyke oplossing kan ook in die Afrikaanse vertaling gebruik word. Die Afrikaanse vertaling van Hand. 2: 1 kan dan as volg lui:

Toe die dag van die Joodse Pinksterfees, die vyftigste dag na die pasgafees, aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.

3.7.9. Die vertaling van geldeenhede

Reeds van die vroegste tye af is een of ander vorm van geld gebruik wanneer mense vir een of ander item of diens moes betaal. In die Nuwe Testament kom daar ook verskeie verwysings na verskillende geldvorme voor.

Sommige vertalers volg die weg om hierdie geldeenhede in moderne terme weer te gee. Hulle wil dus aan die moderne leser 'n idee gee wat die waarde van die geld in moderne terme is. Voorbeelde hiervan is te vinde in Matt. 18: 24 waar die amptenaar se skuld as "miljoene rand" in die NAV, "millions of pounds" in die GNB en "ten million dollars" in die LB weergegee word.

Volgens Thompson (1986: 167) kan hierdie metode verskeie probleme oplewer. Eerstens kan die moderne waardes in elk geval maar net benaderings wees omdat die antieke geldwaardes van plek tot plek en tyd tot tyd verskil het. Geldwaardes verander in die moderne wêreld ook so gou dat die waardes wat met die vertaling van die Bybel gegeld het dalk oor 'n paar jaar nie meer in pas is nie. Om 'n spesifieke geldeenheid te gebruik maak ook die spesifieke vertaling net gepas vir 'n spesifieke moderne land - die "dollars" van die LB is byvoorbeeld vreemd vir die lesers van die Bybel in Suid-Afrika.

Die geldeenheid wat wel volgens die bronteks in Matt. 18: 24 ter sprake is, is die sogenaamde "talent" en wel tienduizend daarvan. Die talent was nie 'n werklike muntstuk

nie, maar 'n geldwaarde (Beers, 1981: 437). Die vertaler kan hierdie inligting aan die moderne leser deurgee deur die volgende vertaling van Matt. 18: 24:

Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat 'n geweldige groot bedrag geskuld het, tienduisend talente in waarde.

'n Ander geldeenheid kom ter sprake wanneer die Fariseërs Jesus probeer uitvang met 'n vraag oor die belasting aan die keiser. Volgens Matt. 22: 19 in die NAV sê Jesus aan die Fariseërs dat hulle vir hom 'n muntstuk moet bring waarmee die belasting betaal word. Vir die oorspronklike lesers sou hierdie opdrag heel vanselfsprekend gewees het; hulle het immers die voorkennis gehad dat die belasting aan die keiser net met 'n Romeinse muntstuk, die sogenaamde denarius, betaal kon word. Jesus se volgende vraag sou ook nie vir hulle vreemd gewees het nie, want hulle het geweet dat hierdie muntstuk die kop van die keiser op die een kant gehad het. (Die Joodse munte het, in nakoming van die gebod oor beelde, geen afbeelding op gehad nie.)

Die moderne leser beskik egter nie oor hierdie kennis nie en die vertaler is in die posisie om hierdie inligting te verskaf. Hierdie gedeelte kan vir die moderne leser meer verstaanbaar gemaak word en Matt. 22: 19 kan dan as volg lui:

"Wys vir my die muntstuk waarmee die belasting betaal moet word." Hulle bring toe die Romeinse muntstuk, 'n denarius, vir Hom.

3.8. Samevatting

In die voorafgaande is 'n paar gedeeltes in hoofsaaklik die verhalende boeke van die Nuwe Testament bespreek waar die kultuurvreemdheid van die Bybelse wêreld dit vir die moderne leser moeilik maak om die Bybelse verhale volledig te verstaan. In sommige gevalle, soos in die geval van die fluitspelers by die huis van Jaïrus en die geldwisselaars op die tempelplein, kan bykomende inligting die moderne leser help sodat die gebeure in die verhaal vir hom/haar sin maak. In ander gevalle kan die bykomende inligting help dat die leser van die Bybelvertaling dieselfde funksie vir die teks kan aflei as wat die oorspronklike lesers daarvan afgelei het, soos in die geval van die beskrywing van die Nuwe Jerusalem waar die bykomende inligting die moderne leser toelaat om ook 'n appellatiewe funksie aan die teks te heg.

Die doel van hierdie toeligting is daarom nie om die leser in 'n spesifieke interpretasie te lei nie; die bykomende inligting is bloot 'n poging om aan die moderne leser dieselfde kennis oor die kulturele wêreld van die Bybel te gee as wat die oorspronklike lesers gehad het sodat die leser van die vertaling self die teks kan interpreteer soos wat die oorspronklike lesers dit gedoen het. Hierin wil die vertaler, spesifiek in die geval van Bybelvertaling, lojaal bly aan die bedoeling van die oorspronklike skrywer en die funksie (en interpretasie) wat hy/sy wou hê sy/haar lesers aan die teks moes toeken.

'n Klomp fluitspelers by die huis van iemand wat gesterf het en 'n vrou wat by 'n tafel agter Jesus staan maar tog ook by sy voete, sal nog steeds vir die moderne leser vreemd voorkom. Maar met die bykomende inligting is hierdie vreemdheid egter 'n "verstaanbare vreemdheid".

Uit die voorbeelde deur Nord bespreek en die voorbeelde wat in die NAV geïdentifiseer is, blyk dit dat dit wel moontlik is om die kulturele agtergrond van die Bybelse wêreld vir die moderne leser te probeer oopmaak sonder om terselfdertyd die moderne leser na 'n spesifieke interpretasie te lei. Soos uit die voorbeelde blyk, kan hierdie verduidelikende toeligting in die meeste gevalle deur die byvoeging van 'n enkele woord of 'n frase aan die moderne leser beskikbaar gestel word.

In 'n empiriese ondersoek (sien hoofstuk 4) is getoets of ingeligte Afrikaanssprekende Bybellesers wel positief sou wees oor 'n Bybelvertaling wat nie die Bybel interpreteer nie, maar bykomende kulturele inligting verskaf om die kulturele gaping tussen die Bybelse wêreld en die moderne wêreld te oorbrug. Hierdie bykomende inligting kan die leser van die Bybelse teks in 'n moderne eietydse konteks help om die kulturele vreemdhede beter te verstaan.

Die proefvertalings wat in die ondersoek gebruik is, was aangepaste gedeeltes uit die NAV volgens die beginsels van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling met die bykomende inligting as deel van die teks self. Die voorbeelde wat in die empiriese ondersoek gebruik is, word in par. 3.7.2 en 3.7.6 behandel.

4. 'n Empiriese ondersoek na die behoefte aan 'n funksionalistiese vertaling van die Bybel

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen oor die uitvoering van 'n empiriese ondersoek. Die doel van die ondersoek word uiteengesit en 'n spesifieke teikengroep word geïdentifiseer. Sien par. 4.1.

Die samestelling van die vraelys word bespreek (sien par. 4.2), en die resultate word uiteengesit (sien par. 4.3 en fig. 4.2 en 4.3).

In 'n bespreking van die resultate van die vraelys word aandag gegee aan die invloed van ouderdom en geslag van die respondente op die resultate (sien par. 4.4.1) en die respondente se identifisering van waar hulle sodanige vertaling met bykomende kulturele inligting sou wou gebruik (sien par. 4.4.2).

In die samevatting word die waarde van die ondersoek in perspektief geplaas. Daar word ook aanbevelings gemaak oor die moontlikheid om in 'n opvolgondersoek respondente se voorkeure te toets met betrekking tot waar bykomende inligting in 'n Bybelvertaling aangebied moet word, hetsy in die teks self of bloot as voetnotas. Sien par. 4.5.

4.1. *Doel van ondersoek en identifisering van teikengroep*

Die doel van hierdie empiriese ondersoek was om vas te stel of ingeligte Afrikaanssprekende Bybellesers positief sou wees oor 'n Bybelvertaling wat nie die Bybel interpreteer nie, maar wel bykomende kulturele inligting verskaf om die kulturele gaping tussen die Bybelse tyd en die moderne tyd te oorbrug. Met die byvoeging van hierdie inligting kan lesers gehelp word om die kultuurvreemdheid van die Bybel as antieke teks te oorbrug sodat hulle sonder kennis van die brontaal of -kultuur die dieper betekenis van die Bybel kan ontdek. Die vertaling wat in hierdie ondersoek gebruik is, was 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling met bykomende kulturele inligting as deel van die teks.

As teikengroep in hierdie ondersoek is meer volwasse Christene wat gereeld self Bybelstudie doen en/of as kategete in hulle onderskeie gemeentes werk, gekies. Ook studente en jong werkendes wat gereeld Bybelstudie doen, is by hierdie teikengroep ingesluit. Die vraelys is daarom aan persone in vier ouderdomsgroepe voorgelê, naamlik 15-25 jaar, 26-40 jaar, 41-60 jaar en 61-75 jaar.

Die Afrikaanssprekende gemeenskap wat die Bybel in Afrikaans lees en bestudeer, is ook nie net tot die geloofsgemeenskap van die drie tradisionele Afrikaanse susterkerke beperk nie. Die respondente van hierdie vraelys het persone uit verskillende kerklike tradisies en bevolkingsgroepe ingesluit.

Aangesien die teikengroep vir sodanige vertaling van die Bybel duidelik gedefinieer is as volwasse Christene wat gereeld Bybelstudie doen en/of betrokke is by kategete in hulle onderskeie gemeentes, is die vraelys voorgelê aan persone wat aan hierdie kriteria voldoen. Waar dit wel gebeur het dat persone aangedui het dat hulle nie Bybelstudie doen en/of kategete is nie, is die vraelyste nie in ag geneem by die verwerking van resultate nie.

4.2. Samestelling van vraelys

In die vraelys (sien par. 4.6) word twee gedeeltes uit die Nuwe Testament, waarin daar onverklaarde kulturele elemente voorkom, aan die respondente voorgehou. Die betrokke teksgedeelte word eers soos dit in die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) verskyn aan die respondent gegee. Direk daarna volg dieselfde gedeelte maar met as deel van die teks self 'n kort verduideliking van die kultuurvreemde konsep of woord. Die vraag is aan die respondente gestel of hulle die betrokke woord of gedeelte beter verstaan het met die verduideliking daarby. Die oorsprong van die twee vertalings word nie aan die respondente bekend gemaak nie. Die twee gedeeltes wat gebruik is, word volledig in par. 3.5.2 en par. 3.5.5 bespreek.

Die respondente moes aandui of hulle daarvan sou hou as daar so 'n vertaling in Afrikaans beskikbaar sou wees wat hierdie bykomende kulturele inligting in die vertaling bevat. Die vraag is juis so gestel dat die respondente nie sou voel dat hulle 'n keuse maak vir die enigste beskikbare Afrikaanse vertaling nie. Hulle moes ook aandui waar hulle so 'n vertaling sou wou gebruik. Omdat die gewone Bybelleser nie noodwendig daaraan dink waar hy/sy 'n spesifieke vertaling gaan gebruik nie, is voorbeelde van

gebruik aan die respondente gegee soos byvoorbeeld by Bybelstudie of kategese of in 'n erediens.

Respondente moes ook op die vraelys aandui wat hulle geslag is en tot watter een van die genoemde ouderdomsgroepe hulle behoort. Om die teikengroep duidelik te definieer, is die respondente ook gevra om aan te dui of hulle kategete is en/of gereeld Bybelstudie doen.


4.3. Resultate uit vraelys

Die vraelys is aan 51 respondente voorgelê en hiervan het 34 aan die vooropgestelde kriteria voldoen, met ander woorde respondente het "ja" geantwoord by die vraag of hulle kategete is en/of gereeld Bybelstudie doen. Die resultate van die empiriese ondersoek berus op resultate verkry vanaf hierdie 34 respondente.

Respondente was oorweldigend ten gunste van 'n vertaling wat aan hulle bykomende kulturele inligting verskaf het. Van die 34 respondente het 31 persone of 91% aangedui dat hulle wel van 'n vertaling met die bykomende inligting sou hou.

Die verdeling van die respondente in die verskillende ouderdomsgroepe was as volg: ses respondente in die groep 15-25 jaar (vier vroulik en twee manlik); ag respondente in die groep 26-40 jaar (twee vroulik en ses manlik); sewentien respondente in die groep 41-60 jaar (nege vroulike en ag manlik) en drie respondente in die groep 61-75 jaar (al drie vroulik). Vir 'n skematiese voorstelling van hierdie inligting kan figuur 4.1 geraadpleeg word.

Respondente wat ten gunste van sodanige vertaling was, moes ook aandui waar hulle so 'n vertaling sou wou gebruik. Die oorgrote meerderheid van die respondente (99%) het aangedui dat hulle so 'n vertaling sou wou gebruik wanneer hulle Bybelstudie doen. Ag respondente (24%) sou so 'n vertaling by kategese wou gebruik. Daar moet egter hier daarop gelet word dat al die respondente nie noodwendig by kategese betrokke is nie. Enkele respondente sou dit ook in die erediens wou gebruik. Vir 'n skematiese voorstelling van hierdie inligting kan figuur 4.2 geraadpleeg word.



Figuur 4.1 Geslag en ouderdom van respondente

4.4. Bespreking van resultate

Hoewel die empiriese ondersoek klein in omvang was, kan daar tog sekere afleidings uit die resultate gemaak word. Aangesien die respondente almal tot 'n baie spesifieke teikengroep behoort het, kan daar ook afleidings gemaak word met betrekking tot die behoeftes van hierdie spesifieke groep, naamlik die volwasse Christen wat gereeld Bybelstudie doen en/of by kategetiese betrokke is, en wat werklik 'n behoefte daaraan het om die boodskap van die Bybel te ervaar soos wat dit die bedoeling van die oorspronklike skrywer (en Skrywer) was.

4.4.1. Ouderdom en geslag

Uit die resultate van hierdie ondersoek blyk dit dat daar nie 'n verskil is in die behoefte aan sodanige Bybelvertaling wat aan 'n spesifieke geslag of ouderdomsgroep gekoppel kan word nie. Alhoewel die grootste deel van die respondente in die


ouderdomsgroep 41-60 jaar geval het, het die ander drie ouderdomsgroepe nie ander behoeftes en voorkeure gereflekteer nie.

Daar kan dus afgelei word dat volwasse Christene wat self Bybelstudie doen en/of kategete is wel 'n behoefte het aan 'n Bybel waar hulle bewus gemaak kan word van die kulturele verskille sodat hulle die boodskap van die Bybel beter kan verstaan. Hierdie Bybellesers het self nie 'n kennis van die brontale van die Bybel nie en het ook nie kennis van die kultuur van die Bybelse tyd nie. Daar is egter by hulle die behoefte om die Bybel in sy oorspronklike konteks te kan verstaan en diepgaande studie te kan doen oor die waarhede van die Bybel en die betekenis van die Bybel vir die oorspronklike lesers maar ook vir die lesers van vandag.

4.4.2. Gebruike van 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling van die Bybel

In die vraelys moes die respondente wat wel van 'n Bybel met bykomende inligting as deel van die vertaling self sou hou, aandui waar hulle so 'n Bybel sou wou gebruik. Die respondente het duidelik laat blyk dat die behoefte aan so 'n vertaling juis bestaan in situasies waar hulle werklik die Bybel in al sy fasette wil en moet bestudeer, soos by persoonlike Bybelstudie, Bybelstudie in groepe en by kategete se voorbereiding en aanbieding van kategese. Uit die meeste respondente se antwoorde het dit geblyk dat die bykomende inligting wat die kulturele vreemdhede verklaar het, hulle gehelp het om die betrokke gedeeltes beter te verstaan.

Slegs enkele van die respondente het aangedui dat hulle so 'n vertaling ook in die erediens sou gebruik. Hoewel die vraag nie direk was of hulle dink dat so 'n vertaling geskik sou wees vir 'n erediens nie, kan 'n mens tog aflei dat die ernstige Bybelleser besef dat die persoon wat voorgaan in 'n erediens wel die nodige kennis van die brontaal en -kultuur het en daarom die nodige toeligting in 'n preek of bespreking van 'n spesifieke teksgedeelte sou kon gee.



Figuur 4.2 Gebruike van funksionalistiese vertaling

4.5. Samevatting

Die omvang van hierdie empiriese ondersoek was te klein om enige statistiese afleidings te maak of om verteenwoordigende resultate op te lewer. Dit was egter tog moontlik om vanuit die oorweldigende positiewe reaksie van die geïdentifiseerde teikengroep vir 'n vertaling wat bykomende kulturele inligting verskaf, af te lei dat 'n vertaling met bykomende kulturele inligting wel positief onder die meer volwasse Christen wat gereeld Bybelstudie doen en/of kategese gee, ontvang sou word.

In 'n verdere ondersoek sou die vraelys uitgebrei kon word om voorsiening te maak vir meer kommentaar van respondente. 'n Soortgelyke vraelys sou ook aan 'n breër spektrum respondente voorgelê kon word. Dit sou ook van waarde wees om aan respondente die geleentheid te gee om aan te dui wat hulle besware, indien enige, teen sodanige vertaling is. Sodanige insette sal dit vir Bybelwetenskaplikes en -vertalers makliker kan maak om die behoeftes van die gewone lesers in ag te neem by die voorbereiding van 'n vertaling van die Bybel.

Dit was duidelik uit die vraelys dat die respondente wel 'n behoefte het aan bykomende kulturele inligting. Dit sou van waarde kon wees om in 'n opvolgvraelys te probeer vasstel wat Bybellesers se voorkeure sou wees oor waar hierdie bykomende inligting in 'n vertaling aangebied moet word. Respondente sou dan gevra kon word om 'n voorkeur aan te dui tussen bykomende inligting soos in die dokumentêr-eksotiserende vertaling aangebied of bykomende inligting soos in 'n direkte vertaling (sien par. 2.5) in voetnotas.

In die empiriese ondersoek is slegs met teksfragmente gewerk. Dit is 'n vereenvoudiging van die ware opset in die Bybel. Die ware betekenis van 'n spesifieke gedeelte kan soms slegs verkry word as daar na 'n hele hoofstuk of die Bybelboek in die geheel gekyk word. Hoewel die empiriese ondersoek 'n vereenvoudiging van die problematiek om die verstaan van die Bybel is, het dit tog aangedui dat die gewone ondersoekende leser van die Bybel 'n behoefte het aan bykomende inligting om die wêreld waarin die Bybel geskryf is en die geskrewe teks self beter te verstaan.

4.6. Voorbeeld van vraelys

Vraelys

Onderzoek gedoen deur CS Basson as deel van 'n tesis vir die graad M Phil (Vertaling)
aan die Universiteit van Stellenbosch

U ken sekerlik die verhaal van hoe Jesus die dogtertjie van Jaïrus uit die dood opgewek het. Lees asseblief die twee weergawes van Matt. 9:23 en beantwoord die vraag.

- Daarna het Jesus by die huis van die raadslid gekom. Toe Hy die fluitspelers sien en die klomp mense wat te kere gaan, sê Hy: "Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net."
- Daarna het Jesus by die huis van die raadslid gekom. Toe Hy die fluitspelers sien wat reeds daar was vir die begrafnis en die klomp mense wat te kere gaan, sê Hy: "Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net."

Het die verduideliking van die rol van die fluitspelers u gehelp om die gedeelte beter te verstaan?

Antwoord (Ja/Nee):

Die verhaal van Jesus se reiniging van die tempel is sekerlik goed aan u bekend. Lees asseblief die twee weergawes van Joh. 2:14 en beantwoord die vraag.

- Op die tempelplein het Hy die verkopers van beeste, skape en duiwe gekry en die geldwisselaars wat daar sit.
- Op die tempelplein het Hy die verkopers van beeste, skape en duiwe gekry en die geldwisselaars wat daar gesit het om vreemde geld om te ruil vir die Joodse geld waarmee die tempelbelasting betaal moes word.

Het die verduideliking oor die rede vir die aanwesigheid van die geldwisselaars u gehelp om die gedeelte beter te verstaan?

Antwoord (Ja/Nee):

Sou u daarvan hou as daar in Afrikaans 'n Bybel beskikbaar sou wees wat, soos hierbo, addisionele agtergrondsinsigting bevat?

Antwoord (Ja/Nee):

Indien u antwoord "ja" is, wanneer sou u so 'n Bybel wou gebruik (bv. in die erediens, by Bybelstudie, by kategeese)?:

Gebruik die agterkant van die bladsy vir enige addisionele kommentaar.

Persoonlike insigting van respondēt

Geslag (Manlik/Vroulik):

Ouderdomsgroep:

15-25 jaar

26-40 jaar

41-60 jaar

61-75 jaar

Is u 'n kategeet en/of doen u gereeld Bybelstudie? (Ja/Nee):

5. Samevatting en vooruitskouing

In hierdie hoofstuk word eerstens op die gewone Bybelleser se behoefte aan bykomende inligting gefokus (sien par. 5.1).

Die teoretiese benaderings wat van toepassing is op Bybelvertaling word kortliks saamgevat en beoordeel (sien par. 5.2), en die voordele wat 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling bied, word uitgewys (sien par. 5.3). Die wyer toepassing van die funksionalistiese benadering in Bybelvertaling word aangetoon (sien par. 5.4).

Die waarde van die empiriese ondersoek word beoordeel (sien par. 5.5).

Die besondere uitdagings wat die vertaling van die Ou Testament bied, word erken (sien par. 5.6). Samewerking tussen brontaal en –kultuurkenners en vertaalteoretici word uitgewys as 'n werkbare oplossing vir die problematiek van die groot temporele en kulturele gapings wat daar by Bybelvertaling tussen die bronteks en die doelteks bestaan (sien par. 5.7).

In 'n vooruitskouing word voorsien dat dokumentêr-eksotiserende vertalings ook elders toepassing kan vind (sien par. 5.8).

Ten slotte word daarop gewys dat die funksionalistiese benadering wel 'n rol te speel het, nie alleen in Bybelvertaling met behoud van die status van die bronteks nie, maar ook in 'n wyer toepassing van beide instrumentele én dokumentêre vertalings. Sien par. 5.9.

5.1. *Behoeftes van gewone Bybellesers*

Gewone Bybellesers, met ander woorde lesers sonder kennis van die brontale en die leefwêreld van die Bybelse tyd, is so gewoon aan die taalgebruik en formulerings van die Bybelvertaling wat hulle normaalweg gebruik dat hulle bo-oor verstaanprobleme (koherensieprobleme) lees. Sommige gedeeltes "klink" wel mooi en reg omdat dit so bekend is; as die leser egter gaan nadink dan besef hy/sy dat daar gedeeltes is wat nie sin maak nie of net bloot onverstaanbaar is. Hierdie gaping tussen wat die leser lees en

wat hy/sy daarvan verstaan kan grootliks toegeskryf word aan moderne lesers se gebrekkige kennis van die omvattende konteks waarin die Bybel geskryf is, wat dan ook die kultuurwêreld van die Bybelse tyd insluit.

Persone wat gereeld Bybelstudie doen, is geneig om vrae te vra oor gedeeltes wat hulle nie verstaan nie en sal ook die moeite doen om ander bronne en kommentare te raadpleeg om onduidelikhede op te klaar. Dit is tog moontlik dat ander lesers van die Bybel - of dit nou minder volwasse Christene is of mense waarna maar nog net uitgereik word met die Christelike evangelie - ook van moontlike kultuurverskille bewus sou wou wees sodat hulle sekere gedeeltes beter kan verstaan. Dit is juis van belang dat die jong Christen of selfs die persoon wat nog nie 'n Christen is nie die appellatiewe boodskappe vanuit die Bybel kan kry. Selfs in die oorspronklike teikengroep was daar sekerlik lesers van die Bybelse geskifte wat nie volwasse Christene was nie en ook nodig gehad het om spesifiek die appellatiewe boodskap van die Bybel te hoor.

Kultuurinligting oor die Bybelse wêreld is nie so maklik om op te spoor nie. Daar is talle bronne beskikbaar, maar die inligting is verspreid en dit is moeilik om dit aan 'n spesifieke gedeelte in die Bybel te koppel. By sommige vertalings word algemene inligting in 'n voorwoord of in 'n gebruikersonvriendelike woordelys aan die einde van die Bybel gegee. Die moderne leser is baie keer nie eers daarvan bewus dat daar bykomende kulturele inligting is wat 'n gedeelte vir hom/haar verstaanbaarder sal maak nie.

Die meeste bronne konsentreer ook op eksegeese en die interpretasie van die teologiese waarhede; kulturele inligting word meesal terloops genoem. Hier kan as voorbeeld gekyk word na die gebrek aan kulturele inligting by die verklarings wat drie algemeen beskikbare kommentare oor Joh. 20: 11 gee. In die *Bybellennium* (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 1367) is die kommentaar oor die huilende Maria as volg: "In Joh. 20: 11 word die normale optrede beskryf van iemand wat oor 'n dooie rou." In die *Verklarende Bybel* (Van Zyl, 1989: 147) word as volg oor die betrokke aksie kommentaar gelewer: "[E]n, tipies Oosters, huil sy baie hard." In *Die evangelie van Johannes* lewer Groenewald (1980: 399) die volgende kommentaar: "Maria bly by die graf waar sy in droefheid huil."

In 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling van die Bybel wat bykomende kulturele inligting aan die leser bied, is dit moontlik om bogenoemde probleem aan te spreek. In dié benadering word juis klem gelê op die funksie wat 'n spesifieke teks vir die lesers

daarvan het - of dit nou 'n teks in die Nuwe-Testamentiese tyd is of 'n vertaling van hierdie teks in 'n taal van lesers in die wêreld van die een-en-twintigste eeu. Deur dit die doel van 'n vertaling te maak om bykomende kulturele inligting waar moontlik in die vertaling self aan die moderne leser beskikbaar te stel, kan die boodskap van die bronteks net soveel duideliker aan die doelteksleser oorgedra word.

5.2. *Gevolgtrekkings vanuit die literatuurondersoek*

In hierdie tesis is ondersoek ingestel na die teoretiese onderbou van die funksionalistiese benadering in vergelyking met ander teoretiese raamwerke wat in Bybelvertaling gebruik is en gebruik word, en hoe hierdie benadering prakties toegepas kan word in die vertaling van die Nuwe Testament in Afrikaans.

Uit die literatuur blyk dit dat die geskiedenis van Bybelvertaling nou verweef is met die geskiedenis van vertaling as sodanig. Vir Hieronimus was daar reeds die dilemma tussen woord-vir-woord en betekenis-vir-betekenis toe hy die Bybel in Latyn vertaal het. Hierdie debat het deur die eeue geheers en het eers werklik 'n teoretiese grondslag gekry in die vyftigerjare van die vorige eeu toe Nida (1964) sy teorie van vertaling begin ontwikkel het. 'n Groot motivering vir Nida om hierdie teorie te ontwikkel was sy betrokkenheid by Bybelvertaling.

Hy het voorgestel dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen formele ekwivalensie en dinamiese ekwivalensie (later genoem funksionele ekwivalensie) en dat die Bybel dan volgens die beginsel van dinamiese ekwivalensie vertaal word (Nida & Taber, 1969: 24). Hierdie onderskeid het egter in gebreke gebly om aan die vertaler 'n duidelike riglyn te gee wat hy/sy voor oë kon hou en waarvolgens alle tipes vertalings aangepak kon word. In die geval van Bybelvertaling het dit gelei tot vertalings wat aan die een kant soms die vreemdheid van die bronteks sonder verduideliking behou het en aan die ander kant die bronteks soms so vereenvoudig en gemoderniseer het dat die moderne leser ontnem is van die rykheid en diepte van die oorspronklike Bybelse teks. Sien par.2.2.

Hierdie gebreke in die teorie van Nida het daartoe gelei dat ander teoretiese benaderings ondersoek is. Hierdie soeke na 'n nuwe teorie het saamgeval met die ontwikkeling van nuwe insigte oor die hele proses van kommunikasie. Daar is veral gelet op die belangrike rol van die konteks waarin die kommunikasie plaasvind en die kulturele agtergrond van die individue wat betrokke is by die kommunikasie.

Uit die literatuur blyk dit dat die vertaalteoretici wat vernuwend na 'n teorie van vertaling gesoek het, dan ook begin het deur die proses van kommunikasie te ondersoek. Holz-Mänttari (1984), Reiss en Vermeer (1984) en Nord (1991b) het vertaling in die funksionalistiese benadering as interaktiewe kommunikasie beskryf met die vertaler as die tussenganger wat die gaping tussen die kommunikatiewe handeling in die brontaal en -kultuur en die potensiele kommunikatiewe handeling in die doeltaal en -kultuur moet oorbrug. Sien par. 2.3.

Gutt (1991; 2000) het die relevansie-teorie van Sperber en Wilson (1986) gebruik om vertaling te beskryf. Hy onderskei tussen indirekte vertaling wat hy as interpretatiewe vertaling sien en direkte vertaling wat probeer om die presiese woorde van die oorspronklike skrywer weer te gee. Volgens hom kan 'n Bybelvertaler in die direkte vertaling voldoen aan die leser se verwagting dat al die veronderstellings van die oorspronklike teks behoue gebly het in die vertaling. Hy staan die gebruik van voetnotas voor om aan die leser die nodige agtergrondinligting te gee. Sien par.2.5.

5.3. *Funksionalisme as teorie vir Bybelvertaling*

Die funksionalistiese benadering tot Bybelvertaling het reeds toepassing gevind in die vertaling van die Nuwe Testament in Duits (DNT, 1999). Hierdeur het Berger en Nord aangetoon dat die funksionalistiese benadering tot vertaling ook 'n brontekstgetroue produk kan lewer met die skopos om die kultuurvreemdheid vir die moderne leser te probeer verhelder.

In hierdie vertaling was die definiëring van 'n teikengroep en die vasstelling van 'n duidelike skopos vir hulle van groot belang. In artikels waarin hulle hierdie vertaling bespreek (Nord, 2002: 103; Berger & Nord, [S.a.]), gee hulle duidelike uiteensettings van wie hulle spesifieke teikengroep is asook 'n motivering vir die keuse van dié spesifieke groep. Hulle stel ook duidelik wat die skopos van die spesifieke vertaling is, naamlik om die vreemdheid van die antieke bronteks vir die moderne leser (in die teikengroep) verstaanbaar te maak deur die invoeging van bykomende kulturele inligting of deur die eksplisering van handeling wat uit die kulturele opset van die Nuwe-Testamentiese tyd spruit.

In hierdie tesis is ook ondersoek ingestel na die aanwending van hierdie skopos, soos deur Berger en Nord gedefinieer vir hulle vertaling (DNT, 1999), in 'n funksionalistiese vertaling van die Bybel in Afrikaans vir 'n teikengroep wat in 'n groot mate ooreenstem met die teikengroep soos deur Berger en Nord gedefinieer. 'n Aantal gedeeltes is in die Nuwe Testament (NAV) geïdentifiseer waar verwag is dat bykomende kulturele inligting die ondersoekende Bybelleser sou help om die spesifieke gedeelte beter te verstaan. Omdat die doel in hierdie geval was om bykomende kulturele inligting aan die leser te verskaf, is 'n verskeidenheid bronne geraadpleeg wat spesifiek op die kulturele wêreld van die Bybelse tyd fokus.

Uit die onderskeie voorbeelde kan gesien word dat hierdie bykomende inligting in die meeste gevalle aan die leser verskaf kon word deur die invoeging van 'n verduidelikende frase (sien par.3.6 en 3.7). Uit 'n praktiese oorweging sou sodanige vertaling dan nie soveel meer teks bevat as 'n ander vertaling, soos die NAV, nie.

Dit spreek natuurlik van self dat dit nie moontlik is om deur hierdie spesifieke skopos die volledige konteks van die Bybel, waarvan die kultuur net 'n onderafdeling is, vir die moderne leser as't ware "oop te maak" nie. Selfs diegene wat vandag oor alle moontlike kennis van die brontaal en die antieke Bybelse wêreld beskik, sal hulleself nooit volkome na die wêreld kan verplaas waarin die verskillende tekste van die Bybel oorspronklik geskep is nie.

Daar is ook gevalle waar daar soveel belangrike en beskikbare bykomende inligting oor 'n spesifieke gedeelte is dat dit nie bloot deur die invoeging van inligting in die vertaling self aan die leser van vandag deurgegee kan word nie. In die DNT (1999) het Nord en Berger juis in sommige gevalle hierdie probleem teëgekome en dan van voetnotas gebruik gemaak.

Die waarde van bogenoemde benadering is egter tog daarin geleë dat dit aan die ondersoekende Bybelleser bykomende inligting gee wat hom/haar kan help om die Bybelse boodskap beter te verstaan.

5.4. *Funksionalistiese vertalings van die Bybel met ander skopoi*

Die funksionalistiese benadering tot vertaling bied natuurlik ook die moontlikheid om ander skopoi en ander teikenlesers te identifiseer. Dit kan ook 'n skopos insluit wat

ten doel het om aan 'n spesifieke teikenlesergroep 'n suiwer dokumentêr-eksotiserende vertaling (sien paragraaf 2.3.6) te bied wat van die leser verwag om die bykomende kultuurinligting of ander kontekstuele inligting in 'n voetnota of kantaantekeninge te kry. Dit sou egter die lesersvriendelikheid van sodanige vertaling skerp laat afneem. 'n Voordeel van so 'n werkswyse sou egter wees dat daar dan die moontlikheid sou bestaan om ook inligting oor die groter konteks van die Bybel (wat die kultuur insluit) aan die moderne leser te bied. Hierdie tipe vertaling sal dan ooreenstem met die direkte vertaling soos deur Gutt (1991; 2000) beskryf. Sien par. 2.5.

Met Bybelvertaling is dit belangrik om die subjektiewe teorieë of verwagtinge van die lesers daarvan in aanmerking te neem (Nord, 2001: 192). Die Bybelleser het sekere subjektiewe verwagtinge wanneer hy/sy die Bybel lees. Hierdie verwagtinge se ontstaan kan teruggevoer word na konvensies wat mettertyd ontstaan het ten opsigte van wat 'n "goeie" Bybelvertaling is en aan watter voorwaardes so 'n vertaling moet voldoen. So is dit vir die meeste volwasse Christene wat die Bybel lees baie belangrik om te weet of die teks wat hulle lees wel in die oorspronklike brontekste voorkom en of dit byvoegings/interpretasies van die vertaler bevat. 'n Manier waarop hierdie probleem oorbrug kan word in die funksionalistiese benadering wat die kultuurinligting as deel van die teks self aan die leser bied, is om 'n maklik-uitkenbare notasiestelsel aan die leser te verskaf waarvolgens hy/sy sodanige invoegings kan identifiseer.

So kan ronde hakies byvoorbeeld gebruik word om aan te toon dat die betrokke frase bykomende kultuurinligting bevat wat die oorspronklike skrywer aangeneem het dat sy lesers in hulle oorspronklike konteks sou hê. In die geval van die gedeelte oor die geldwisselaars op die tempelplein wat in par. 3.7.6 bespreek is, sou die frases "waar die vreemdelinge en vroue moes aanbid" en "om vreemde geld om te ruil vir die Joodse geld waarmee die tempelbelasting betaal moes word" dus tussen ronde hakies geplaas word.

Vierkantige hakies sou byvoorbeeld gebruik kon word in gevalle waar die bykomende inligting berus op wêreldkennis waaroor die oorspronklike skrywer sou aanneem dat sy lesers beskik, maar wat nie implisiet in die teks is nie. Hier kan na die voorbeeld wat Berger en Nord aanhaal (DNT, 1999: 25) en wat in par. 3.6.3 bespreek word, gekyk word. Die frase "voll Trauer über die Gotteslästerung" word hier tussen vierkantige hakies geplaas.

5.5. Waarde van die empiriese ondersoek

Net soos in die geval van Berger en Nord ([S.a.]) was die hipotese dat dit die ernstige volwasse Christen is wat 'n behoefte sou hê om bewus gemaak te word van die kulturele gaping wat daar tussen die Bybelse wêreld en die moderne wêreld bestaan en bykomende inligting sou verwelkom. In 'n empiriese ondersoek waarin hierdie teikenlesers as respondente gebruik is, is gedeeltes uit die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans (NAV) saam met die ooreenstemmende gedeelte waarby bykomende kulturele inligting verskaf is, aan respondente voorgelê. Die skopos van hierdie gewysigde vertalings was om die kultuurvreemdheid van die Bybelse teks vir die moderne leser te oorbrug sonder om 'n interpretasie van die brontekste aan die lesers te gee.

Die reaksie van die respondente was oorweldigend ten gunste van sodanige bykomende inligting. Dit blyk daarom dat daar ook in die Afrikaanse vertaling van die Bybel die ruimte bestaan vir die aanwending van 'n funksionalistiese benadering wat die kultuurgaping vir die moderne leser oorbrug. Hierdie ondersoek kan dan wel van waarde wees as 'n voorondersoek in die gebruik van funksionalisme in Bybelvertaling.

Deur die empiriese ondersoek is wel getoon dat ernstige lesers 'n behoefte het aan bykomende inligting wanneer hulle die Bybel lees. Hierdie behoefte kan egter ook insluit dat hulle die bykomende kulturele inligting van waarde vind, maar tog ook van die groter konteks van die Bybelse teks bewus gemaak wil word. In hierdie ondersoek is slegs fragmente uit Bybelgedeeltes gebruik; die ondersoek het dus nie antwoorde gekry of hierdie teikengroep ook van die groter konteks van die Bybel bewus gemaak sal wil word nie.

Die ingeligte leser se behoefte aan bykomende inligting kan sekerlik ook op ander maniere bevredig word. In 'n meer omvattende ondersoek kan respondente byvoorbeeld gevra word om 'n keuse uit te oefen tussen die funksionalistiese benadering soos dit in hierdie empiriese ondersoek toegepas is of 'n vertaling wat volgens die beginsels van die direkte vertaling bykomende inligting in voetnotas aan die leser verskaf.

5.6. Moontlike probleme met die vertaling van die Ou Testament

In hierdie tesis en in die vertaling van Berger en Nord (DNT, 1999) is uitsluitlik na die vertaling van Bybelse geskrifte uit die Nuwe-Testamentiese tyd gekyk. Die doel van die vertaling was telkens om waar moontlik die kulturele vreemdheid van die Bybelse tyd vir die moderne leser te oorbrug. Die bronteks van die Nuwe Testament het ontstaan gedurende 'n tydperk van ongeveer honderd jaar wat gestrek het van Jesus se geboorte tot by die skryf van die Openbaring van Johannes in ongeveer 95 n.C. Gedurende hierdie tyd was Grieks reeds goed gevestig as 'n wêreldtaal - dermate dat Paulus sy briewe oorspronklik in Grieks geskryf het – en die kulturele agtergrond en wêreldkennis van die teikenlesers van die bronteks was relatief homogeen oor die hele tydperk.

In die geval van die Ou Testament dateer die geskrifte egter uit 'n tydperk in die geskiedenis wat strek van ongeveer 2 000 v.C. tot ongeveer 400 v.C. (Vosloo & Van Rensburg, 1993: xii). In hierdie bykans sestien eeue het die geskiedenis van die volk Israel telkens radikale veranderinge ondergaan. Die nomadiese groepie mense in die tyd van Abraham (in ongeveer 1800 v.C.) het gegroei tot 'n volk in slawerny in Egipte wat na die bevryding uit die slawerny vir bykans 40 jaar deur die woestyn moes trek om uiteindelik in die beloofde land, Israel, uit te kom. In die volgende paar eeue is die geskiedenis van die volk gekenmerk deur oorloë, vermenging met ander volke en tydperke van ballingskap in Babilon.

In die geval van die Nuwe-Testamentiese geskrifte is dit meestal moontlik om die kultuurgaping met 'n enkele verklarende sinsnede te oorbrug. By die Ou-Testamentiese geskrifte is die kultuurgaping in die meeste gevalle egter so geweldig groot dat baie meer agtergrondskennis nodig is vir die moderne leser om die kultuurvreemdheid te verstaan en op so 'n manier te interpreteer dat dit tot verstaanbare vreemdheid kan lei.

Reeds in die tyd van Nehemia was dit al nodig om vir diegene aan wie die Bybelse geskrifte voorgelees is bykomende inligting te gee om die gaping in taal en kultuur van die tyd van die heel oudste geskrifte en die taal en kultuur van Nehemia se tyd te oorbrug. So staan daar dan in Neh. 8: 8 (NAV) geskryf:

Die Leviete het uit die boek, uit die wet van God, voorgelees en dit uitgelê. Hulle het die betekenis weergegee sodat die mense kon verstaan wat geles word.

Die daarstelling van 'n funksionalistiese vertaling van die Ou Testament met die skopos om die kultuurvreemdheid te oorbrug, sal dus heelwat meer kompleks wees as in die geval van die Nuwe Testament. Dit sal moontlik nodig wees om heelwat meer van voetnotas gebruik te maak wat die groter en meer uitgebreide konteks aan die moderne leser kan verduidelik. Die gedeelte hierbo uit Nehemia sal byvoorbeeld 'n nota moet bevat wat aan die moderne leser verduidelik dat die volk in Nehemia se tyd nie meer die Hebreeus van die oorspronklike wette van God kon verstaan nie omdat hulle tydens die ballingskap in Babilonië Aramees as gebruikstaal aanvaar het.

5.7. *Samewerking tussen brontaalkenners en vertalers*

By vertaling in die algemeen is dit noodsaaklik dat die vertaler 'n breedvoerige kennis van beide die brontaal en -kultuur en die doeltaal en -kultuur het. Vermeer het dit dan juis ook onomwonde gestel dat die vertaler in die vertaalproses die ekspert moet wees ten opsigte van die bron- en die doeltaal en die kulture waarin hulle voorkom (Vermeer, 1998: 43). Vertalers wêreldwyd kán hierdie soort ekspertkennis en -vermoë hê. Dit is nie ongewoon dat 'n persoon wat as vertaler opgelei is in staat is om van meer as een taal- en kultuurgroep sodanige kennis te dra nie. In die tegnologiese era waarin ons leef waarin kommunikasie so maklik en vinnig geword het, is dit ook vir 'n vertaler moontlik om sonder te veel moeite die nodige taal- en/of kultuurinformasie van 'n ander moderne taal- en kultuurgroep te bekom.

In die geval van Bybelvertaling is die werklikheid egter anders. Dit gebeur selde dat dieselfde persoon wat as vertaler opgelei is, ook genoegsame kennis van die brontaal en -kultuur het. Die vertaler sal hoogstens die vermoë hê om vertalings in ander moderne tale ter vergelyking te lees. So is die teenoorgestelde ook waar: die kenner van die brontale en -kulture van die Bybelse geskrifte sal wel die vermoë hê om die brontale te verstaan maar nie oor die nodige teoretiese onderbou beskik om 'n goedgefundeerde vertaling in watter moderne taal dan ook daar te stel nie.

Hierdie tekortkoming in die vertaling van die Bybel is juis deur Berger en Nord ([S.a.]) geïdentifiseer. Deur hulle vertaling van die Nuwe Testament in Duits het hulle gewys dat daar 'n effektiewe manier is om die kennis van die brontaalkenner en die kennis van die vertaler te kombineer.

Vir so 'n samewerking tussen 'n vertaler en 'n brontaalkenner sou dit nodig wees dat daar 'n baie duidelike **skopos** vir die vertaling gestel word. In die samewerking tussen die twee kenners moet daar duidelik uiteengesit word watter rol interpretasie in die vertaling as sodanig gaan/moet speel. Een van Berger en Nord se duidelike riglyne was om kulturele inligting aan die leser van die moderne vertaling beskikbaar te stel. Hier moet egter daarop gelet word dat dit vir hulle nie om die interpretasie van hierdie kulturele inligting gegaan het nie - die moderne leser moes nog steeds self die spesifieke gedeelte verstaan en interpreteer. Die kulturele informasie was bloot die hulpmiddel om 'n korrekte interpretasie te kan maak (met ander woorde volgens die bedoeling van die oorspronklike skrywer wat die leefwêreld van die oorspronklike lesers in ag geneem het).

Die brontaalkenner en die vertaler sal ook 'n duidelike beleid moet formuleer ten opsigte van die invoeging van teks-interne interpretasies, die invoeging van teks-interne kulturele inligting, en die invoeging van teks-eksterne kulturele inligting en wêreldkennis van die oorspronklike lesers. In hierdie geval kan geleer word by die Bybelwetenskaplikes en vertalers van die Nieuwe Bijbelvertaling. Hulle het 'n werkswyse voorgestel wat hulle beskryf as *bronteksgetrou* en *doeltaalgerig*. Volgens hierdie vertaalmetode word sake wat eie is aan die Hebreeuse, Aramese of Griekse tale, met ander woorde, taalkenmerke, vertaal met Nederlandse taalkenmerke. Sake wat daarenteen eie is aan die spesifieke bronteks, met ander woorde, tekskenmerke, word as sodanig sigbaar behou (*Werk in uitvoering*, 1998: 204). Hulle sal byvoorbeeld die herhaling van die frase "Rut, die Moabitese vrou" in die boek Rut behou omdat dit eie is aan die spesifieke bronteks.

5.8. Vooruitskouing

In hierdie tesis is gefokus op die invoeging van bykomende kulturele inligting om die Bybelse teks vir die moderne leser meer toeganklik te maak. Nord identifiseer egter ook 'n gebrek aan interne koherensie as 'n probleem wanneer moderne lesers sin moet maak uit die vertaalde bronteks waar woorde wat koherensie verskaf implisiet in die bronteks voorkom maar nie deur die vertaling oorgedra word nie (Berger & Nord: [S.a.]). In 'n vertaling wat die doel het om hierdie probleem te oorkom, sal dit beteken dat implisiete verbindingswoorde in die vertaling ingevoeg sal word sodat die leser van die vertaling as 't ware die draad van die verhaal of argument kan volg. Hierdie aspek is nie hier ondersoek nie. In 'n verdere studie sou aan hierdie aspek aandag gegee kon word; dit sou egter 'n kennis van die brontekstaal vereis om hierdie implisiete verbindingswoorde te kan aflei.

Nord en Berger het as sekondêre gebruikers van hulle vertaling van die Nuwe Testament lesers ingesluit wat nie noodwendig tot die Christelike geloof behoort nie, maar tog belangstel in die vertaling van antieke geskifte soos onder andere die Bybel (Nord, 2002: 103). In die empiriese ondersoek in hierdie tesis is sodanige groep nie as respondente oorweeg nie. Dit kan interessant wees om in 'n verdere studie ondersoek in te stel na die moontlikheid of so 'n vertaling ook vir hierdie groep van waarde kan wees.

Daar bestaan natuurlik ook antieke religieuse tekste in ander gelowe, byvoorbeeld geskifte soos die *Koran* in die geval van die Islamitiese geloof en die *Torah* in die geval van die Joodse geloof. 'n Verdere ondersoek kan gedoen word om vas te stel of die oorbrugging van die kulturele gaping ook in die geval van hierdie tekste vir die moderne leser kan lei tot "verstaanbare vreemdheid".

In hierdie tesis is daar uitsluitlik gefokus op die gebruik van die dokumentêr-eksotiserende vertaling by die vertaling van die Nuwe Testament. In 'n verdere ondersoek sou gekyk kon word hoe hierdie benadering gebruik kan word om voorsiening te maak vir die vertaling van die geskifte van die Ou Testament. Soos reeds genoem (par. 5.6), word daar egter voorsien dat die veel kompleksere konteks waarin die Ou Testament geskryf is besondere uitdagings aan 'n vertaling volgens hierdie benadering sal stel.

5.9. Slotwoord

Deur die eeue heen was dit vir Christene belangrik om te wete te kom wat God vir hulle in sy Woord wil sê. Die geskiedenis van die vertaling van die Bybel getuig van hierdie soeke wat feitlik altyd twee kante gehad het. Aan die een kant wou die vertalers graag die woorde van die Bybel vir die lesers daarvan duidelik maak. Maar aan die ander kant was daar altyd die vrees dat die oorspronklike woorde wat deur God geïnspireer is op die verkeerde manier by die lesers sou uitkom met byvoegings en interpretasies wat op menslike oordeel berus het.

In hierdie tesis is die funksionalistiese benadering tot vertaling van toepassing gemaak op die vertaling van die Bybel. In die toepassings is gefokus op die gebruik van hierdie benadering in die vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Die doel met hierdie spesifieke benadering is om uiteindelik 'n *dokumentêr-eksotiserende vertaling* daar te stel. Hierdie benadering probeer nie om die vreemdheid van die antieke teks van die Bybel weg te vertaal nie en probeer ook nie om die woorde van die antieke teks vir die moderne mens te vereenvoudig en te moderniseer nie. Die terme **eksotiserend** en **dokumentêr** dui juis daarop dat die vertaalde teks nog steeds herkenbaar moet wees as iets vreemds en dat die vertaling 'n presiese weergawe van die oorspronklike moet wees, sonder interpretasies deur 'n vertaler. Wat wel ingesluit is in hierdie benadering is bykomende kulturele inligting wat aan die leser van vandag die geleentheid gee om in 'n groter mate die vreemdheid van die Bybelse wêreld te oorbrug sodat hulle nader daaraan kan kom om net soos die oorspronklike lesers die rykdom en diepte van die Bybelse teks in al die fasette daarvan kan ervaar.

In hierdie tesis is aangetoon, soos in die hipotese gestel (sien par.1.1.1), dat funksionalisme wel 'n rol kan speel in Bybelvertaling. Hierdie aanwending van funksionalisme om 'n dokumentêre vertaling te skep wat die status van die bronteks in ag neem, het egter ook aangetoon dat die toepasbaarheid van die funksionalistiese benadering veel wyer is as bloot die daarstelling van instrumentele vertalings wat die bronteks bloot as 'n tipe model gebruik.

Met dié voorwaarde dat 'n spesifieke vertaling streng hou by 'n vooropgestelde skopos, is dit moontlik om die funksionalistiese benadering op alle vertaaltypes van toepassing te maak.

Binne hierdie benadering kan 'n vertaling wat funksioneel-ekwivalent is dan ook bestaansreg hê. Die skopos van so 'n vertaling sal wees om 'n vertaling daar te stel wat as sendinginstrument gebruik kan word (sien par. 2.2). Binne hierdie skopos het die vertaler byvoorbeeld dan die vryheid om te besluit wanneer dit nodig is om die vreemde kultuur van die Bybelse wêreld vir sy/haar doelleser te moderniseer en wanneer nie. Ook die direkte en indirekte vertaling soos deur Gutt gedefinieer (sien par. 2.5), kan as 'n spesifieke skopos vir 'n vertaling daar gestel word.

Literatuur

- Alpert, M. 1998. Torah translation. In: Baker, M (red.) *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge. 269-273.
- Bailey, KE. 1998. Guidelines for interpreting Jesus' parables. *Bibliotheca Sacra* 155: 29-38.
- Bascom, RA. 1991. Recognising the otherness of the text: avoiding accommodation in translation. *The Bible Translator* 42.3: 314-325.
- Beers, VG. 1981. *The Victor handbook of Bible knowledge*. Wheaton, Ill: Victor Books.
- Berger, K & Nord, C. [S.a.]. *Verstandene Fremdheit. Ein neuer Skopos für alle Texte* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.fachkommunikation.ha-magdeburg.de/dozenten/nord71.html> [2002, 12 Junie].
- Bühler, K. 1934. *Sprachtheorie: die Darstellungsfunktion der Sprache*. Jena: Gustav Fischer.
- Carroll, L. [S.a.]. *Alice in Wonderland, Through the looking glass and The hunting of the shark*. New York: The Modern Library.
- Carroll, L. 1965. *Alice se avonture in Wonderland*. Vertaal in Afrikaans deur André P Brink. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Chomsky, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax*. Cambridge, Mass: MIT Press.
- Coleman, WL. 1984. *Today's handbook of Bible times and customs*. Minnesota: Bethany House.
- Das Neue Testament und frühchristliche Schriften*. Vertaling en toeligting deur K Berger & C Nord. 1999. Frankfurt am Main & Leipzig: Insel.
- Deist, FE. 1993. Presuppositions and contextual Bible translation. *Journal of Northwest Semitic Languages* 19: 13-23.
- Deist, FE. 2000. *The material culture of the Bible*. Geredigeer deur RP Carroll. Sheffield: Sheffield Academic.
- Derickson, GW. 1996. Viticulture and John 15:1-6. *Bibliotheca Sacra* 153: 34-52.
- De Waard, J & Nida, EA. 1986. *From one language to another. Functional equivalence in Bible translating*. Nashville: Thomas Nelson.
- Die Boodskap*. Die Nuwe Testament vertaal in hedendaagse Afrikaans deur J van der Walt & S Joubert. 1996. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Bybel in Afrikaans*. 1953. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel. Nuwe vertaling*. 1983. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

- Dorn, LO. 1999. Untranslatable features in the David and Batsheba story (2 Samuel 11-12). *The Bible Translator* 50.4: 406-411.
- Ellingworth, P. 1998. Translating the language of leadership. *The Bible Translator* 49.1: 126-138.
- Ewert, D. 1983. *A general introduction to the Bible. From ancient tables to modern translations*. Michigan: Academie.
- Fawcett, P. 1997. *Translation and language: linguistic approaches explained*. Manchester: St Jerome.
- Gentzler, E. 1993. *Contemporary translation theories*. Londen: Routledge.
- Goodenough, WH. 1964. Cultural anthropology and linguistics. In: Hymes, D (red.) *Language in culture and society: a reader in linguistics and anthropology*. New York: Harper & Row. 36-40.
- Good News Bible. Today's English Version*. 1977. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Groenewald, EP. 1980. *Die evangelie van Johannes*. Kaapstad: NG Kerk.
- Gutt, E-A. 1990. A theoretical account of translation - without a translation theory. *Target* 2.2: 135-164.
- Gutt, E-A. 1991. *Translation and relevance: cognition and context*. Oxford: Blackwell.
- Gutt, E-A. 2000. *Translation and relevance: cognition and context*. Tweede uitgawe. Manchester: St Jerome.
- Harper's Bible Dictionary*. 1985. S.v. 'meals'. San Francisco: Harper & Row.
- HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 4e uitgawe. 2000. S.v. 'hoerery'. Midrand: Perskor.
- Hatim, B. 1997. *Communication across cultures: translation theory and contrastive textlinguistics*. Exeter: Exeter University Press.
- Hatim, B. 2001. *Teaching and researching translation*. Harlow: Longman.
- Hatim, B & Mason, I. 1990. *Discourse and the translator*. Londen & New York: Longman.
- Hatim, B & Mason, I. 1997. *The translator as communicator*. Londen & New York: Routledge.
- Holz-Mänttari, J. 1984. *Translatorische Handeln: Theorie und Methode*. Helsinki: Finse Akademie vir Wetenskap.
- House, J. 1986. Acquiring translational competence in interaction. In: House, J & Blum-Kulka, S (reds.) *Interlingual and intercultural communication. Discourse and*

- cognition in translation and second language acquisition studies.** Tübingen: Gunter Narr. 179-191.
- Kelly, LG. 1998. Latin tradition. In: Baker, M (red.) *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge. 493-503.
- Malina, BJ. 1993. *The New Testament World. Insights from cultural anthropology*. Revised edition. Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox.
- Ménacère, K. 1999. Linguistic acrobatics: translating a web of cultural connections. *Babel* 45.4: 345-354.
- Metzger, BM. 1993. Important early translations of the Bible. *Bibliotheca Sacra* 150: 35-49.
- Munday, J. 2001. *Introducing translation studies. Theories and applications*. Londen & New York: Routledge.
- Newmark, P. 1988. *A textbook of translation*: New York & Londen: Prentice-Hall.
- Nida, EA. 1964. *Towards a science of translation with special reference to principles and procedures involved in Bible translating*. Leiden: EJ Brill.
- Nida, EA. 1969. Science of translation. *Language* 45.3: 483-498.
- Nida, EA. 1998. Bible translation. In: Baker, M (red.) *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen & New York: Routledge. 22-28.
- Nida, EA & Taber, CR. 1969. *The theory and practice of translation*. Leiden: United Bible Society.
- Nord, C. 1991a. Scopus, loyalty, and translational conventions. *Target* 3.1: 91-109.
- Nord, C. 1991b. *Text analysis in translation. Theory, methodology, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*, vertaal uit Duits deur C Nord & P Sparrow. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, C. 1997a. *Translation as a purposeful activity. Functionalist approaches explained*. Manchester, VK & Northampton, Mass: St Jerome.
- Nord, C. 1997b. A functional typology of translation. In: Trosberg, A (red.) *Text typology and translation*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamin. 43-66.
- Nord, C. 2001. Loyalty revisited. Bible translation as a case in point. *The Translator* 7.2: 185-202.
- Nord, C. 2002. Bridging the cultural gap. Bible translation as a case in point. *Acta Theologica* 22.1: 98-116.
- Reiss, K. 1971. *Möglichkeiten und Grenzen der Übersetzungskritik*. München: Max Hueber.
- Reiss, K. 1983. Adequacy and equivalence in translation. *The Bible Translator* 34.3: 301-308.

- Reiss, K & Vermeer, H. 1984. **Grundlegung einer allgemeinen Translationstheorie**. Tübingen: Niemeyer.
- Sager, JC. 1998. What distinguishes major types of translation? *The Translator* 4.1: 69-89.
- Savory, T. 1957. **The art of translation**. Londen: Cape.
- Scollon, R & Scollon, SW. 1995. **Intercultural communication**. Massachusetts & Oxford: Blackwell.
- Sperber, D & Wilson, D. 1986. **Relevance: communication and cognition**. Oxford: Blackwell.
- The Living Bible**. Paraphrased. 1971. Wheaton, Ill & Londen: Tyndale House & Coverdale House.
- Thompson, JA. 1986. **Handbook of life in Bible times**. Leicester, Engeland & Downers Grove, Ill: Inter-Varsity.
- Toury, G. 1980. **In search of a theory of translation**. Tel Aviv: Porter Institute for Poetics and Semiotics.
- Toury, G. 1995. **Descriptive translation studies and beyond**. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamin.
- United Bible Societies** [Intyds]. 2000. Beskikbaar: <http://www.biblesociety.org>. [2002, 12 Oktober].
- Van der Merwe, CHJ. 1999. 'n Konkordante vertaling van die Bybel in Afrikaans. Is dit hoegenaamd verantwoordbaar, en hoe sal dit lyk? **Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif** 40.3/4: 293-306.
- Van der Merwe, CHJ. 2002. Persoonlike onderhoud. 25 Julie, Stellenbosch.
- Van Zyl, AH. 1989. **Verklarende Bybel (1983-vertaling)**. Kaapstad: Lux Verbi.
- Van Zyl, AH & Swanepoel, FA. 1972. **Waarom 'n nuwe Bybelvertaling?** Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Venuti, L. 1995. **The translator's invisibility: a history of translation**. Londen & New York: Routledge.
- Venuti, L. 1996. Translation as social practice: or, the violence of translation. In: Gaddis Rose, M (red.) **Translation horizons beyond the boundaries of translation spectrum**. Translation Perspectives IX 1996. A collection of essays situating and proposing new directions and major issues in translation studies. Binghamton, NY: State University of New York at Binghamton. 195-214.
- Vermeer, H. 1993. Skopos und Bibelübersetzung. **TEXTconTEXT** 8: 81-115.
- Vermeer, HJ. 1996. **A skopos theory of translation (Some arguments for and against)**. Heidelberg: TEXTconTEXT.

Vermeer, HJ. 1998. Starting to unask what translatology is about. *Target* 10.1: 41-68.

Vermeer, HJ. 2000. Skopos and commission in translational action. In: Venuti, L (red.) *The translation studies reader*. Londen & New York: Routledge. 221-232.

Vosloo, W & Van Rensburg, FK (reds.). 1993. *Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling)*. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

Vosloo, W & Van Rensburg, FK (reds.). 1999. *Die Bybellennium. Eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Walton, JH. & Matthews, VH. 1997. *The IVP Bible background commentary: Genesis-Deuteronomy*. Downers Grove, Ill: InterVarsity.

Weiss, PFD. 1990. *Feite en foute. Oor Bybeltekste en Bybelvertalings*. Kaapstad: Lux Verbi.

Wendland, ER. 1996. On the relevance of "Relevance Theory" for Bible translation. *The Bible Translator* 47.1: 126-137.

Werk in uitvoering. Eerste deelluitgaven van de [Nieuwe Bijbelvertaling] met verantwoording en toelichting. 1998. Haarlem & 's-Hertogenbosch: Nederlandse Bybelgenootskap & Katolieke Bybelstifting.

Williams, J & Chesterman, A. 2002. *The map. A beginner's guide to doing research in translation studies*. Manchester, VK & Northampton, Mass: St Jerome.

Wilss, W. 1982. *The science of translation. Problems and methods*. Tübingen: Gunter Narr.